

## **DOOPKATEGESE, DOOPONDERRIG EN IDENTITEITSVORMING**

deur

Eliska Muller

Ingedien as gedeeltelike vereiste vir die graad

MTh in Praktiese Teologie

in die

**FAKULTEIT TEOLOGIE**

by die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Studieleier:

Prof. Malan Nel

31 Augustus 2016

## VOORWOORD

Hierdie studie lê my baie na aan die hart, aangesien ek daagliks sien hoe mense, jonk en oud, sukkel om sin te maak van die gebroke wêreld waarin ons leef. Dis my begeerte om gesinne al meer hierin te kan begelei.

Ek wil daarom graag aan 'n paar persone erkenning gee wat 'n belangrike rol gespeel het in die proses van hierdie studie.

- In die eerste plek God Drie-enig wat my geroep het en die passie in my hart geplaas het om ander mense op hierdie pad te begelei.
- Prof. Malan Nel wat my geduldig begelei het en my hart deel in terme van hierdie studie.
- Jannie, vir jou aanmoediging, vertroue en motivering, baie dankie.
- Baie dankie vir my ouers wat my steeds aanmoedig en ondersteun.
- Vir NG Nelspruit-Westergloed wat my vertrou om hierdie pad saam met hulle te stap en my toelaat om hierdie passie uit te leef.
- Heleen du Plessis, vir versorging en ondersteuning.
- Vir die belydenisklas van 2015 en hul ouers wat bereid was om deel te neem aan die studie.

## OPSOMMING

Elke jaar wat 'n nuwe groep adolessente die belydenisjaar begin, word daar waargeneem dat sommige van hulle nie 'n sterk gevestigde geloofsidentiteit het nie. Hierdie waarneming word bevestig in onder andere gesprekke wat met hulle oor die doop gevoer word. Die navorsing vermoed dat baie ouers en adolessente 'n beperkte verstaan van die doop het, daarom leef hul nie vanuit die beloftes wat die doop in hul lewe waarborg nie. Ouers is veronderstel om hul kinders hierdie waarheid te leer. Die vraag het dus ontstaan of ouers toegerus is om hul kinders hierin te onderrig? Daar is besluit om na te vors of doopkategese, wat veronderstel is om ouers toe te rus vir die taak, wel voldoende is hiervoor. Hierdie probleemstelling word in hoofstuk 1 beskryf en 'n metode word geformuleer oor hoe die studie benader gaan word.

In hoofstuk 2 is gekyk na die doel en waarde van kategese in gesinne en gemeentes. Lering is 'n belangrike rol in mense se geloofsontwikkeling. Geloof, en daarmee dan ook 'n Christelike identiteit, kan nie slegs geleer word nie. Gelowiges behoort daarom begelei te word om geloof ook te beleef en uiteindelik te leef.

In die derde hoofstuk word aandag gegee aan die doop self en die betekenis daarvan. 'n Uiteensetting word gegee van hoe die Gereformeerde tradisie na die doop kyk. Dit sluit eerstens in dat gekies word om die doop as sakrament te sien, wat beteken God handel in die doop. Verder word die theologiese betekenis van die doop kortliks beskryf. Hier word ook aandag geskenk aan hoe die doop bydra tot identiteitsvorming by gelowiges.

In hoofstuk 4 word meer prakties gekyk na hoe ouers hul verbondsverantwoordelikhede behoort na te kom ten einde hulle kinders in geloofsontwikkeling te begelei. Daar is heelwat struikelblokke en uitdagings wat gesinne op hierdie pad beleef.

Die empiriese navorsing word in hoofstuk 5 weergegee. Die navorsing is kwalitatief gedoen deur gesprekke wat met NG Nelspruit-Westergloed se belydenisgroep van 2015 en hul ouers gevoer is. Die resultate bevestig die geldigheid van die navorsingsprobleem. Dit beteken die kerk het 'n ernstige taak op hande. In hoofstuk 6 word enkele suggesties gemaak oor hoe gesinne begelei kan word om met 'n sterker bewustheid vanuit die doop se betekenis te leef.

## ABSTRACT

Each year a new group of adolescents start the confirmation class and each year it is perceived that some of them do not have a strong faith identity. This is perceived during conversations about faith issues, including baptism. The researcher suspects that some parents and adolescents do not have a proper understanding of the meaning of baptism. This results in believers who cannot live according to the promises that baptism confirms in one's life. Parents are supposed to be the primary people to teach this truth to their children. Thus, the question comes to mind whether parents are able to do this? Therefore, the decision was made to look to baptismal catechesis to see if what is presented to parents are indeed enough to equip them for this important task. This research problem is seen in chapter 1 where the research method is also developed.

Chapter 2 focuses on the purpose and value of catechesis in the lives of families as well as in congregations. Teaching is a very important part in faith formation. However, faith and Christian identity cannot only be taught. Believers should be guided to also experience faith in order that it can also be lived.

In the third chapter the focus is on baptism itself as well as the meaning thereof. Firstly, the decision is made for baptism as a sacrament, rather than an ordination. Thereafter the theological meaning of baptism is described shortly. This chapter also explores how baptism contributes to faith formation.

Chapter 4 explores practical ways in which parents can be obedient to their promises in terms of the covenant God made with their children. It is seen in this chapter that there are many difficulties that families are faced with each day.

In chapter 5 the focus is on the empirical study that was conducted in the Dutch Reformed congregation Nelspruit-Westergloed. The adolescents in the confirmation class of 2015 and their parents took part in this qualitative study. The results confirm the validity of the research problem. Therefore a few suggestions are made in chapter 6 on how families can be guided to live with a better understanding of the meaning of baptism.

## KERN KONSEPTE

Doopkategese  
Doopgesprekke  
Geloofsvorming  
Geloofsidentiteit  
Identiteitsvorming  
Verbondsdoop  
Kinderdoop

## KEY TERMS

Baptismal catechesis  
Baptism teaching  
Faith formation  
Faith identity  
Identity formation  
Covenant baptism  
Infant baptism

## AFKORTINGS

BEM – Baptism, Eucharist and Ministry  
NAV – Nuwe Afrikaanse Vertaling

## VERKLARING

Ek verklaar dat die verhandeling wat ek vir die graad MTh in Praktiese Teologie aan die Universiteit van Pretoria indien, my eie werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan hierdie of 'n ander tersiêre instelling ingedien is nie.

---

Eliska Muller

31 Augustus 2016

## INHOUDSOPGawe

### HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 Navorsingstema	1
1.1.1 Wat wil ondersoek word?	1
1.1.2 Hoe is tot hierdie keuse gekom?	2
1.1.3 Waar gaan die grense getrek word?	2
1.1.4 Wat wil met die ondersoek bereik word?	3
1.1.5 Hoe pas hierdie studie in binne die veld van Praktiese Teologie?	3
1.1.6 Watter soort navorsing is hier ter sprake?	4
1.1.7 Wat is oor die onderwerp beskikbaar?	5
1.1.8 Wat is die relevansie van die navorsing?	5
1.2 Navorsingsprobleem en doelstellings	6
1.3 Konseptualisering	7
1.4 Metodologie	10
1.4.1 Taak 1: Deskriptief-empiriese taak	10
1.4.2 Taak 2: Interpretatiewe taak	12
1.4.3 Taak 3: Normatiewe taak	12
1.4.4 Taak 4: Pragmatiese taak	13
1.5 Navorsingshipotese	14
1.6 Samevatting	14

### HOOFSTUK 2: KATEGUMENAAT

2.1 Inleiding	16
2.2 Die ontstaan en ontwikkeling van die kategumenaat	16
2.3 Die doel van kategese	22
2.4 Die waarde van kategese in 'n gemeente	24
2.5 Samevatting	31

### HOOFSTUK 3: 'n TEOLOGIE VAN DIE DOOP

3.1 Inleiding	33
3.2 'n Gereformeerde teologie van die doop	33
3.3 Die doel en betekenis van die doop	36
3.4 Identiteitsvorming aan die hand van die doop	48
3.5 Samevatting	56

## HOOFSTUK 4: GELOOFSVORMING

4.1 Inleiding	57
4.2 Die rol en verantwoordelikheid van ouers	57
4.2.1 Ouers se eie geloofsgroei	57
4.2.2 Ouers se verbondsverantwoordelikheid	60
4.2.3 Kinders wat begelei word in geloofsontwikkeling	64
4.3 Uitdagings en struikelblokke	68
4.4 Samevatting	72

## HOOFSTUK 5: EMPIRIESE NAVORSING

5.1 Inleiding	73
5.2 Deskriktief-empiriese taak	73
5.2.1 Inleidend	73
5.2.2 Empiriese navorsing	75
5.2.2.1 Gesprekke met ouers van adolessente in die belydenisklas	75
5.2.2.2 Gesprekke met adolessente in die belydenisklas	81
5.3 Interpretatiewe taak	85
5.3.1 Gevolgtrekkings vanuit ouers se gesprekke	85
5.3.2 Gevolgtrekkings vanuit adolessente se gesprekke	89
5.4 Samevatting	91

## HOOFSTUK 6: PRAGMATIESE TAAK

6.1 Inleiding	92
6.2 Evaluerende opmerkings	92
6.3 Strategiese suggesties	92
6.4 Samevatting	95

## ADDENDA:

Addendum 1: Goedkeuring van navorsing: NG Nelspruit-Westergloed	96
Addendum 2: Toestemmingsbrief: Ouers	97
Addendum 3: Toestemmingsbrief: Adolessente	99
Addendum 4: Kwalitatiewe navorsingsvrae: Ouers	101
Addendum 5: Kwalitatiewe navorsingsvrae: Adolessente	102

BIBLIOGRAFIE	103
--------------	-----

## HOOFTUK 1

### INLEIDING

In hierdie eerste hoofstuk word met die deskriptief-empiriese taak (Osmer 2008:31) gewerk. Hier word uiteengesit wat die navorsingstema en -probleem is, sowel as hoe die studie benader gaan word.

#### 1.1 Navorsingstema

##### 1.1.1 Wat wil ondersoek word?

Wanneer ouers hul kinders neem om gedoop te word, ondergaan hul eers doopgesprekke of doopkategese. Hierdie gesprekke het ten doel om ouers te help verstaan wat die doel van die doop is in 'n persoon se lewe. Hul word verder geleer hoe belangrik hul rol as ouers is om hul kinders te leer wat die waarde van die doop in hul lewe is en wat die nuwe identiteit is wat daarmee gepaard gaan wanneer 'n persoon gedoop is. Die ouers word verder gehelp om te weet hoe hul dit prakties in hul kinders se lewens kan inbou.

Daar word egter ondervind dat baie adolessente teen die tyd wat hul in belydenisklas kom, beperkte verstaan het van hul doop, wat dit beteken en hoe om vanuit die nuwe identiteit te leef. Die vraag ontstaan dus waar die probleem ontstaan? Word ouers dan nie voldoende toegerus nie of neem ouers nie hul beloftes en verantwoordelikheid rondom die saak ernstig op nie? Daar is ook die moontlikheid dat kinders kan groot word in 'n huis waar ouers moeite doen met geloofsvorming, maar kinders nie belangstel daarin nie.

Die doel van hierdie studie is tweeledig:

- In die eerste plek is daar gekyk na ouers wie se kinders in 2015 in NG Nelspruit-Westergloed se Belydenisklas was. Daar is nagevors of die ouers doopkategese deurgegaan het met die doop van die betrokke kind. Indien wel, is daar verder gekyk watter impak, indien enige, die gesprekke op die ouers se lewens gehad het en op watter maniere ouers hul kinders opgevoed het aangaande dit wat hul geleer het.

- Die Belydenisgroep wie se ouers deelneem, het ook deel geneem aan die navorsing en daar is gekyk hoe die adolesente se geloofsidentiteit ontwikkel het, met oorweging van ouers se geloofsopvoeding.

### **1.1.2 Hoe is tot hierdie keuse gekom?**

Dit blyk dat sommige adolesente nie verstaan watter waarde die verbondsdoop in hul lewe het nie. Daar word vermoed dat indien ouers goed toegerus word en erns maak met die beloftes om hul kinders te onderrig in die waarde van die doop, adolesente 'n sterk Christelike identiteit kan ontwikkel. Daar wil in hierdie studie ondersoek ingestel word tot watter mate ouers wel erns hiermee maak, al dan nie, en hoe dit adolesente se lewens en geloofsidentiteit beïnvloed.

### **1.1.3 Waar gaan die grense getrek word?**

Hierdie studie val onder die Kategumenaat, met spesifieke fokus op geloofsvorming, wat 'n onderafdeling van Jeugbediening is. Dus is dit 'n studie in Praktiese Teologie.

Geloofsvorming en huisgeloof vorm die basis waar vanuit hierdie studie gedoen is, met 'n sterk klem op die doop. Wanneer ouers doopkategese deurgaan, en die doopbeloftes maak, is dit juis 'n verbintenis om hul kinders se geloof te vorm.

In die samelewing is die verwagting grotendeels dat die kerk en die skool hierdie taak moet verrig. Deesdae mag dit nie meer so blatant deur die skool gebeur nie en ouers verwag dat die omtrent 27 ure wat die kerk in 'n jaar op 'n formele manier saam met hul kinders spandeer, voldoende moet wees om 'n deeglike basis te skep. "Parents are the primary Christian educators in the church, and the family is the God-ordained institution for faith-building in children and youth and for the passing of faith from one generation to the next" (Freudenberg 1998:21).

Daar behoort sterk klem gelê te word by ouers om te verstaan dat hierdie rol in die eerste plek hul verantwoordelikheid is. Daar word vermoed dat ouers kan voel hulle is nie opgewasse hiervoor nie, omdat hulle self nie ontwikkel het in hul geloof nie. Hulle is nie deeglik gedissipel nie en het daarom heel moontlik self nie verder gegroei in hul geloof nie. Dus kan hulle dit dalk wel as belangrik ag, maar voel dalk hulle is nie bevoeg genoeg om hulle kinders te begelei nie. Die alternatief is ook moontlik, dat dit

eintlik nie 'n prioriteit is vir die ouers dat hulle of hul kinders moet ontwikkel in geloof nie.

Die fokus van hierdie studie is daarom juis om ouers te wil help om, wanneer hul deur doopkategese gegaan het, toegerus te wees om hierdie pad van geloofsvorming met hul kinders te stap.

Die studie word in die Nederduits Gereformeerde gemeente Nelspruit-Westergloed gedoen en die Belydenisklas van 2015 en hul ouers word hiervoor betrek.

#### **1.1.4 Wat wil met die ondersoek bereik word?**

Deur van Osmer se navorsingsmetode gebruik te maak, wil die studie uiteindelik kyk of ouers hul doopbeloftes nakom en hul kinders onderrig in die doop en geloof. Dit sal interessant wees om te sien of daar noodwendig 'n direkte korrelasie is tussen die insette van die ouers en die kinders se geloofsidentiteit. Indien ouers nie hierdie beloftes nakom nie, sal daar hopelik 'n sinvolle antwoord gekry word oor hoekom ouers dit nie doen nie.

As hierdie inligting gekry kan word, kan daar verder gekyk word na oplossings vir hierdie probleem. Uiteindelik is die ideaal dat 'n werkbare plan gevind kan word oor hoe om ouers te help om die beloftes te kan vol hou, sodat kinders kan grootword om jong volwassenes te word wat 'n gevestigde identiteit het en sodoende ontwikkel het in hul geloof sodat hul reeds van 'n vroeë ouerdom vanuit hierdie identiteit kan leef.

Aan die hand van Osmer kan daar dus 'n deeglike ondersoek gedoen word om te kan agterkom waar die probleem skuil. Osmer (2008:10-11) werk met vier sleutel take wat in wisselwerking met mekaar funksioneer. Elkeen het 'n duidelike funksie wat vervul word, maar daar word tussen die take beweeg deur die loop van die navorsing, soos nodig, om uiteindelik by die eindresultaat te kan uitkom.

#### **1.1.5 Hoe pas hierdie studie in binne die veld van Praktiese Teologie?**

Bons-Storm (2002:26) sê oor die veld van Praktiese Teologie: "The basic question of practical theology, guiding all its endeavours, concern the development of a community of faith built of, and building, the faithful and graceful lives of its members. As such, practical theology is concerned about 'ordinary people in everyday life'". Die

studie pas in by Kategumenaat as ‘n onderafdeling van Jeugbediening. Die resultate van hierdie studie spruit direk en indirek vanuit die gesprekke wat tydens doopkategese plaasvind en hoe mense daarop reageer. Daar word ook gekyk na die impak van ouers se toerusting tydens doopkategese op die jeug in die kerk se lewe, of dan die tekort daaraan.

Verder sê Bons-Storm (2002:30) dat dit belangrik is om uit te vind hoe mense dink en voel oor God. Ons het nodig om hierdie inligting te hê, sodat Praktiese Teologie sinvol beoefen kan word en die werk kan doen waarvoor dit bedoel is.

We may be better equipped to discern and to organize practices in the faith community that help people to live their lives in a faithful, graceful way. We may be better equipped also to organize the dialogues of faith that build and sustain each community of faith. Life in the congregation means that we bring our life and its joys and sorrows into the community, in order to gain coherence in our life coram Deo. Telling and listening to life and faith stories – the autobiographical method – can therefore be useful in practical theology.

(Bons-Storm 2002:30)

Enige vorm van kategese skep ‘n geleentheid waar gesprek gevoer kan word oor geloof met lidmate. Dit bring mee dat inligting versamel kan word, sodat die kerk ‘n beter idee kan kry oor mense se geloofsreise en hul sodoende beter kan bedien. Hierdie studie is daarom ‘n belangrike deel van die praktyk van Praktiese Teologie.

### 1.1.6 Watter soort navorsing is hier ter sprake?

Die studie is verkennend en die redes waarom soveel adolessente nie ‘n verstaan het van die verbondsdoop se waarde in hul lewe nie, is nagevors. Daarmee saam is ook aandag gegee aan moontlike oorsake vir die te kort aan ‘n gevestigde geloofsidentiteit wat by baie gedoopte adolessente gevind word.

Hierdie navorsing het aan die hand van teoretiese en empiriese navorsing geskied. Daar is gekies vir kwalitatiewe navorsing. Die tipe inligting wat verlang is, kan beter en meer deeglik verkry word in gesprek met mense, teenoor vraelyste wat beperkend kan wees. Hier word spesifiek gekies vir ‘n Fenomenologiese benadering (Osmer 2008:52-

53) in terme van die kwalitatiewe navorsing, aangesien 'n spesifieke saak naamlik doopkategese en dooponderrig, in verskeie mense se lewens ondersoek gaan word.

### **1.1.7 Wat is oor die onderwerp beskikbaar?**

Geloofsgroei, huisgeloof en identiteitsvorming is onderwerpe wat tans baie aandag geniet in die wêreld. Daar word al meer gefokus op ouers se verantwoordelikheid in hul kinders se geloofsvorming. Literatuur wat hieroor gaan of die wyer veld van kategumenaat en Praktiese Teologie dek, word verder in hierdie studie ondersoek.

### **1.1.8 Wat is die relevansie van die navorsing?**

Daar is baie literatuur beskikbaar oor die belangrikheid van geloofsvorming wat by die huis plaasvind en dat die kerk 'n belangrike rol speel daarin om gesinne te help om dit te kan regkry. Dit blyk egter of daar 'n gaping is tussen hierdie literatuur en die kerk. Hoe kan dit prakties geïmplementeer word deur gemeentes? Op watter stadium en op watter manier moet ouers hierdie toerusting ontvang? Hierdie vrae is op 'n wetenskaplike manier nagevors en 'n bydrae word gemaak tot hierdie theologiese kwessie.

In die samelewing is daar duidelike tendense sigbaar van kinders wat min of geen geloofsopvoeding by die huis kry. Die waarde van ouers wat hul taak en verantwoordelikheid ernstig opneem, word al duideliker soos wat die orde in die samelewing agteruitgaan. Kinders wat nie met 'n sterk geloofsidentiteit groot word nie, is soekend na identiteit. Ongelukkig vind baie kinders dit in dinge wat hul lewens kan verwoes, eerder as in Christus.

Ons kan ook uit die literatuur aflei dat die grootste invloed wat ouers op hulle kinders se identiteitsvorming het, gedurende die jare voor adolessensie plaasvind. Indien daar 'n goeie verhouding bestaan, kan dit ook tydens adolessensie 'n belangrike rol speel tydens identiteitsvorming. Ons kan so ver gaan om te sê dat hierdie verhouding die grondslag lê waarop die identiteit van die adolescent gebou word. Ouers is ook primêr die ontwikkelaars van die selfbeeld van hulle kinders, wat die konteks vorm waarbinne identiteit gevorm

word.

(Avenant 2011:90)

Die relevansie van hierdie navorsing vir die kerk is dat dit die kerk kan help om ouers beter te help om hul kinders met 'n ware geloofsidentiteit, gesetel in hul doop, te kan groot maak. "The church must be ready to train and support parents and the home to be the primary nurturers of kids' faith. It needs to be less concerned about building good churches and more concerned about empowering parents to build good families" (Freudenberg 1998:74). Die waarde is dat adolesente groot word met 'n verstaan van hul plek en rol in die kerk en samelewing. Adolesente wat standvastig en gevestig is in hul geloof, selfs op 'n jong ouderdom, en vanuit hierdie identiteit kan leef elke dag.

## 1.2 Navorsingsprobleem en doelstellings

As daar nagedink word oor jeugbediening in die NG Kerk, dan is daar 'n wye spektrum waarnemings wat gemaak word. Dit is duidelik dat daar van die adolesente is wat lief is vir die Here en vir die kerk. In meeste gevalle korreleer dit met ouers wat geloofsontwikkeling beleef het in hul geloof en betrokke lidmate is van 'n gemeente. Daar is adolesente wat kies om deel te wees van die kerk ten spyte daarvan dat ouers niks met die kerk te doen wil hê nie. Laastens is daar ook adolesente wat kerk toe kom omdat ouers hul dwing, sodat hul belydenis van geloof kan afle. In hierdie geval het die ouers en kinders waarskynlik 'n wanpersepsie oor geloof en kerk.

In meeste van hierdie gevalle het die adolesente as babatjies die verbondsdoop ontvang wat beteken hul ouers het die doopbeloftes afgelê. Dis egter duidelik dat daar 'n groot deel van die jeug in die kerk is wat nie verstaan wat die doop beteken nie, wat 'n paar afleidings tot gevolg het. In die eerste plek is dit moontlik dat ouers geen doopkategese ontvang het nie. Dus was hulle nie toegerus om die beloftes sinvol te kon uitleef nie. 'n Ander moontlikheid is dat ouers uit tradisie of weens druk van grootouers, hul kinders ten doop gebring het, maar eintlik self nooit verstaan het wat die betekenis daarvan is nie. Dan kon hulle dalk wel die kategese deurgeloop het, maar nie erns gemaak het met wat hul geleer het nie, omdat hulle nie vir die regte redes deur die proses gegaan het nie.

Die navorsingsprobleem is dus dat adolesente gedoop word in die Gereformeerde tradisie van die NG Kerk, maar baie van hulle leer nie in hul grootword jare hoekom

hulle as babatjies gedoop is, wat die doop beteken en bemiddel en hoe hulle as gevolg daarvan inpas binne God se wil vir hulle, nie. Hierdie probleem speel dan uit in adolesente wat met geen of 'n verskraalde geloofsidentiteit groot word en dan dikwels as volwassenes óf die kerk verlaat óf antwoorde in 'n ander tradisie gaan soek, wat kan insluit dat hul weer gedoop word aangesien hul voel die verbondsdoop wat hul as babatjie ontvang het, het geen waarde in hul lewe nie.

Die doel van hierdie studie sal dus wees om deur middel van kwalitatiewe empiriese navorsing te probeer uitkom by die oorsaak daarvan dat adolesente opgevoed word deur ouers wat die moeite doen om hul kerk toe te bring en kategese te laat deur gaan, maar tog nie 'n sterk geloofsidentiteit ontwikkel nie. Waar ontstaan die gaping vandat 'n babatjie gedoop is totdat hulle as volwassenes sin in 'n herdoop gaan soek?

Die studie het dus verskeie lae waarop gefokus word. Dit begin by ouers en die doopkategese wat hul ontvang het, al dan nie, en of hul toegerus was om die taak van geloofsopvoeding, veral aan die hand van die doop, te kan doen. Die spesifieke ouers se kinders in die belydenisklas van 2015 is daarna ondervra oor hulle belewenis van hul ouers se geloofsopvoeding en of hulle 'n verstaan ontwikkel het van geloofsidentiteit vanuit dit wat hul ouers hulle geleer het.

Die probleem- en doelstelling word geformuleer vanuit die navorser se waarnemings en deur middel van die studie wil die navorser graag te wete kom wat agter die situasie skuil. Met die inligting kan daar dan meer sinvol gewerk word om ouers reeds by doopkategese en moontlik daarna toe te rus om erns te maak met hul kinders se geloofsopvoeding en –vorming.

### 1.3 Konseptualisering

Kernkonsepte wat in hierdie studie bestudeer en nagevors gaan word is doopkategese, geloofsvorming, geloofsidentiteit en verbondsdoop. Dooptaal veroorsaak baie verwarring by mense aangesien verskeie kerklike tradisies verskillende taal gebruik in terme van die doop. Dus sal daar ook kortliks aandag gegee word aan verskeie doopterme en hul betekenis, soos dit binne die tradisie van die NG Kerk verstaan word.

**Doopkategese** of **doopgesprekke** vind plaas wanneer ouers aanmeld by ‘n gemeente om hul kinders te laat doop. Hierdie gesprek neem vorm aan volgens ‘n predikant of gemeente se eie diskresie. Die doel van hierdie gesprekke is om ouers toe te rus met kennis rondom die doel en rol van die doop. Verder help dit ouers om hul rol te verstaan in hul kinders se geloofsvorming en geloofsgroei.

Die waarde van die doopgesprek lê daarin dat ouers toegerus word om hul kinders te kan help groei en ‘n sterk geloofsidentiteit ontwikkel wat die waarde van die doop in hul lewe beklemtoon en verstaan. Dit rus die kinders toe om vanuit hierdie identiteit te kan leef in ‘n gebroke wêreld.

Yet Christian identity requires a *differentiated* ego, not an autonomous one, the humility to recognize and value the other as other. Christian theology challenges Erikson’s concept of identity ‘achievement’ by proclaiming true humanity as God’s gift, obscured by sin but restored by Christ. This differentiated ego is the result of conviction, not ego achievement, making Christian identity possible for persons at any stage in the life cycle, and not just adolescents.

(Dean 2004:84)

Vanuit Dean se opmerking kan daar dus gesê word dat indien ouers hul kinders reeds van ‘n jong ouerdom begin onderrig, ‘n sterk Christelike identiteit gevorm kan word.

**Geloofsvorming** verwys na ‘n persoon se groei in hul geloof. Namate ‘n persoon groei, word hul geloof al meer gevorm en vind verdieping in hul verhouding met die Here plaas. Dit is hoofsaaklik ouers se verantwoordelikheid om hul kinders te help groei in hul geloof. Avenant (2011:42) beklemtoon dat daar pertinent by die rol van die ouer, voog of mentor stilgestaan moet word wat betref die geloofsontwikkeling van kinders en adolescente. Ouers is die primêre rolspelers in hul kinders se geloofsontwikkeling. “Die Bybel het hierdie beginsel al vroeg reeds vasgelê in Deutronomium 6, waar ouers se rol binne die proses van inlywing in die verbondsfamilie uitgespel word. Hulle is dus primêr verantwoordelik vir die begeleiding van hulle kinders tot identiteitsvinding” (Avenant 2011:42).

Harold (2012:142) lê ook sterk klem op die belangrikheid van kinders se geloofsvorming deur beide ouers en grootouers. “However, terminology such as

nature, admonition, faith development and character formation all refer to that of empowering an individual to find Christ as Saviour and grow in His likeness. Spiritual formation then is a step by step process through which a child is guided, admonished and encouraged to embrace Christ as Saviour and disciple to live an authentic Christian life through the empowerment of the Holy Spirit" (Harold 2012:142-143). Geloofsontwikkeling sluit dus die ontwikkeling van die kind se persoonlikheid ook in. Die fisiese, emosionele, intellektuele en sosiale aspekte behoort alles in ag geneem te word wanneer kinders op 'n geloofsreis begelei word, soos hier by Harold (2012:142-143) gesien word.

**Geloofsidentiteit** beskryf die nuwe menswees wat ontvang word wanneer 'n persoon weer gebore is in Christus. Dit beteken die identiteit van sondaar waarmee 'n persoon gebore word, word vervang met die identiteit van vrygekoop. Dit wil voorkom dat daar gelowiges is wat nie verstaan dat hierdie nuwe identiteit saam met bekering kom nie. Dus leef baie mense wat sê dat hul vrygekoop is, nog met 'n sondaarsidentiteit.

Waar 'n persoon begin verstaan wat hul nuwe identiteit is, en hulle begin hul lewe daarvolgens inrig, kan dit beteken dat 'n persoon se hele lewensperspektief sou kon verander. "Listening to a life and faith history, one hears not only the facts of a lifetime, but also the conversation related to these facts that go on in the mind of the telling person. These conversations reveal a certain *hermeneutics*: a manner of understanding the Christian tradition in the context of the life of a concrete person, relating to a community of Christian faith in one way or another, with a certain degree of commitment" (Bons-Storm 2002:27).

Die doop speel 'n sentrale rol in hierdie nuwe identiteit. Al bewerk die doop nie verlossing nie, is dit 'n bevestiging van God se genade en liefde vir ons. Gelowiges se verstaan hiervan het 'n sterk invloed op die manier hoe hulle elke ander aspek van hul lewe inrig. Die verbondsdoop is huis in hierdie sin spesiaal. Nog voordat 'n babatjie uit hulself kan probeer om God se genade te verdien, ontvang hul dit reeds op grond van hul ouers se geloof. Hierdie babatjie moet wel op 'n stadium kies vir God, maar hy of sy deel reeds in God se beloftes.

**Verbondsdoop**, of **Kinderdoop** soos in die algemene spreektaal daarna verwys word, dui op die doop van babatjies soos onder andere in die NG Kerk tradisie gevind word. Die verbondsdoop word gemotiveer uit die verbondsbeloftes wat God met

Abraham gemaak het in Genesis 17, waar die seuntjies besny moes word as 'n sigbare teken dat God Abraham se nageslag bly inreken in die beloftes van die verbond.

Bekeringsdoop word in die NG kerk bedien wanneer 'n persoon tot bekering kom, maar nie as 'n babatjie gedoop is nie. Hierdie doop word na 'n openbare belydenis van geloof in die erediens, bedien. Die term grootdoop word algemeen vir hierdie handeling gebruik en dikwels is die verstaan dat die NG Kerk nie grootdoop nie, wat egter 'n wanpersepsie is.

Herdoop is die doopbediening wat die NG Kerk nie bedien nie. Dit word algemeen met grootdoop verwarring of as dieselfde handeling gesien. By herdoop word 'n persoon wat die verbondsdoop ontvang het ook met 'n bekeringsdoop bedien. Dit sal dan geskied deur 'n kerklike tradisie anders as die NG Kerk, waar die gegewe tradisie waarskynlik nie die verbondsdoop erken of self bedien nie. Hierdie argument is egter nie ter sake in hierdie studie nie en word daarom nie verder uitgewerk of hanteer deur die ontwikkeling van die studie, nie.

## 1.4 Metodologie

Soos reeds genoem, gaan daar met Osmer (2008) se vier-taak metode gewerk word om die nodige navorsing te doen en sinvol met die resultate te kan werk. Die vier take volg op mekaar, maar is ook wisselwerkend.

### 1.4.1 Taak 1: Deskriptief-empiriese taak

Elkeen van die vier take vra 'n spesifieke vraag en die eerste taak wat Osmer (2008:41-47) hanteer, is "Wat gaan hier aan?". Hierdie taak is belangrik wanneer daar opgelet word dat iets in die gemeente of gemeenskap besig is om te gebeur, wat nie reg is nie of wat vrae laat ontstaan. Wanneer 'n bediening nie meer effektief is nie, wanneer konflik ontstaan rondom 'n bepaalde saak, ensomeer. Hierdie vraag help om duidelikheid te kry oor wat in terme van die saak aan die gang is.

Binne in hierdie taak, identifiseer Osmer (2008:48-50) 'n vier-punt plan om hierdie vraag sinvol en deeglik te kan beantwoord. In die eerste plek moet die doel van die studie uitgeklaar word. Wat is die motivering agter die navorsing wat gedoen word? Daarna word die metode vir navorsing gekies. 'n Keuse moet gemaak word vir kwantitatiewe of kwalitatiewe navorsing, of selfs 'n kombinasie van die twee. Die keuse

wat gemaak word, moet gemotiveer kan word. Kwantitatiewe navorsing fokus daarop om data te versamel en te analyseer om so ooreenkomste en verskille te ondersoek van 'n bepaalde veld. Kwalitatiewe navorsing daarteenoor, se fokus is om groepe of individue se aksies en gebruikte rondom 'n bepaalde saak, te ondersoek. Kwantitatief kan daar dus 'n baie wye studie gedoen word, terwyl kwalitatiewe navorsing in meer diepte op 'n saak kan ingaan (Osmer 2008:49-50).

Hierdie studie gaan van kwalitatiewe navorsing gebruik maak. Daar word dus verder gekyk na watter metodes moontlik by kwalitatiewe navorsing gebruik kan word. Narratiewe navorsing gee vir mense die geleentheid om hul lewensverhale te deel. Daar kan meer as een keer kans gegee word en sodende kry die navorsing 'n gelaagde prentjie van die persoon se lewe. Hierdie navorsing fokus op individue se lewensverhale (Osmer 2008:50-51). Osmer (2008:51) verwys ook na Gevalle Studie navorsing waar 'n spesifieke groep mense nagevors word en daar van verskeie bronne gebruik gemaak word. Dit kan deur middel van onderhoude, observasie, fokus groepe en kort vraelyste gebeur. Etnografiese navorsing is 'n intensieve ondersoek van 'n kulturele of sosiale groep. Hier word gebruik, gedrag en manier van lewe oor 'n lang tydperk nagevors (Osmer 2008:51).

Gegronde Teorie navorsing ontwikkel die teorie vanuit die navorsing wat gedoen is. Hier word 'n aanvanklike rondte navorsing gedoen, data word dan geprosesseer, geanalyseer en gekategoriseer. Daarna word weer 'n rondte navorsing gedoen om nog data te versamel, wat dan weer geprosesseer word aan die hand van die vorige data. Uiteindelik word 'n teorie gevorm wat in die veld gevorm is op grond van die inligting wat versamel is. Die teorie dien dus nie as die vertrekpunt vir die navorsing nie (Osmer 2008:52). Fenomenologiese navorsing bestudeer 'n spesifieke gebeurtenis of aktiwiteit in mense se lewens en hul ervaring daarvan. Daar word gewoonlik gekyk na 'n paar persone se ervarings en dan word daar gesoek na 'n gemeenskaplike punt waarin sin gevind word in die ervaring (Osmer 2008:52-53). Laastens beskryf Osmer (2008:53) Verdedigende navorsing. Hierdie tipe navorsing het 'n sterk politieke fokus en werk gewoonlik rondom 'n saak wat op 'n bepaalde stadium 'n sosiale impak het. Hier word mense nie soos bestudeer nie, maar die saak en die doel is om deur die situasie, die bepaalde saak in die samelewing te bevorder en verbeter.

Die navorsingsplan word dan vanuit die keuse geformuleer. Dit behels die mense, program of omgewing wat nagevors gaan word. Die doel van die projek is bepalend in die keuse wat hier gemaak word. Hier word besluit op watter spesifieke manier die data ingevorder gaan word en wie die persone gaan wees wat verantwoordelik is daarvoor. Natuurlik moet die tydramwerk ook vasgestel word by hierdie stap (Osmer 2008:53-55). Laastens word in hierdie eerste taak sterk klem gelê op die nodigheid vir 'n navorser om refleksief te werk met eie navorsing in korrelasie tot die wetenskap. Navorsing is nie objektief nie en kan daarom nie as absolute waarhede beskou word nie. Dit is om hierdie rede nodig dat die navorser deeglik werk met die verskillende velde wat deel vorm van die studie, wanneer met die navorsing besig is (Osmer 2008:57).

#### **1.4.2 Taak 2: Interpretatiewe taak**

By die interpretatiewe taak word daar gekyk na die oorsaak van die verskynsel wat nagevors word. Terwyl hierdie inligting bekom word, gaan daar waarskynlik heelwat inligting bykom wat voorheen vir die navorser onbekend was en is die uitdaging hoe om sinvol met dit te werk. Osmer (2008:100-103) gebruik 'n kommunikatiewe model van rasionaliteit wat drie basiese elemente bevat om te besluit watter teorie die mees gesikte teorie is om mee te werk. Die keuse wat gemaak word, bepaal dan die vorm wat die werksaamhede verder sal aanneem. In die eerste plek kan met 'n wortelmetafoor van 'n teorie gewerk word wat dan identifiseer en geanalyseer word (2008:114). Die tweede element identifiseer die dissiplinêre perspektief van 'n teorie en kyk dan na watter vlak van die lewe aangespreek word daardeur (2008:116-117). Laastens kan die sentrale argument van 'n teorie identifiseer en gevalueer word. Die doel van die teorie is om ander te kan oortuig van die bevindinge waartoe gekom is. Dit bied ook leiding vir die navorser terwyl die navorsing gedoen word (2008:127).

#### **1.4.3 Taak 3: Normatiewe taak**

In die normatiewe taak word daar gekyk na wat behoort in die praktyk te gebeur, teenoor dit wat waargeneem word in die deskriptief-empiriese taak. Hierdie taak vra dus fyn waarnemingsvermoë en insig by die navorser. "Practices of discernment, thus, are crucial to the work of the interpretative guide. They provide a point of connection between God's Word of judgment and grace in Christ Jesus and the specific social

conditions, events, and decisions for which congregational leaders provide normative guidance day by day" (Osmer 2008:139).

Daar moet dus 'n besluit vanuit die normatiewe taak se waarnemings gemaak word aan die hand van wat in die deskriptief-empiriese taak gesien is, om die situasie sinvol aan te spreek. Osmer (2008:139) gebruik drie benaderings om te help met hierdie taak. In die eerste benadering speel theologiese interpretasie 'n kern rol. Die huidige situasie, gebeure en kontekste word geïnterpreteer aan die hand van theologiese konsepte (Osmer 2008:139). Osmer (2008:141) verwys na Niebuhr wat die kerk as 'n interpretatiewe gemeenskap sien. Die kerk help gelowiges om God se werk in die wêreld te kan interpreteer.

Kritiek is gelewer dat daar nie genoeg duidelike etiese beginsels en riglyne gegee word om gelowiges te help om 'n beter morele lewe te lei nie (Osmer 2008:147). Om hierdie rede werk Osmer (2008:148) ook met etiese interpretasie as die tweede benadering. Dit doen hy aan die hand van Don Browning. Browning se teorie werk op 'n praktyk-teorie-praktyk model. Die toepassing van teorie vind nie noodwendig eers plaas nadat interpretasie afgehandel is nie, daar is deurlopende wisselwerking tussen die twee om by 'n sinvolle oplossing uit te kom vir die probleemsituasie (Osmer 2008:148-149).

Laastens gebruik Osmer (2008:152) goeie praktyk saam met die bovenoemde benaderings, om die normatiewe taak gedoen te kry. Goeie gebruik vanuit die verlede, maar ook die hede, kan bydraend wees om die huidige situasie te verbeter. Daarmee saam kan daar nuwe insig verkry word van God, die Christelike lewe en waardes (Osmer 2008:153).

#### **1.4.4 Taak 4: Pragmatiese taak**

Wanneer Osmer (2008:178) by die laaste taak kom en kyk na die vraag na hoe daar kan of behoort opgetree te word, fokus hy op dienskneg leierskap as die basis. Hierdie tipe leierskap beskryf Osmer as leierskap wat mense op so manier beïnvloed dat hul Christus se diensbaarheid begin uitleef. Osmer (2008:192) pas hierdie eienskappe toe op drie tipes leierskap: taak bevoegdheid, transaksionele en transformerende leierskap.

Taak bevoegdheid leierskap gaan eenvoudig daaroor om die nodige take van 'n leier te kan doen soos vereis deur 'n organisasie (Osmer 2008:178). Wanneer hierdie tipe leierskap gekombineer word met Christus se diensbaarheid, word nederigheid 'n kern deel van die manier waarop nodige take afgehandel word (Osmer 2008:193).

Transaksionele leierskap fokus daarop om ruiltransaksies suksesvol afgehandel te kry. Iets word vir mense aangebied, sodat hulle hul kant sal bring. Dit kan ook so gebeur dat hierdie leierskap regkry om deur middel van transaksies kompeterende kante sover te kry om saam te werk na 'n groter doel (Osmer 2008:176-178). Gewoonlik is die hoofokus om mense tevrede te hou, maar wanneer dit met Christus se diensbaarheid gekombineer word, beweeg hierdie leierskap mense om die fokus weg van hulself te skuif en om die behoeftes van ander te begin raaksien (Osmer 2008:194-195).

Transformerende leierskap gaan oor verandering. Hierdie verandering het gewoonlik te doen met die kernsake van 'n organisasie (Osmer 2008:178). Hier gaan dit oor opoffering ter wille van die saak en vra dit dus van 'n leier om bereid te moet wees om hom- of haarsel op te offer ter wille van die verandering wat nodig is.

### **1.5 Navorsingshipotese**

Waar ouers begelei word deur doopkategese tot 'n omvattende verstaan en toe-eining van die doop se betekenis, behoort hulle hul doopbeloftes beter te kan nakom. Verder behoort ouers self 'n sterk geloofsidentiteit te ontwikkel en toegerus word om 'n sterk geloofsidentiteit by hul kinders te ontwikkel.

### **1.6 Samevatting**

Vir die doeleindes van hierdie studie, is daar begin by die deskriptief-empiriese taak, met die identifisering van 'n probleem. Daar word dan beweeg na die interpretatiewe taak deur die basiese probleem uit een te sit sowel as hoe die probleem benader gaan word.

In hoofstukke 2 – 4 word in die normatiewe taak beweeg. Tydens hierdie taak sal gekyk word na die ontwikkeling van kategumenaat, die betekenis van die doop in 'n gelowige se lewe, sowel as die groterwordende fokus op ouers se rol om hul kinders te begelei in geloofsvorming.

Uiteindelik sal Hoofstuk 5 die empiriese navorsing se resultate bespreek waar daar dan na die pragmatiese taak beweeg sal word deur strategiese suggesties wat in hoofstuk 6 gegee word.

## HOOFTUK 2

### KATEGUMENAAT

#### 2.1 Inleiding

Hoofstuk 1 het daarop gefokus om die navorsingsprobleem en -hipotese te stel. Die motivering vir die studie sowel as die proses wat gevvolg gaan word, is uiteengesit.

Die volgende drie hoofstukke vorm deel van die normatiewe taak (Osmer 2008:129). In hierdie hoofstukke gaan gekyk word na wat die ideaal is rondom dooponderrig en geloofsvorming, sodat die navorsing daaraan gemeet kan word. Die studie fokus baie sterk op die rol en waarde van doopkategese. In hierdie eerste hoofstuk word daar gekyk na hoe kategese se gebruik in die kerk ontwikkel het en watter rol dit steeds vandag vervul.

#### 2.2 Die ontstaan en ontwikkeling van die kategumenaat

Die kategumenaat het oor eeuve heen verskillende vorme aangeneem, maar ook verskillende rolle vervul in die kerk. Rolle in dié sin dat dit aangewend is om mense in verskillende stadiums van hul geloofsreis te onderrig, soms as kinders of as nuwe bekeerlinge in hul volwasse jare. Dit is ook aangewend om mense te onderrig rondom 'n spesifieke gebeurtenis in hul lewe, soos wanneer ouers hul babatjies ten doop wil bring. Die doel van die kategumenaat moet dus duidelik wees alvorens daar gekyk kan word na die spesifieke doel van doopkategese.

Wepener (2007a:307-317) ondersoek die geskiedenis van die kategumenaat om 'n duidelike prentjie te kan skets van hoe die praktyk ontwikkel en verander het deur die eeu. Een van die oorwegings vir hierdie proses was die ontdekking hoe verskeie aspekte soos liturgie, sakrament en kategumenaat eintlik baie nou verbind was.

Vir meer mense is die fassinerendste aspek van die kategumenaat die manier waarop lering, liturgie (spesifieke rituele) en die sakramente aan mekaar gebind word op 'n logiese en komplimenterende manier. In baie kerke waar lering en liturgie vir lank hanteer is as twee totaal verskillende bedienings, was die kategumenaat se interspel tussen die drie aspekte 'n nuwe uitdaging

om die heilsmiddele van die geloof en die bedienings van die evangelie op 'n meer holistiese manier te verstaan en te gebruik.

(Wepener 2007a:308)

Vir die doel van hierdie studie is dit belangrik om te verstaan dat die kategumenaat nie 'n losstaande aspek van mense se geloofsreis is nie, maar dat dit integraal verbind is met elke aspek van hul hele lewe.

Geloofsonderrig het reeds baie vroeg begin. Van Dyken (2000:35-36) verwys na Moses se onderrig van die volk. Moses het die volk geleer en in Deuteronomium 6 gee hy die opdrag aan ouers om hul kinders te onderrig in dit wat hulle geleer het van die Here. Op grond van die opdrag in Deuteronomium 6, sê Dingemans: "De geloofsopvoeding is een zaal van de *ouders*. In de leefgemeenschap vindt de inwijding plaats van jonge kinderen in de 'weg' van het leven. Geloofsopvoeding is geen aparte hoofdstuk binen de algemene opvoeding: het is er een essentieel en allesdoordringend deel van. Opvoeding is: kinderen leiden op de weg van het leven en dat is – naar oud-israëlitisch besef – de weg van de Heer" (1991:159). Die ouers is begelei in dit waarin hulle hul kinders moet onderrig, maar die primêre plek waar kinders moes leer oor die Here se verhouding met sy mense, was in hul eie gesinsverband. In die Nuwe Testament begin dinge so bietjie anders lyk en begin 'n meer formele vorm van onderrig ontwikkel. Aanvanklik is die Jode se vorm van lering in die sinagoge oorgeneem, maar daar het met tyd ook ander vorme bygekom. Dit het ingesluit byvoorbeeld Paulus se pastorale brieve en die evangelies word gebruik as evangelisasie hulpmiddels. Geloofsonderrig vind dus hoofsaaklik plaas deur verkondiging (Dingemans 1991:163).

Vir die vroeë kerk was onderrig baie belangrik. "The early church stressed the importance of teaching and soon established the office of teacher or catechist. The church at Alexandria, Egypt, founded a school, perhaps the greatest of all institutions of learning in the early church, which was specifically known as a catechetical school" (Van Dyken 2000:43). Wepener (2014:107-111) dui aan dat dit nie regtig moontlik is om 'n enkele vorm van die kategumenaat toe te skryf aan die eerste eeu se kerk nie. Daar het verskeie tradisies in onderskeie gemeentes bestaan. Hy kyk hoofsaaklik na die *Didache*, *Apologie* van Justinus, die *De Baptismo* van Tertullianus en die *Apostoliese Tradisie* van Hippolitus. Alhoewel die fyner benadering van elkeen van

die tradisies in ‘n mindere of meerdere mate verskil van mekaar, is daar tog ooreenkomste in almal se basiese benadering tot die kategumenaat. “Men kreeg onderricht in de inhoud van het geloof, het gebod, het gebed en de sacramentum” (Dingemans 1991:168). Wepener (2014:107-111) sê ook dat kategese aangebied is vir nuwe bekeerlinge en het daarom altyd met doopbediening gepaard gegaan. Onderrig, vas en gebed was verpligtend vir ‘n bepaalde tydperk, soos deur die tradisie goedgedink. Daarna is die doop bedien en dan eers mag die persoon deelgeneem het aan die nagmaal saam met die res van die gemeente.

Daar is wel ‘n paar bepaalde aspekte van hierdie tyd wat vir Wepener (2007b:315) uitstaan. Hierdie aspekte sluit in dat toegang tot die kerk moeilik was en dit het ‘n bepaalde aanloklikheid verleen aan die evangelie. Die rol wat ander gelowiges gespeel het in ‘n nuwe bekeerling se lewe, was uiters belangrik. Dissipelskap het sterk gefunksioneer. Hierdie nuwe bekeerlinge moes deurgaans bevestig dat hul steeds die begeerte het om deur die proses te gaan. Hul toewyding ten opsigte van hul geloofsreis is so getoets. Deurlopend is mense se nuwe identiteit bevestig deur middel van die taal wat gebruik is asook sekere rituele en simbole, soos die water wat afwas en die salwing met olie. In hierdie tydperk is daar duidelik baie moeite gedoen om ‘n pad met mense te stap sodat hulle ‘n deeglike kennis en verstaan opbou van wat die nuwe lewe in Christus behels, sodat hul die nuwe lewe as nuwe mense met erns en vreugde kan aanpak.

Aan die hand van Wepener (2014:113) word gesien dat die kerk ‘n staatskerk word in die vierde eeu met Christenskap wat ‘n staatsgodsdiens geword het. In hierdie tyd is daar verskeie en uiteenlopende rituele sodat daar nie van ‘n spesifieke tradisie gepraat kan word in hierdie tyd nie. Hy verwys ook na die kategumenaat wat in hierdie tyd wel ‘n lang prosedure was. Katkisante het vir drie jaar onderrig deurgegaan nadat hulle aangemeld het en dit goedgekeur is dat hul deel kan wees van die program. Na drie jaar is hul gedoop en het toegang tot die nagmaal verkry. Daar was ook baie ander rituele wat deel uitgemaak het van onderskeie tradisies, soos byvoorbeeld eksorsisme en salwing met olie (Wepener 2014:115-117).

Selfs in hierdie tyd wat daar soveel erns gemaak is met die kategumenaat voor die doopbediening, het daar ook wanpraktyke plaasgevind. Wepener (2014:117) verwys spesifiek daarna dat aangesien Christenskap ‘n staatsgodsdiens was, dit algemeen

aanvaarbaar was om ‘n Christen te wees. Mense het hul met die Christelike godsdiens vereenselwig en is gedoop om op sosiale en ekonomiese gebiede voordeel te trek. Christene het mekaar se besighede ondersteun en dus is ‘n persoon se kliënte basis uitgebrei indien dit bekend was dat hul hulself met die Christelike geloof vereenselwig.

‘n Verdere gevolg, volgens Wepener (2014:121-122), van Christenskap as ‘n staatsgodsdiens is dat die praktyk rondom doop en kategumenaat begin verander het. Al meer is kinders van gelowige ouers gebore wat dan gedoop is kort na die geboorte. Augustinus was veral die dryfveer hieragter. Daar was wel steeds tradisies wat meer gefokus het op die bekeringsdoop, maar hier is die kategumenaat afgeskaal na die 40 dae van lydenstyd.

Van Dyken (2000:43-44) dui aan dat alhoewel daar nie baie klem op geplaas word nie, is daar wel sprake van kategumenaat tydens die middeleeue. Dis egter min en ‘n drastiese vervlakking het plaasgevind. “Hier is dit belangrik om daarop te let dat vorm en inhoud soos dit tydens die eerste eeu in die kategumenaat verenig was, losgeraak het van mekaar, en dat die doelbewuste bymekaarhou van vorm én inhoud noodsaaklik is om die kwaliteit van die proses te verseker” (Wepener 2014:123). Wepener (2014:127) ontsluit dan die geskiedenis verder deur daarop te dui dat teen die tyd van die Hervorming hulle maar slegs gedeeltes oorgehou het van die kategumenaat soos voor die Middeleeue se vervlakking en dus was die doop, kategese en konfirmasie nie meer as ‘n eenheid gesien of beoefen nie.

“Hoewel daar hier en daar uitsonderings was het die doop ‘n meganiese proses geword, het daar min tereggekom van kategese en het die bevestiging van lidmate weinig insig of insette van hulle gevra. Sover ons weet was daar op min plekke formele onderrig in die geloof van die kerk se kant af gegee: dit was aan die genade van die ouers oorgelaat.” (Burger & Wepener 2007:51). Dit is geen wonder dat daar ‘n gevoel ontstaan het dat die kerk in ‘n krisis is en teoloë het weer begin erns maak met die betekenis van sakramente en die erns van mense se geloof. Elemente soos die sakramentele waarde wat aan konfirmasie gegee is, die feit dat slegs die biskop die konfirmasie kon hanteer, ‘n verswakking van die betekenis van die doop en die verval van kategese (Burger & Wepener 2007:51), het die teoloë van die reformatie gedwing om die praktyke van die kerk te herbesoek.

Saam met die Reformasie het weer 'n vernuwing van erns gekom aangaande hierdie drie elemente. "De bijbel werd vertaald in de volkstalen (Luther, Statenvertaling etc. etc.) zodat gemeenteleden de geestelikhed konden controleren. De reformatoren schreven op allerlei niveaus geloofsleren en catechisatiemateriaal en legden alle nadruk op het priesterschap van alle gelovigen" (Dingemans 1991:171). Deur hierdie veranderinge word die waarheid vir lidmate oopgebreek en kry hul weer die verantwoordelikheid vir hul geloofsreis terug (Dingemans 1991:171). Wepener (2014:133) duï aan dat die kinderdoop gebly het as sakrament, maar slegs die water en Trinitariese formule is behou. Die ander elemente is gelos aangesien daar gevoel is dat dit 'n gevaar inhoud om bygelowe te ontwikkel. Die bediening van die doop moes in die gemeente plaasvind, peetouers is gekies en die ritueel en seremonie moes in 'n verstaanbare taal plaasgevind het. "Vir die Hervormers (altans vir Luther en Calvyn) was die sakrament van die doop 'n ernstige saak. Hulle het geglo dat dit deur die Here self ingestel is en 'n belangrike heilsmiddel was wat deur die Gees in die proses van geloofsvorming gebruik is. Albei het geglo dat die doop nie maar net heenwys na die heilswerk van die Gees nie, maar dat die Gees ook in en veral deur die doop werk" (Wepener 2014:133).

Dis belangrik om te beklemtoon dat daar nie geglo is dat die doop iemand red nie, maar dat die beloftes van God aan mense bemiddel word, soos Wepener (2014:134) aandui. Die doop kry volle betekenis deur geloof. Deur te kies om nie te glo nie, ontnem mense hulself van die beloftes wat God skenk. "Die Hervormers se sterk klem op kategese en lering moet huis in hierdie verband verstaan word. Die doop plaas die onus op die ouers en die gemeente om die kind van die Here te leer en groot te maak in die Here se weë. By Luther was die teenwoordigheid van die ouers of peetouers by die doop dié van plaasvervangers. Die kinders is as't ware op grond van hulle ouers se geloof gedoop" (Wepener 2014:134). Calvyn het van Luther verskil deurdat hy nie die ouers as plaasvervangers gesien het nie, maar slegs dat hul onderneem het om hul kinders 'n verbondsopvoeding te gee. Kategese, wat met die doop saam hang, het 'n nuwe plek gevind in hierdie proses (Wepener 2014:134).

Danksy die boekdrukkuns, sê Wepener (2014:135), kon daar meer deeglike kategese gegee word aan die hand van onderskeie kategismusse wat in die tyd geskryf is vir die onderrig van gelowiges. Kinders is deur die kerk geleer, maar daar is ook van ouers en die skole verwag om hierdie onderrig voort te sit. Hierdie onderrig was nie

bloot om kennis op te doen nie, maar ook sodat dit wat geleer is toegeëien kon word vir hul lewens en in die praktyk uitgeleef kon word (vgl ook Dingemans 1991:171).

Alhoewel dit duidelik is dat die Reformasie 'n baie nodige en belangrike rol gespeel het om weer erns te maak met sakramente en lering, was daar tog ook leemtes. “n Gebrek was dat die Reformasie nie daarin kon slaag om die noue verband wat 'n mens in die kategumenaat tussen lering en liturgie gehad het te herstel nie...Hoewel 'n mens die reaksie kan verstaan is dit tog jammer dat die kerke van die Reformasie nie vinniger die waarde van 'n ryk liturgie kon herontdek nie” (Burger & Wepener 2007:58). Meeste kerke het ook gekies om eerder Zwingli se teologie te volg wat die sakramente tot blote tekens gemaak het (Burger & Wepener 2007:58). Rituele en simboliek help om betekenis oor te dra en te bevestig, spesifiek ook in terme van meer abstrakte sake soos geloof.

Dingemans (1991:174) kyk ook na die tyd van die Verligting en dui aan hoe daar 'n nuwe klem op kinders se ontwikkeling gelê is. Kinders behoort begelei te word om hul eie potensiaal te bereik. Die kerk en ander opvoeders behoort sensitief te wees hiervoor en nie kinders hiervan te ontnem nie. Verder is die oordra van die leer van die kerk in hierdie tyd ook 'n belangrike fokuspunt, sê Dingemans (1991:175-176). Dis die predikant en katekte se verantwoordelikheid om seker te maak dat die inhoud van die boodskap van die geloof oorgedra word op 'n suiwere en verantwoordbare manier (Dingemans 1991:175-176).

Vandag het die kategumenaat verskeie vorme aangeneem met verskeie uitkomste as doel. Dit word gebruik om nuwe bekeerlinge te onderrig asook om gedoopte lidmate wat afvallig geword het, weer die pad te help vind. 'n Volgende vorm is waar meelewende lidmate die behoefté het om dieper te self en hul kennis te verbeter. Die twee vorme van kategese wat vir hierdie studie se doeleindes baie belangrik is, is waar voornemende doopouers gesprekke of kategese ondergaan voordat hul babatjie gedoop word en waar kinders in die kerk kategese deurgaan tot hulle belydenisklas bereik met die doel om 'n oorgang te maak na belydende lidmaatskap deur belydenisaflegging (vgl ook Wepener 2014:149). Olivier wys dat Matteus 28 se groot opdrag die kinders insluit. “Hier gaan dit om die ganse leer van Jesus Christus wat geleer en in die praktyk uitgeleef word, en wat ook aan die kinders geleer moet word. Lering en onderrig mag nie van ons kinders weerhou word nie, want kinders moet huis

tot leringe en navolgers van Christus gemaak word” (Olivier 1982:42). Om hierdie rede is hierdie twee vorme van kategese so belangrik. Die kerk het in beide die ouers en kinders se lewens belangrike rolle om te vervul op die pad van ‘n gesin se geloofsgroei.

### 2.3 Die doel van kategese

In Dingemans (1991:14-15) se denke oor kategumenaat tref hy ‘n definitiewe onderskeid tussen *catechetiek* en *mathetiek*. Tradisioneel was *catechetiek* die kerk se benadering tot geloofsopvoeding. “De traditionele catechetieken namen meestal hun uitgangspunt in de geloofsleer van de kerk. Er werd vasgesteld, waar het in het geloof om gaat en dan wer de didactiek (of het gezonde verstand!) te hulp geroepen om het aldus vasgestelde geloof ‘over te dragen’ aan de (jonge) leerlingen” (Dingemans 1991:14). Dingemans (1991:13) se probleem met hierdie tipe benadering is onder ander dat dit slegs fokus op kinders se onderrig. Dit skep die persepsie dat sekere mense presies weet wat geloof behels en dit dus kan oordra aan ander wat nie als weet nie, terwyl niemand ooit volkome kan weet nie. *Mathetiek*, daarteenoor, is afgelei van die woord *manthanein*. *Manthanein* beteken om te leer en die woord vir dissipel, *mathètes*, is ook hiervan afgelei (Dingemans 1991:15). Dit verskuif die klem van inligting wat oorgedra word as hooffokus, na iemand wat besig is om te leer in navolging van iets of iemand anders. Navolging beteken dit is nie bloot kennis wat oorgedra word nie, maar dit word prakties geleer. “In elk geval vindt dit leerproses plaats in een gemeenschap. Je kijkt het af van anderen. Je gaan meedoen. In de kring van het gezin. Of in de gemeenschap van wat men ‘kerk’ pleegt te noemen” (Dingemans 1991:15, vgl ook 138 en Nel 2009 en 2015b).

Die kerk behoort te waak om nie, soos baie tradisies deur die eeu, die fout te maak om te veel op sekere dinge te fokus dat die eintlike waarheid agterweë gelaat word nie. Ons sien ‘n waarskuwing hierteen by De Villiers (1957:47-48). Hy vra die vraag na die doel van kategese in die Gereformeerde tradisie. Hy verwys na drie hoof fokuspunte wat uitstaan. In die eerste plek is daar die belangrikheid van kennis wat opgedoen word. Die gevare hiervan is natuurlik ‘n oorbeklemtoning van rasionalisme (1957:47-48, vgl ook Osmer 1996:191). Iets hiervan is dikwels gesien waar die klem so sterk gelê is in gemeentes waar finalejaar katkisante teksgedeeltes en belydenisskrifte uit hul geheue moes kon opsê, terwyl daar nie aandag gegee is aan

die verhouding tussen hierdie katkisante en die Here nie. Dit beteken dat 'n verwronge idee van kerk en geloof verkry word wat mense eerder wegstoot as aantrek.

Nog 'n doel is die vorming van 'n persoon se godsdienstige persoonlikheid. Die probleem hiermee is dat daar verskeie idees is oor wat dit presies beteken. Verder wys De Villiers (1957:49-51) ook uit dat dit kan gebeur dat die klem so sterk op die kind se ontwikkeling is, dat daar nie eintlik meer 'n genoegsame fokus op God is nie. Vanuit die NG Kerk se geskiedenis is daar gesien hoe dinge dikwels by die evangelie gevoeg is waaraan Christene moes voldoen om aanvaarbaar in die kerk te wees. Dit kan iets eenvoudig soos die "regte klere" wees of sekere lewensingesteldhede wat nie deur medegelowiges aanvaar is nie. Die resultaat is dat mense gefokus het op wat hulle dink die kind of volwassene se tekortkominge is, dat die persoon uiteindelik gekies het om die kerk te verlaat omdat hul nie aanvaarbaar was nie. In hierdie gebeure is God se verlossende genade nie voorop gewees nie. Alhoewel gelowiges nie wetteloos behoort te leef nie, mag die kerk nie hul eie kwalifikasies fabriseer nie.

Die laaste doel is dat kategese lei tot lidmaatskap van die kerk. Vir De Villiers (1957:52-53) ontstaan die probleem dikwels dat dit naderhand net daaroor gaan om mense deel te kry van die kerk en dat die eintlike doel van kerkwees agterweë bly. Dit is daarom uiters belangrik om in verskeie vorme van kategese, veral doopkategese en belydenisklas, klem te lê op die rede waarom die kerk daar is en die motief om deel te wees van die geloofsgemeenskap.

"Leren geloven vindt altijd plaats binnen een *geloofs-gemeenschap*. Hoe individueel en persoonlijk de geloofsweg en het geloofsresultaat ook mogen zijn – geloof ontstaat altijd in een gemeenschap. Geloof word gevoed door een gemeenschap. Geloof bestaat uit gemeenschappelijke ervaringen, die worden geïnterpreteerd, worden overgeleverd en levend worden gehouden in vieringen, prediking, gebed en allerlei vormen van activiteiten"

(Dingemans 1991:118)

Die kerk moet hul eie motiewe bly toets hieroor, om seker te maak dat mense wat ingenooi word om die regte redes deelgemaak word en op die regte manier begelei word op hul geloofsreis.

Kategese moet altyd met 'n suiwer doel voor oë aangebied word tot opbou van die kerk. Daarom moet die kerk uit die geskiedenis leer wat die gevolg is wanneer die balans versteur word of wanneer ander dinge in die onderrig belangriker word as die eintlike doel, sodat die paadjies van die verlede nie herhaal hoeft te word nie, maar gesonde gemeentes kan groei in hul eenheid en geloof.

## 2.4 Die waarde van kategese in 'n gemeente

As daar gekyk word na die ontwikkeling van kategese in die kerklike tradisie dan is dit duidelik dat, waar 'n kerk kies om kategese aan te bied, kennis baie belangrik is. Die hoof rede daarvoor is tog om kennis op te bou rondom geloof en die tradisie waarbinne gestaan word. In die NG kerk word kennis as 'n belangrike deel van 'n persoon se geloofsgroei beskou. Kennis lei tot verstaan en insig, wat vertroue en geloof aanmoedig en versterk. Natuurlik is die twee pole, kennis en vertroue, wisselwerkend. Die een kom nie voor die ander nie en die een kan ook nie sonder die ander nie.

Kategese se waarde lê dan huis daarin dat dit mense toerus met kennis, sodat hul kan groei in geloof. Volgens Dingemans (1991:130) behoort dit uit te speel in 'n bepaalde verandering in gesindheid en gedrag. Dit kom egter nie sommer net vanself nie, maar moet ingeoefen word. Hierdie inoefening gebeur deur herhaling en deur mense te begelei daarin om nuwe, doelbewuste keuses te neem wat hul sal beweeg na nuwe gedrag en optrede.

Vir Bijlsma (1981:9) is die kerk se rol onder andere om by kinders 'n bewussyn en ervaring te kweek van dit wat hul deur die doop reeds is, naamlik lede van die geloofsgemeenskap.

"Vir die Gereformeerde beoefening van die kategese geld die groot beginsel van algehele gebondenheid aan die Heilige Skrif. Die Heilige Skrif wys vir die instandhouding van die deur God in die lewe geroepte instituut, die Amp aan. Die amp is die *principium divisionis*. Daarin lê die algehele gebondenheid aan die Skrif. Nie die Kerk, en ook nie die historiese verskynsel van die Kerk, is die prinsiep nie; dit gaan om die gebondenheid aan die Heilige Skrif"

(De Villiers 1957:53)

Die Woord is dus die hoofbron waaruit geloofsopvoeding moet plaasvind. Hierdeur word God se waarheid oor Homself en die mens geleer, wat dan ook toegepas moet word in mense se lewens.

Daarmee saam moet geloof egter ook beleef word. Kennis alleen bou nie 'n verhouding nie. Kim (2007:310-311) dui aan dat daar in die geskiedenis van die geloof eintlik twee pole ontstaan het rondom geloofsopvoeding. Aan die een kant is daar 'n sterk klem op Piaget se fokus op kognitiewe kennis as hoofbron tot geloofsvorming. Hierdie skool veronderstel dat die rationele verwerking van godsdiestige kennis kan lei tot geloof (Kim 2007:310-311). Teenoor hierdie groep, staan 'n groep wat Vygotsky navolg in sy teorie dat geloof deur wederkerige verhoudings gevorm word. Ervaring speel 'n baie sterk rol in hierdie skool se verstaan van geloofsgroei. Die ervaring wat verkry word deur middel van bepaalde verhoudings, beïnvloed hoe mense oor geloof en deelname daaraan, dink (Kim 2007:313).

Kim (2007:316) beleef 'n spanning tussen hierdie twee skole, maar dit is in sy opinie nie noodwendig sleg vir geloofsvorming nie aangesien nie een van die twee op hul eie 'n volledige beeld skets nie. "So rather than trying to limit faith formation to either pole, we need to understand their dialectic harmony and set forth a holistic framework for faith formation - ..." (Kim 2007:317). Kim (2007:317) kies dan spesifieker vir die dubbele kennis teorie. Hierdie teorie bring kennis en verhouding saam om wisselwerkend en ondersteunend saam te werk tot die vorming van geloof in mense se lewens. Dit is hieruit duidelik dat enige leerproses wat slegs op kennisinset gefokus is, 'n leemte gaan los en 'n gevoel van onvergenoegdheid by mense kan los. Bijlsma (1981:12) beskou verhoudings ook as 'n belangrike doel van kategese, saam met kennis. Deur kategese word kinders begelei om deel te word van en deel te neem in die gemeente. Hierdie deelword geskied deurdat verhoudings doelbewus gevorm word deur katekte.

Die Kategese-Taakspan van die Algemene Sinode bring in 2015 'n boek, "Geloofsvorming herontwerp", uit gebasseer op hul werk as Taakspan. Hierin verwys hulle na geloofsvorming as 'n intensionele proses wat gelowiges begelei op die reis wat hul saam met God neem. "Dit behels ontwikkeling van die gelowige se identiteit en roeping in Christus. Geloofsvorming gaan altyd van God uit (God neem inisiatief, Hy sken geloof). Hy gebruik mense (ouers en alle ander gelowiges), as

medereisigers, om nuwe reisigers (kinders en volwassenes) saam te nooi en in hierdie weg van geloof in te lyf en te begelei” (*Geloofsvorming herontwerp* 2015:3). Die kerk is deel van die “ander gelowiges” wat ook betrokke is by intensionele opvoeding. Bijlsma (1981:125) beskryf die kerk as die geloofsmoeder in ‘n persoon se lewe wat haar kinders met sorg begelei na ‘n ontmoeting met God. “Deze voorstellingen en levensvormen zullen variëren naar gelang van de omstandigheden en situaties. Het grondpatroon vertoont echter een vast stramien, dat in de diverse variaties en gestalten steeds herkenbaar blijft. Dat grondpatroon word beheerst door de ontmoeting met Jezus Christus” (Bijlsma 1981:125). Die kerk behoort sensitiief te kan wees vir wisselende situasies en fases in mense se lewens en hul in dit te help om elke keer by Christus uit te kom. Sodoende word mense begelei om God in elke omstandigheid verder en beter te leer ken.

In *Geloofsvorming herontwerp* (2015:4) word gesê dat die kerk deur kategese, as deel van geloofsvorming, slegs deelneem aan God se werk in mense se lewens. Dit bevestig dat geloofsvorming en kategese nie net op ‘n kognitiewe vlak aangebied kan word nie, maar dat mense begelei moet word in hul verhouding met God. Mense behoort geleer te word, deur voorbeeld en saam op reis te gaan, hoe hierdie verhouding lyk en hoe ontwikkeling gebeur. Dissipelskap is daarom ‘n kernwoord wanneer oor kategese gedink word. Elke gelowige word ‘n dissipel die dag wanneer ‘n oorgawe gemaak word. Dan begin ‘n pad van leer en groei. Dissipels wat self nog groei, word dan ook die leermeesters van die volgende geslag dissipels. Waar hierdie beginsel verstaan word, sê Nel (2009:6), maak ‘n gemeente erns daarmee om hul eie kinders op ‘n dissipelskap pad te neem. Kategese is die formele vorm van hierdie onderrig proses wat deur die kerk aangebied word.

Die kerk help mense in verskeie stadiums van hul lewe om te bly groei in hul verhouding met en verstaan van die Here. “In de catechese is de hand van de gemeente uitgestrekt naar de jonge mensen om hen enerzijds te bewaren bij de gemeenschap van allen, die te zamen de Náám belijden, en anderzijds toe te rusten tot een verantwoord leven in de wereld der mensen. De catechese is dus zowel pastoral als missionair gericht” (Bijlsma 1981:11). Hieruit is dit duidelik dat kategese ‘n wye fokus op die toerus van mense het. Dit gaan nie net oor groei in persoonlike geloof nie, maar definitief word onderrig in die kerk se roeping na buite ook hierby ingesluit.

Vir Nel (1994:89) speel die Gees 'n integrale rol hierin. "Dit is huis die Gees wat dissipels help om 'in die woorde' van die Here te bly. Dit bring die tweede dimensie van dissipelskap na vore, naamlik gehoorsaamheid aan die Woord en wil van die Here. Hierdie woorde leer die navolger onder leiding van die Gees en in gemeenskap met die ander dissipels steeds beter verstaan en doen" (Nel 1994:89, vgl ook Nel 2015a:191). Nel (2009:4) wys ook uit dat lering in die Joodse wysheid, nie slegs verstaan as doel gehad het nie, maar huis ook dat nuwe lewensstyle gekweek sal word deur doelbewuste keuses om anders te begin optree.

Dit is duidelik hieruit dat gelowiges se leer- en groeiproses nie slegs privaat gebeur nie, maar dat daar in formele leer, sowel as in korporatiewe leer baie waarde lê. Baie belangrik is dat bestudering van die Woord en die toepassing daarvan in gelowiges se lewens noodsaaklik is om regtig te kan leef as gelowiges in 'n deurmekaar wêreld. Dit word bevestig in *Geloofsvorming herontwerp* (2015:4) se bevindings. Hiervolgens is dissipelskap die proses waardeur kinders en adolesente ontdek Wie God is, wat Hy vir ons gedoen het maar ook wat Hy steeds elke dag vir ons doen. In hierdie proses ontdek hulle 'n nuwe identiteit wat in Christus gesetel is en hoe Hy ons in sy wêreld wil gebruik.

Twee van die punte wat Bijlsma (1981:13-14) as doelstellings van kategese noem, sluit hierby aan. Kategese rus kinders toe om as verantwoordelike mense in die wêreld te kan leef. Verder bied dit ook geleentheid dat kennis van God na elke nuwe geslag oorgedra kan word. Nel (2009:5) noem dat 'n moontlike rede waarom gemeentes se lidmaatgetalle afneem, kan wees dat gemeentes die begeerte verloor om met hul eie kinders 'n pad van dissipelskap te stap. Daar is 'n misleidende persepsie onder baie adolesente dat 'n aanvanklike keuse vir Christus voldoende is. "Discipleship is a journey, and not just a decision, though it might start with one. No young person should be duped into thinking that a once-off acceptance of Jesus is a guarantee of being saved" (Nel 2009:7). Die kerk en ouers moet jongmense begelei op 'n reis van ontdekking rondom God se groothed en sy liefde vir hulle.

Dit is dus belangrik dat diegene wat kinders op 'n dissipelskap pad wil begelei, seker maak hulle "verdien" die reg om hierdie pad te kan stap. Sien adolesente hul ouers en die kerk as mense wat leef en praat inlyn met 'n lewe wat God eer of lyk hulle maar net soos die wêreld (Nel 2009:7)? Beleef hul dat volwassenes hulself verhewe ag en

dus onbereid is om ‘n opregte pad te stap (Nel 2009:7)? “When we extend the invitation on his behalf, we should never forget this. The fact that God does the calling does not take anything away from our seriousness or passionate intentions. It does, however, call for us to exhibit modesty and integrity” (Nel 2009:9). Hierdie passie is so ‘n groot deel van veral adolessente se lewe, sê Dean (2004:33). Hulle wil hierdie passie uitleef, ook in terme van hulle geloof. Hulle het egter nodig om te weet of geloof in Christus die moeite werd is om voor te sterf. Hulle het ‘n saak nodig waarvoor hul kan staan, wat die moeite werd is om voor te sterf. As hulle nie Christus kies nie, gaan dit iets anders wees (sien Dean 2004:31-33). Dean (2004:32) sê dat as adolessente nie oortuig is dat geloof in Christus wel die moeite werd is om voor te sterf nie, is dit ook nie vir hulle die moeite werd om daarvoor te lewe nie. Dit is die kerk en ouers se verantwoordelikheid om vir adolessente te wys en leer dat dit wel die moeite werd is om passievol uitverkoop te wees aan Christus.

Hierdie beginsels is ook waar en van toepassing as daar oor doopkategese gedink word. Doopkategese se hoofdoel is juis om ouers toe te rus sodat hul op ‘n formele en informele manier hul kinders weer kan opvoed in geloof. Hul moet die basiese waarhede van die Christelike geloof vir hul kinders kan leer, hul kan begelei om te groei in hul geloof en hoe om hulle geloof op ‘n daaglikse basis uit te leef. Doopkategese behoort ouers daarom op beide kante van die munstuk toe te rus en nie slegs ‘n kennis inset gee, en dan verwag ouers moet weet hoe om die verhoudings- en ervaringskant oor te dra, nie. Bijlsma (1981:278) dui op die belangrikheid daarvan dat die kerk verdere onderrig vir volwasse lidmate bly bied. Na formele kategese en belydenisaflegging behoort daar steeds geleenthede geskep te word waar lidmate kan leer en groei. Die kerk kan dus nie hierdie geleentheid om ouers te help op hierdie pad, laat verby gaan nie. Osmer (1996:196) deel die seining, deurdat hy sê dat doopkategese na die doopbediening voortgesit behoort te word.

Die kerk behoort dus moeite te doen met die manier waarop ouers toegerus word vir hierdie taak. Een van die belangrike aspekte wat aangeraak word, behoort te wees hoe ouers by die huis aandag aan geloofsvorming kan gee. “Of special note for congregations is the finding that religious practices in the home virtually double the probability of a congregation’s youth entering into the life and mission of Christ’s church” (Strommen & Hardel 2000:98). Die kerk het beperkte tyd saam met dooplidmate en dus kan die kerk nie die verantwoordelikheid van geloofsvorming

namens ouers dra nie. Indien die kerk ouers egter kan oortuig van die groot verantwoordelikheid wat hul dra en sinvol kan toerus om hierdie taak te verrig, behoort baie meer kinders uiteindelik groot te word met 'n sterk geloofsidentiteit.

Hierdie uitkyk op geloofsvorming vra dat 'n nuwe generasie ouers anders begin dink oor geloofsvorming en watter rol hul as ouers saam met die kerk vervul in hul gesin se lewe in terme hiervan.

Spiritual formation begins with the rejection of the centuries-old tradition of a false dichotomy that divides life in the categories of sacred and the secular. All life that is lived is lived by faith in Jesus Christ so to spiritualize our hearts in earthly employment. The family then is seen not only as a social unit but where the common is translated into potential pointers of God's grace. It is then reasonable to state that the family more than the church becomes a centre for instruction.

(Harold 2012:145)

Slegs deur die Gees kan iemand regtig in navolging van Christus leef. Dissipelskap vra dus gehoorsaamheid aan God se Woord en wil sodat mense se lewens inlyn daarmee geleef kan word, soos by Nel (2009:8) gesien word.

Aan die hand van wat Harold hier sê is dit duidelik dat die kerk dalk 'n skuif in fokus nodig het. Die kerk self moet dalk meer op ouers en hul geloofsgroei fokus, wat kan deursypel na hul gesinne. Bijlsma (1981:25) sê juis dat die gesin die eerste punt van opvoeding in 'n kind se lewe is. Dit sluit geloofsopvoeding in. Nog lank voor die kerk in die prentjie kom, behoort die ouers al te begin het met geloofsopvoeding. Lam (n.d.:61) sluit hierby aan wanneer hy sê dat kinders nie 'n begrip van God begin vorm voordat iemand hulle die eerste keer voorstel aan die idee van 'n Godheid en sy werk in mense se lewens nie. Ouers is gewoonlik daardie eerste kontakpunt. Indien ouers nie hierdie verantwoordelikheid nakom nie, leer 'n kind waarskynlik baie later in hul lewe die eerste keer van God.

Dit is moontlik dat kerke tog sterk fokus op kinders los van die ouers, wat hul geloofsopvoeding in elk geval kompartmentaliseer. Indien hierdie fokus kan posvat in die kerk, kan ouers begelei word om self verantwoordelikheid te aanvaar vir hul

kinders se geloofsgroei en hoef hul nie weg te skram daarvan omdat hul onbevoeg of onseker voel nie. Dit is waarskynlik die rede waarom dit makliker is om die verantwoordelikheid aan die kerk en/of die skool oor te laat. Die gevolg is egter dat kinders leer dat geloof slegs in sekere kompartemente van 'n persoon se lewe tuis is en ongelukkig is die huis nie een daarvan nie. Ouers se eie deurlopende groei in hul geloof is dus uiters belangrik.

*Geloofsvorming herontwerp* (2015:6) lê klem op die belangrikheid van verhoudings in geloofsvorming. Alle geleenthede waar geloofsvorming plaasvind in gemeentes en by die huis, behoort binne verhouding plaas te vind. Lam (n.d.:64) beskryf hierdie beginsel baie goed. "Geloven is een werkwoord dat je in je leven moet leren vervoegen. Geloof komt niet vanzelf, ook niet bij kinderen. Je moet er wat mee dóén, je moet er wat áán doen, samen, met je kinderen. Het is niet het aanleren van feiten, zekerheden en riten. Geloven is een wijze van leven, samen leven met je kinderen en met de mensen om je heen. Mensen maken Hem waar!" (Lam n.d.:64). Kategese behoort altyd so gestructureer te word dat omgee, verhoudingsbou en gesprek die kern uitmaak van die byeenkomste. Volgens *Geloofsvorming herontwerp* (2015:6) is die deurlopende voorbeeld-karakter van die hele gemeente baie belangrik vir hierdie aspek van gemeente wees. Ouers se toerusting behoort ook in verhouding te gebeur.

Ouers is in essensie dissipels wat nuwe dissipels help vorm. Ouers self behoort nie op te hou leer nie. "In hierdie dimensie gaan dit naamlik om lewenslange navolging as leerlinge van en by Christus. Gelowiges is leerlinge (dissipels) op weg. Hulle is mense op weg, wat volg waar Hy lei en wat as't ware – omdat hulle Hom nie meer fisies sien nie – op sy Woord die toekoms instap. Dit word 'n geloofstrek of 'n trek van gelowiges agter Hom aan en op sy bevel" (Nel 1994:90-91, vgl ook 2015a:193). Ouers het dus 'n groot verantwoordelikheid om hierdie trek agter God aan ernstig op te neem, sodat hulle hul kinders kan leer wat hul reeds weet. Hierdie kennis word oorgedra soos wat dit van toepassing is vir kinders in die verskillende lewensfases wat hul deurgaan. Wanneer dit kan posvat, ontstaan 'n positiewe siklus in gesinne wat die toekoms van gesinne anders kan laat begin lyk. Dan kan negatiewe siklusse gebreek word waar gesinne al minder groei en uiteindelik kerklos of kerkloo opeindig. "As gemeentes dus ernstig oor geloofsvorming van kinders en jongmense is, sal hulle ernstig moet wees om ouers en mentors te ondersteun, te begelei en toe te rus vir hierdie taak en

ouers en mentors altyd insluit in kategese en alle vorme van jeugbediening” (*Geloofsvorming herontwerp* 2015:4).

In die volgende afdeling word daar na die doop gekyk. Die gronde vir die verbondsdoop, waarop in hoofstuk 3 uitgebrei word, is die ouers se geloof. Doopkategese se doel is dus juis om ouers te onderrig en toe te rus oor wat die betekenis is en wat hul verantwoordelikheid is. “Voornemende doopouers moet die erns van die verbond goed begryp...Die verbond is ‘n gawe, iets wonderliks wat God aan ons en ons kinders gee. Maar die verbond eis ook geweldige verantwoordelikhede van hulle met wie dit aangegaan is...Hier by die doopkategese moet ‘n sterk oproep uitgaan tot die doopouers vir ‘n betrokkenheid by die godsdiestige opvoeding van die kinders” (Olivier 1982:59).

Volgens *Geloofsvorming herontwerp* (2015:20) was dit voorheen baie makliker vir ouers om hul verbondsverantwoordelikhede na te kom. Die wêreld waarin gesinne geleef het was veel meer gereguleer. Meeste skole en ander kultuurorganisasies was ook Christelik georiënteer en het as ondersteuning gedien vir ouers. “Kinderen jongmense se reaksie op hierdie golwe in hulle besluitneming is aan die een kant simplistiese vorme van individualisme (die individu kan self besluit wat waar is) en aan die ander kant relativisme (alle perspektiewe op die waarheid is ewe geldig)” (*Geloofsvorming herontwerp* 2015:20). Hierdie wêreld is so ver verwyder van die wêreld waarin die ouers as kinders groot geword het. Hul kan dus ook nie terugval op die manier waarop hul ouers hulle geleer het nie, want dit is bloot net nie meer toepaslik in ‘n nuwe wêreld nie (vgl ook Lam n.d.:60). Ouers het definitief hulp nodig om hierdie pad te stap met hul kinders.

Die vraag bly dan of die twee of drie of vier gesprekke wat met ouers gevoer word, voldoende is om hul deur die komende 18 jaar te dra waarin hulle hul kind moet leer? Kan daar genoegsame toerusting plaasvind om hulle te help om self te bly groei, maar ook om hul kinders te begelei op die pad?

## 2.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is gefokus op die kardinale rol wat kategese in ‘n gemeente speel. Dit is belangrik dat die regte fokus in ‘n gemeente hieraan gegee word sodat ouers en hulle kinders uiteindelik kan bly groei in hul geloof na ‘n sterk geloofsidentiteit.

In die volgende hoofstuk word gekyk na ‘n teologie van die doop en hoe die betekenis van die doop gelowiges kan help om ‘n nuwe identiteit te vorm.

## HOOFTUK 3

### ‘n TEOLOGIE VAN DIE DOOP

#### 3.1 Inleiding

In hoofstuk 2 is daar gekyk na die ontwikkeling van die kategumenaat asook die waarde van kategese in die kerk. Daar is uitgewys dat doopkategese baie belangrik is, sodat ouers vir hul taak toegerus is. In hierdie hoofstuk word gekyk na wat die basis is van dit wat ouers hulle kinders behoort te leer, naamlik die betekenis en rol van die doop in ‘n persoon se lewe.

Die navorsingsprobleem maak dit noodsaaklik om in hierdie hoofstuk op die veld van Sistematiese Teologie te beweeg. Daar word egter na die doop gekyk met ‘n Praktiese Teologie lens, sover dit van toepassing is op die studie. Hier word dus nie gepoog om die doop Sistematis Teologies na te vors nie.

#### 3.2 ‘n Gereformeerde teologie van die doop

Die doop as een van die twee sakramente van die Gereformeerde tradisie is ‘n uiters kosbare handeling van God in mense se lewens. “Die doop is nie ‘n klein, terloopse, geïsoleerde gebeurtenis in ‘n gelowige se lewe nie. Dit is die eerste sigbare heilige daad waardeur ons aan Christus verbind word en ingelyf word in sy gemeente. Dit stempel ons lewe op ‘n onuitwisbare manier en kan, as dit in geloof ontvang word, vrugte dra wat tot in ewigheid duur” (Burger 2014:18). Tog is dit opmerklik dat baie lidmate van die NG kerk nie ‘n omvattende verstaan van die doop het nie. Dit is waar in terme van die tradisie se keuses oor die verbondsdoop en bekeringsdoop sowel as die doel en werk van die doop. Vanuit gesprekke met persone wat binne en buite hierdie tradisie staan, word dikwels verskralde en verwronge idees rondom die doop opgetel. Die gevolg is dat mense wat die doop ontvang het nie die waarde daarvan in hul lewe besef nie en daarom ook nie leef vanuit dit wat die doop bemiddel nie.

Die bediening van die doop het, soos baie ander elemente in die kerk, ook deur die eeu heen op verskillende maniere plaasgevind. Die kern van die betekenis het nie verander nie, maar die hoe en wanneer het beslis verskeie fases deurgemaak. Soos daar gesien is in hoofstuk 2, het die doop se plek in terme van ander rituele ook

verander met tyd. Teoloë het deur die verloop van tyd verskil in hul teologie van die doop, dikwels in reaksie op ander gebeure in hul kerklike tradisie.

As ons kyk na die vroeë kerk se siening en bediening van die doop, kan 'n paar kenmerke uitgelig word. Wepener (2007a:311) wys daarop dat die doop in hierdie tyd waarskynlik reeds meer as slegs 'n kort waterritueel was, maar dat daar nog nie 'n vaste uitgewerkte gebruik sou wees nie. Die doop is in hierdie tyd hoofsaaklik aan nuwe bekeerlinge bedien. "In die vroeë Patristieke tyd was doop, bevestiging en eerste nagmaal een inisiasieritueel. Hierdie proses met die gepaardgaande volle lidmaatskap het aan 'n persoon toegang verleen tot sekere dinge wat taboe was vir nie-lidmate" (Wepener 2007a:315).

Na 312 begin die situasie in die kerk verander. Met die vestiging van Christelike geloof as 'n wettige godsdiens het al meer mense deel geword van die geloof (Wepener 2007b:322-323). "...[E]n is gepaardgaande hiermee met die opkomende geslagte al meer kinders gebore met gelowige ouers. Doop en bekering het dus nou 'n ander roete begin volg as die tradisionele oorkom van heidene na die Christelike geloof, deurdat prokreasie eerder as bekering die belangrikste wyse was waarop die kerk se getalle vermeerder het" (Wepener 2007b:323). Doop het dus begin losraak van nagmaal en bevestiging. Nuwe liturgieë is nie ontwikkel vir die gebruik nie wat beteken die liturgie wat gebruik is vir die bekeringsdoop is op daardie stadium net so vir die kinderdoop ook gebruik (Wepener 2007b:326).

Burger (2014:27) verwys daarna dat vir die Katolieke tradisie die Here se teenwoordigheid en werking in die sakramente baie belangrik was. Dit was belangrik om te beklemtoon dat God se werk nie afhanklik was van mense se doen en late nie. "Die uiteinde was 'n formulering wat die saak te ver voer en nie rekening hou met die manier waarop die Skrif oor die doop en die nagmaal, maar veral ook oor genade en geloof, praat nie" (Burger 2014:27). Dat God teenwoordig is in die sakramente is 'n onbetwisbare feit, maar vir Burger (2014:27) is die katolieke tradisie se teologie rondom die sakramente te ongekwalificeerd. Die Katolieke kerk het vyf ander sakramente behalwe doop en nagmaal ook gehad, maar aangesien hierdie handelinge nie soos die doop en nagmaal in die Bybel deur Christus ingestel en as opdrag gegee is nie, is die Gereformeerde tradisie nie gemaklik daarvan nie (Burger 2014:23). Hierdie sakramente is konfirmasie, die huwelik, ordinansie, laaste oliesel en

skuldbelydenis. Alhoewel dit belangrike roetemerkers is in mense se lewens, kan dit nie op dieselfde vlak as die doop en nagmaal beskou word nie.

Soos gesien by Burger (2014:28-29) word die Reformasie se opkoms baie sterk verbind met die kerk se standpunt oor die sakramente. Verskeie teoloë van hierdie tyd (spesifiek Calvyn, Luther en Zwingli word hier bespreek) het egter redelik van mekaar verskil oor die rol van die sakramente en hoe God daarby teenwoordig is, al dan nie. Luther en Calvyn het albei die sakramente en die prediking gesien as die heilsmiddele wat deur God ingestel is en deur die Gees in ons bewerk word as bevestiging van God se verlossingswerk. Jesus self het die twee sakramente gegee en daarom is die bykomende vyf van die Katolieke tradisie, soos hierbo genoem, afgewys. Dit is nie deur Christus in die Bybel gegee as gawes van God nie. Burger & Wepener (2007:52-53) dui aan dat die Woord vir albei saam met die sakramente 'n heilsmiddel van God is wat geloof in ons bewerk. Daarom het albei ook 'n sterk fokus op lering gehad.

Burger & Wepener (2007:52) dui aan dat Luther en Calvyn egter nie presies dieselfde teologie gehandhaaf het rondom die sakramente nie. Luther het 'n sterk klem daarop gelê dat God handel in die doop deurdat dit 'n beseëling van God se beloftes is dat Hy vir mense vergifnis en verlossing skenk. Calvyn het tussen Luther en Zwingli se standpunte gestaan in sy denke oor die doop. Hy stem saam met Zwingli dat die doop 'n teken is, maar in lyn met Luther sien hy dit nie as blote teken nie en stem saam dat God handel in die doop (Burger & Wepener 2007:54). "Kenmerkend van Calvyn se beskouing is dat hy vas geglo het dat die Gees in en deur die sakramente in ons werk, maar hom weerhou het daarvan om te spekuleer oor presies hoe die Gees dit doen. In sy ontwikkeling het Calvyn voortdurend die feit dat die doop primêr 'n aksie van God is bly beklemtoon, maar gaandeweg meer en meer aandag gegee aan die aspek van menslike respons" (Burger & Wepener 2007:54). Hy het ook nou aanklank gevind by Zwingli se verbondsleer rondom die doop (vgl. Burger & Wepener 2007:54).

Zwingli se standpunt het heelwat van beide Luther en Calvyn verskil. "Zwingli se effe sagter standpunt, naamlik dat die sakramente belangrik en waardevol is, maar nie meer is as blote herinnerings aan die geskiedenis van Jesus nie, is waarskynlik presies die voorloper van die standpunt wat ons vandag in baie Gereformeerde Kerke kry" (Burger 2014:28).

Aan die hand van Burger & Wepener (2007:55) is daar 'n paar punte wat genoem moet word aangaande die doop aan die hand van die verandering wat ingekom het met die Reformasie. Die doop is nie gesien as 'n handeling wat geloof wek nie. Die doop sluit mense in by God se verbondsbeloftes op grond van sy genade. Saligheid berus steeds op Christus se verlossingswerk en die mens se aanvaarding daarvan. Mense kan hulself dus nie in dit indra nie, maar kan wel kies om ten spyte daarvan dat dit ontvang is, dit nie te glo nie en hulself weer buite die verbond plaas.

Van die Reformasie af het teoloë en kerke se beskouing van die doop en nagmaal ontwikkel en verander tot so mate dat daar 'n wye verskeidenheid ontstaan het in die verstaan van die betekenis van die doop. In die volgende afdeling word daar meer deeglik na die doel en betekenis van die doop gekyk soos dit in die Gereformeerde teologie verstaan word.

### 3.3 Die doel en betekenis van die doop

In gesprekke met gelowiges is dit dikwels die navorser se ervaring dat daar 'n beperkte verstaan by mense is rondom die doop. Daarmee saam is daar verskeie tradisies wat die doop verskillend benader. Dit bring teweeg dat mense óf glad nie oor die doop wil gesels nie, óf mense vermeng verskeie standpunte en sien nie die onderskeidende benaderings raak nie. Die doel van hierdie studie is nie om een tradisie of standpunt teen 'n ander af te speel nie. Die doel is wel om 'n goeie en deeglike doopteologie, geskoei op Gereformeerde teologie, as basis te gebruik om die verskeie dele van hierdie studie bymekaar te bring.

Hierdie verskille, sowel as mense wat gesprek oor die doop vermy weens onsekerhede, is wat vir Burger & Cilliers (Burger 2014:11-18) aangemoedig het om 'n deeglike studie te doen na wat dit is wat by die doop gebeur en hoekom die doop 'n spesiale plek in 'n persoon se lewe behoort in te neem. Soos daar in die vorige afdeling gesien is, is daar reeds van vroeg in die geskiedenis af verskille onder mense oor wat presies by die doop gebeur. Burger (2014:28-29) verwys daarna dat Calvyn en Luther albei die Woord en sakramente gesien het as "verkose" en "gewone" heilsmiddele. Dit beteken dat dit alledaagse handelinge is waardeur God kom werk in mense se lewens. Jesus Christus het dit self gegee en hul kry deur dit deel aan Hom.

Burger voel egter dat daar in die kerk nie regtig op hierdie manier oor die sakramente gedink word nie.

As ons aan die doop en die nagmaal dink, is dit nie hierdie beeld van die lewende Jesus wat Self na ons kom, wat by ons opkom nie...Wat ons moet verstaan, is dat ons onsself 'n belangrike middel tot groei, heililing en heling ontsê as ons nie die sakramente ernstig opneem nie. In sy wysheid het die Here hierdie twee middele gekies, die woord en die sakramente, as die voorkeurmanier waarop Hy na ons kom en ons omvorm na sy beeld. Ons doen 'n vreeslike ding aan Hom en aan onsself as ons dink die sakramente is 'n ekstra en dat ons eintlik daarsonder kan klaarkom.

(Burger 2014:29)

Voordat daar spesifiek na die doop as sakrament gekyk word, is dit nodig dat daar eers gekyk word na die betekenis van "sakrament" en hoekom die Gereformeerde tradisie, saam met ander, kies om die doop en nagmaal as sakramente te sien. Brownson (2007:22-25) gee 'n duidelike uiteensetting van die verskillende benaderings tot die doop en nagmaal. Meeste tradisies kies om of van 'n sakrament of van 'n instelling te praat. Die verskil tussen die twee is die hoek waar vanuit daar na die doop en nagmaal gekyk word. Sakrament kom van die Grieks *mysterion* af. Browning & Reed (1985:28) verwys na die belangrikheid vir die keuse om *mysterion* met *sacramentum* te vertaal, in plaas van *mysterium*. "Sakrament" is nie 'n presiese vertaling van misterie nie. Misterie het verwys na die verborge werke van God wat in Christus sigbaar geword het. Sakrament daarteenoor het 'n meer vaste betekenis. Dit verwys na 'n spesifieke verbintenis of ooreenkoms. *Mysterium* is 'n woord wat baie sterk verbind was aan sogenaamde geheimsinnige godsdiens. "By careful choice of terms, refusing to translate *mysterion* with *mysterium*, and never referring to pagan ritual as *sacra* the early Latin Christians were apparently safeguarding the identity of their own worship" (Browning & Reed 1985:28).

Die fokus is hier dus sterk op God wat werk en Homself aan mense bind deur die verbond. Deur die sakramente sken God sy genade en die hooffokus val op die werk wat God doen. Die sakramente word dus gesien as tekens wat sigbaar is en wys na God wat handel, maar dit is ook seëls wat die werk van God bevestig in gelowiges se

lewens. Dit is dus meer as net blote tekens, soos gesien by Brownson (2007:22-25). “The question whether Christian baptism is from God or from men has therefore a definitive answer. The sacred sign is forever lifted above all arbitrariness. It is and remains the meaningful sign of the accomplished salvation and of all the richness of blessing comprised in that salvation. Faith lives by it and in it” (Berkouwer 1969:104). König (1986:157) beklemtoon dat, ten spyte van die verskeidenheid betekenis van die doop wat uit die Nuwe Testament geneem kan word, daar een saak bly staan en dit is dat God handel in die doop. Hierdie handeling is altyd tot heil van die dopeling. Osmer (1996:172) handhaaf ook hierdie siening deur te sê dat die sakramente verby hulself wys na die geskiedenis waar God se genade bemiddel is deur Christus. Hierdie waarheid moet in elke situasie waar die doop bedien word, tot sy reg kom.

Daarteenoor stel Brownson (2007:22-25) dat die keuse om die nagmaal en doop as instellings te sien, beteken dat die klem in die eerste plek op gelowiges se handeling val. Vanuit hierdie benadering word die doop en nagmaal as gelowiges se beloftes aan God gesien en dus ‘n handeling van gehoorsaamheid. God se handeling is in die verlede toe Christus verlossing deur die dood en opstanding bewerk het en gelowiges reageer daarop deur in die hede deel te neem aan die doop en nagmaal. Die sakramente is bloot tekens wat wys na die evangelie. Cilliers (2014b:275) is van mening dat ‘n keuse om die doop as instelling te sien dit moeilik maak om die kinderdoop te verdedig. Omdat dit hier gaan oor mense se handeling, kies ouers om hul kinders aan God te wy en sodoende te belowe om hul kinders in geloof groot te maak. Dit verskraal egter die betekenis van die doop soos hieronder uiteengesit word.

“When the New Testament speaks of baptism, does the emphasis fall primarily on what Christians do (the *ordinance* view as outlined above), or on what God does (the *sacramental* view as outlined above)? When framed in this way, I believe the clear answer is the latter: the emphasis falls on what *God* does in baptism. First, note the places where baptism is closely linked to the washing away of sin – something only God can do...” (Brownson 2007:26). Verder wys Brownson (2007:26) ook na gedeeltes wat verwys na doop as die ontvangs van die Heilige Gees en dit wat die eenheid met Christus bewerk. Dit is alles handelinge wat God doen en mense nie kan bewerk nie.

Gelowiges reageer op die werk van die sakramente deur skuldbelydenis en geloof. Mense se handeling is dus deel van die gebeure wanneer die sakramente ontvang word, maar as 'n reaksie en nie die primêre handeling nie. "Baptism does not express primarily our turning from the old life to the new, but rather presents to us the new life toward which we must continually turn. Baptism thus points to God's generous cleansing and renewing grace poured out upon us, and repentance and faith reflect our grateful response to that grace in faith and allegiance. Both are necessary, but they are not to be equated with each other" (Brownson 2007:27). Williams (1995:76) se standpunt oor geloof sluit hierby aan. Volgens hom gebeur dit dikwels dat mense geloof sien as iets wat gekry word, soos 'n besitting. Wanneer hul dit het, is dit vir hulle genoeg. Daar hoef nie verder iets te gebeur nie. Daar is geen begeerte om te leer, te groei en te ontwikkel in geloof nie. Mense wat met dit tevrede is, lyk dikwels nie eintlik anders as ongelowiges nie. Wanneer mense egter kan raaksien dat geloof 'n verhoudingssaak is, word moeite gedoen om te ontwikkel en leef hul met die oog op wat voorlê. Die doop behoort mense te help om hierdie visie te kan hê en dus hulle te beweeg tot geloofsontwikkeling.

Hierdie studie kies om die doop as 'n sakrament te sien waar God die Een is wat primêr handel. Alhoewel dit moeilik is om presies te kan vasvat wat God alles doen deur die sakramente, is daar tog 'n paar opmerkings wat hieroor gemaak kan word. Die eerste punt wat gemaak word, is dat 'n sakrament 'n heilige handeling is wat uitgevoer word. Calvyn het, volgens Burger (2014:31), na die sakramente verwys as preke wat gesien kan word om mense te help om dit wat hul in die prediking hoor op 'n ander vlak te verstaan en ervaar. Verder sê hy dat albei "...handelinge (is) wat nie maar net in die algemeen stigtelik of religieus is nie, maar wat baie spesifiek heenwys na die liefde van God soos wat dit aan ons geopenbaar is in die dood en opstanding van Jesus" (Burger 2014:31). Die sakramente bevestig dus Christus se verlossingswerk as voldoende, sê Berkouwer (1969:91). Dit gaan gepaard met die derde kenmerk dat Jesus self die sakramente ingestel het, maar dit ook as opdragte gegee het wat gehoorsaam moes word. Uiteindelik sê Burger (2014:31) ook dat die Gees in die sakramente teenwoordig is en werk. Die sakramente is dus handelinge waarmee baie erns gemaak moet word deur die kerk.

Aangesien die doop so 'n baie belangrike deel van elke gelowige se lewe is, behoort lidmate goed onderrig te word oor die aard van sakramente en hoekom die kerk hierdie

benadering kies. Wanneer gelowiges nie verstaan waaroor dit gaan en hoekom dit belangrik is nie, kan hul nie vanuit die beloftes van die doop leef nie. Vanuit die ekumeniese studie, *Baptism, Eucharist and Ministry* (hierna BEM) se verslag kry Burger & Cilliers (Burger 2014:17-18) vyf fasette oor die doop waaroor verskeie kerklike tradisies saamstem aangaande die werk en doel van die doop. Hierdie punte sal as basis vir hierdie hoofstuk dien. Cilliers (2014a:71-232) gaan in diepte in elke faset in en bespreek verskeie lense en vashaak plekke. Daar is nie hier ruimte om in dieselfde diepte in te gaan nie. Daarom word slegs die beginsel van elke faset kortlik hieronder bespreek.

- **Die doop verenig mense met Christus**

Cilliers (2014a:76-78) beskryf hierdie ‘deel word’ as ‘n beweging. Om in Christus ingedoop te word kan vergelyk word daarmee om in ‘n vertrek in te loop. Hierdie eenheid lei iemand in ‘n nuwe lewe in waar vir God geleef word, maar ook uit Hom geleef word. Hy word die bron van ‘n persoon se bestaan. Die beste manier om hierdie eenheid te verstaan, is aan die hand van die woord *koinonia*.

Ons koinonia met Christus beteken dus dat Hy Homself vir ons gee met alles wat Hy het en is én dat Hy alles wat ons het en is, vir Homself opeis. Hy behoort aan ons en ons behoort aan Hom. Hierdie koinonia het begin lank voor ons geboorte reeds, toe Christus gebore is en Homself in liefde vir ons gee. Dit het trouens sy diepste wortels, soos Paulus in Efesiërs 1:3 en verder duidelik maak, voor die grondlegging van die wêreld, in die ewige liefde van God, die liefde wat Hy in Christus aan ons bewys het.

(Cilliers 2014a:78)

Dit is daarom belangrik om te verstaan dat Christus se verlossingsdaad nie iets is wat net lank terug gebeur het nie, maar dit is elke dag steeds ‘n werklikheid in gelowiges se lewens en gebeure wat hul lewens elke dag moet rig (Cilliers 2014a:78-79). God se genade kom in die sakramente ten sterkste uit. McKim (1988:121) noem dat dit die mens se bedoelde regverdigheid herstel deurdat Christus se regverdigheid op die mens oorgedra word. Die sakramente is die sigbare bevestiging van hierdie waarheid.

- **Deur die doop word die vergifnis van sonde sowel as ‘n nuwe lewensoriëntering sakramenteel verseël**

As Cilliers (2014a:111-112) oor vergifnis en skuldbelydenis praat, plaas hy vergifnis voor skuldbelydenis. Die verwagting sou wees dat belydenis nodig is voordat vergifnis gevra kan word. Die doop kom sê egter dat daar reeds vergifnis beskikbaar is en daarom kan daar met vrymoedigheid voor God belydenis gedoen word. Op grond van vergifnis wat Christus deur sy verlossingsdaad vir mense skenk, kan mense belydenis doen voor God. Mense word dus kinders van God op grond van dit wat Hy bewerk het en nie op grond van wat mense doen of nie doen nie.

In die Gereformeerde tradisie is sondebесef wel baie belangrik. “Indien ons egter die herstelde koinonia in Christus vooropstel, hoef daar nie by sondebесef begin te word nie, maar kan daar eerder begin word waar Jesus begin het: by tafelgemeenskap met mense, by die praktyk van liefdesgemeenskap. Dikwels word gebrekkige sondebесef gebore uit ‘n gebrekkige insig in die aard van die koinonia waarvoor God die mens gemaak het” (Cilliers 2014a:112-113). Deur die alles oorkoepelende liefde van God te beleef, kan daar by mense ‘n besef kom van wat dit is in hul lewens wat hul nog weghou van daardie liefde.

Vanuit die fokus van die studie is hierdie ‘n belangrike aspek om onder ouers se aandag te bring. Hul benadering tot die pad wat hulle met hul kinders stap rondom doop en bekering kan ‘n groot verskil maak in die manier waarop kinders God, hul doop en sondeskuld sien. Cilliers (2014a:124) beklemtoon die belangrikheid daarvan om te weet dat Christus by die doop Homself opnuut gee as die Een wat reiniging en versoening bewerk. Die doop met die water is ‘n teken van die reiniging wat deur Christus se bloed bewerk word en is ‘n geskenk uit sy hand wat vir elkeen bedoel is

Wanneer hierdie faset ‘n werklikheid word in mense se lewens, kom daar ‘n besef dat hul lewe vir altyd verander het en daarom moet vernuwe. Cilliers (2014a:111) sê dat God in Christus alles gedoen het om die werklikheid van ‘n persoon se lewe te verander. Hy neem mense aan tot kinders, hulle is deel van ‘n nuwe huisgesin. Hierdie waarheid moet egter geneem word en deelgemaak word van die werklikheid waar vanuit ‘n persoon leef. Dit gebeur slegs deur die Gees wat in mense werk. “Where people are exposed to this unconditional love, inclusion and acceptance, they do not remain the same, but are transformed so that they can increasingly conform to Jesus

Christ" (Koopman 2005:451). Cilliers (2014a:111) sluit by hierdie gedagte aan as hy sê dat waar geloof is, kan verandering in lewens begin plaasvind. Dit is slegs binne geloof wat dit sin maak om jou lewe nuut te oriënteer aan die hand van wat Christus kom doen het. Vir iemand wat nie glo nie, maak dit nie sin nie

- **Die doop is 'n sakramentele bewys dat die Heilige Gees werksaam is**

Volgens die BEM is hierdie die sentrale punt waarby die ander drie aanhaak (Cilliers 2014a:138).

BEM gebruik 'n paar begrippe om te verduidelik wat by ons doop gebeur. God gee vir ons die salwing met die Heilige Gees ('n beeld wat dui op ons toerusting tot diens in die koninkryk); Hy gee vir ons die belofte van die Gees (wat impliseer dat die gawe van die Gees nie ons vanselfsprekende besit word nie, maar in geloof ontvang word); God merk ons met 'n seël (wat daarop dui dat ons geheilig word deurdat ons as sy eiendom 'gemerk' word), en Hy gee vir ons die Gees as *waarborg* van alles wat ons nog sal ontvang (wat beteken dat God deur die Gees, in ons doop, ook dievlam van 'n lewende toekomshoop in ons harte aansteek).

(Cilliers 2014a:139)

Cilliers (2014a:140-141) dui aan dat die BEM ook gesê het dat die Gees voor, in en na die doop in mense se lewens werk. Die Gees se werk word dus nie beperk tot die doop nie, maar dit staan ook nie los van die doop nie. Deur die doop word 'n persoon se hele lewe deurweef met die werk van die Gees wat hul aan die Vader bind. Deur die werk van die Gees kry die doop betekenis in 'n persoon se lewe en kan daar met 'n ander ingesteldheid geleef word, want daar vind groei plaas.

- **Deur die doop word mense by die liggaam van Christus ingelyf**

Cilliers (2014a:174-175) sê dat die eenheid van gelowiges nie iets is wat deur mense georganiseer word nie, maar dit is gegrond in dieselfde Gees, Here en doop wat hul saambind. Christus kan tog net een liggaam hê en elkeen wat in sy verlossing deel het outomaties deel aan die liggaam. Hierdie eenheid mag nooit as 'n keuse gesien word nie. Dit is 'n gegewe, maar daarmee saam ook 'n opdrag as daar na

teksgedeeltes soos Efesiërs 4:3 gekyk word. Hierdie eenheid word nie deur gelowiges bewerk nie, sê Cilliers (2014a:175), maar daar moet werk gemaak word daarvan om die eenheid te handhaaf. “God skep werklikheid, en sy werklikheid maak vir ons moontlikhede oop. Juis die werklikheid van die eenheid wat God in Christus deur die Gees geskep het en by ons doop beseël het, maak vir ons die moontlikheid oop om ons band met mekaar te handhaaf en in vrede met mekaar te leef. Ons ontvang die eenheid as geskenk by ons doop...” (Cilliers 2014a:175). Gelowiges kies egter nie noodwendig altyd om hierdie eenheid te handhaaf nie (vgl ook Cilliers 2014a:175). Van der Merwe (2009:134) se siening sluit sterk hierby aan. Hy dui aan dat die ontvanger van die Gees primêr die kerk is, dus ontvang mense die Gees in verhouding tot mekaar en nie as individue nie. Bekeerlinge ontvang die gawe van die Gees wanneer hulle deel word van die liggaam van Christus.

- **Deur die doop geroep tot diens in die koninkryk van God**

Cilliers (2014a:204, vgl ook Nel 2009) maak die opmerking dat mense dikwels hul aanvanklike bekering as die doel sien. Wanneer hul tot bekering gekom het en weet hulle het die ewige lewe, is hul tevrede. Deur die doop word gelowiges egter saamgeneem op ‘n groter reis as net dit. “Die doop verkondig aan ons, op ‘n eenvoudige, sigbare en tasbare manier, die evangelie van die koninkryk. Dit bring die goeie nuus dat Christus ook óns Koning is en dat ons ook ingesluit is in God se agenda vir die vernuwing van die wêreld. Die doop vestig ons geloof op Christus; dit laat ons voorentoe kyk in hoop dat Christus sy goeie werk sal voltooi – en dié hoop laat ons opnuut weer die lewe in liefde en koinonia aanpak,...” (Cilliers 2014a:231). Gelowiges is deel van die wêreld wat God gemaak het en waar Hy deurentyd besig is om te werk. Daar kan dus nie ‘n persepsie heers dat dit niks met gelowiges of hul geloof te doen het nie. Hulle word huis in die middel daarvan geplaas om die wonderlike waarheid ook daar te deel. Heyns (1978:340) deel hierdie siening. Hy beskryf dit dat elke gedoopte die wêreld ingestuur word om te gaan vertel dat Christus sy eienaarskap van elke persoon wil opneem. Die doop het dus dan nie slegs na binne betekenis vir die kerk nie, maar het ‘n baie duidelike betekenis na buite vir die wêreld wanneer gedooptes gehoorsaam is aan die Gees wat hul daartoe lei.

Vir die doeleteindes van hierdie studie moet daar dan ook gekyk word na die Gereformeerde tradisie se motivering vir die kinderdoop of die verbondsdoop.

Aangesien die doop baie sterk met geloof (en dus ook bekering) saamhang in die Bybel, is daar vir baie mense onsekerheid oor hoe die kinderdoop dan verstaan behoort te word. Alhoewel die Nuwe Testament nie 'n direkte opdrag gee dat kinders gedoopt moet word nie, voer Berkouwer (1969:161) tog aan dat kinders waardig is om die doop te ontvang op grond van God se verbondshandelinge. Heyns (1987:342) verwys in die eerste plek na die verbond wat God met Abraham aangegaan het in Genesis 17, waar elke man in die familie die teken van die verbond ontvang het. Die opdrag sluit verder in dat elke nuwe seun wat gebore word hierdie teken ook ontvang. "Gods verbondshandelinge is nie individualisties nie, maar organies, en daarom word ook op die kinders as eiendom van God beslag gelê. As teken en seël van Gods verbondshandelinge wat óók die kinders insluit, is die besnydenis ingestel – nie as blote vleeslike teken van gebondenheid aan die volk van Israel nie, maar as geestelike teken van 'n besnede hart wat aan God behoort" (Heyns 1987:342).

In die Nuwe Testament bewerkstellig Christus die nuwe verbond. Brownson (2007:116) noem dat die doop die besnydenis as teken van God se gebondenheid met die mens vervang. In Hebreërs word dit duidelik dat Christus se gee van Homself as finale en voldoende offer, die offerkultus in onbruik laat verval het. Daar is dus nie meer 'n nodigheid vir bloed om te stort wanneer God Hom aan mense verbind nie.

Heyns (1987:342) verwys daarna dat die beginsel van kinders wat ingesluit word by God se beloftes nie verander het in die Nuwe Testament nie. In Handelinge 2:39 word daar gelees: "Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep" (NAV 1992). In die Ou Testament was die besnydenis die sigbare teken van hierdie genadige handeling van God om kinders in te sluit by die beloftes wat Hy aan gelowige ouers skenk (Heyns 1987:342-343). In gedeeltes soos Handelinge 2 is dit duidelik dat daardie beginsels steeds gegeld het. God se verbond met gesinne bereik 'n hoogtepunt by hierdie geleentheid. Dit is nie slegs beperk tot hierdie gedeelte nie, maar is die verbondstema wat die hele Bybel deurspeks (Brownson 2007:126). Daarmee saam is gesinne in geheel gedoopt in die vroeë kerk, soos onder andere in Handelinge 16 gesien word. Die kinderdoop word dus as verbondsdoop gesien omdat dit geskoei is op die verbondsteologie wat regdeur die Bybel loop (Heyns 1987:342). "It does not follow, then, that the relation between parents and children in the New Covenant no longer has significance because the Kingdom of God is at hand. Hence when the Reformed

confessions declare that baptism has come in the place of circumcision, this must be seen not as a supplanting but as a fulfilling" (Berkouwer 1969:168).

Daar moet dus nie na die besnydenis en doop gekyk word as twee teenoorstaande tekens wat niks met mekaar te doen het nie. Brownson (2007:138) brei uit op die gedagte dat die doop die besnydenis vervang het. Hy stel drie ooreenkoms tussen die besnydenis en die doop wat hul met mekaar verbind. Albei is rites wat toegang tot die mense van God bewerk, albei onderskei die mense van God van die ongelowiges en albei wys na 'n dieper geestelike transformasie. Kolossense 2:11-12 is vir Brownson (2007:139) 'n eksplisiete gedeelte in die Nuwe Testament wat die besnydenis en die doop met mekaar verbind. Hier word na 'n ander tipe besnydenis verwys wat nie deur mense hande gedoen is, nie. Die besnydenis wat daar ontvang is, is die wegneem van die ou mens deurdat 'n persoon in Christus gedoop is en dus 'n nuwe mens word wat deel is van 'n nuwe bedeling. Die doop word die nuwe teken van die nuwe verbond.

Dis interessant dat Brownson (2007:141), behalwe vir die voor die hand liggende redes vir die nodigheid van 'n nuwe teken soos hierbo reeds genoem, ook 'n ander rede gee. "...[C]ircumcision was so closely identified with Jewish ethnicity that to continue to circumcise believers would have distorted the missional movement of the gospel beyond Israel 'to the ends of the earth.' The early church struggled in the process, but finally clearly affirmed that gentiles are included in the people of God without first being required to become Jews. This means circumcision could no longer be mandatory" (Brownson 2007:141).

Daar is dus 'n noue verband tussen die ou en nuwe verbond, maar tog is hulle nie gelyk aan mekaar nie, soos Cilliers (2014b:280) uit wys. Christus bemiddel die nuwe verbond, wat 'n besliste onderskeid tref. Geloof, gehoorsaamheid en geloofsvorming was egter reeds deel van die ou verbond. Die volk het ook vanuit God se genade geleef en dit het hul saamgebond. "Om die ou en die nuwe verbond radikaal teenoor mekaar te stel, maak dit feitlik onmoontlik om die kinderdoop te verdedig. Dit dring aan dat die grootdoop as enigste geldige doop aanvaar word. Maar wanneer die nuwe verbond gesien word as die vervulling en ontplooiing van die verbond met Abraham, word dit moontlik om die kinderdoop as 'n geldige manier van die doop te sien" (Cilliers 2014b:280). As daar gekyk word na hoe kinders in die Ou Testament deelgemaak is

van die verbond en hoe Christus oor kinders gedink en met kinders gewerk het, kan daar nie gesê word dat kinders nie 'n belangrike plek in God se hart het nie (vgl Cilliers 2014b:280-282). König (1986:159) sê om die doop as inlywing in die verbond te sien, verskraal nie die betekenis van die doop nie, maar bevestig huis die volle betekenis van die doop soos gesien in die Nuwe Testament. Altwee is 'n insluit van mense by God se werk en beloftes.

Cilliers (2014b:281) vra tereg die vraag of God kinders by die ou verbond sou insluit op grond van sy gebondenheid aan die ouers en dan met die nuwe verbond die kinders sal uitsluit totdat hulle uiteindelik self in geloof die keuse maak? König (1986:144) stel die punt dat die gemeente gelowiges is wat saam met mekaar leef en in daardie gemeenskap die heil van God beleef. Kan kinders dan van hierdie gemeenskap geskei word? Hulle leef tog as deel van daardie gemeenskap, hulle beleef die liefde wat hier gedeel word, daar word vir hulle en saam met hulle gebid. Hierdie kinders beleef die seën van gelowiges wat hul gawes uitleef en hul sien hoe God in mense se lewens, ook hul eie, werk.

Dit is by hierdie deel van die gesprek waar die keuse vir die doop as sakrament of instelling krities raak. Soos voorheen genoem, beperk die keuse vir doop as instelling die betekenis van die doop. Cilliers (2014b:275) sê by hierdie siening kom dit neer op ouers wat 'n kind aan God toewy, wat nie regtig inpas by die teologie wat hier uiteengesit word nie. Wanneer so oor die doop gedink word, word God se handeling in die doop ontken. As die doop as sakrament beskou word, hoef daar nie soseer 'n keuse slegs vir verbondsdoop óf bekeringsdoop gemaak te word nie. "Wat wel waar is, is dat die sakrament-siening ruimte skep om sinvol oor die kinderdoop te praat. Sodra ons kyk na die doop as God se belofte, as iets wat God doen, verval baie van die vooroordele wat mense teen die doop van babas het" (Cilliers 2014b:276).

Die Gereformeerde teologie is dus gemaklik met die verbondsdoop aan babas van gelowige ouers sowel as die bekeringsdoop aan mense wat tot bekering kom later in hul lewe en nooit voorheen gedoop is nie. In beide gevalle is die betekenis van die doop dieselfde. Cilliers (2014:285-286) dui aan hoe die vyf fasette wat deur die BEM aangedui is as die algemene aanvaarde betekenis van die doop, ook in die kinderdoop die waarheid is. Aanvanklik is hoofsaaklik die bekeringsdoop bedien toe nuwe bekeerlinge by die kerk gevoeg is. Soos gesien is in die eerste afdeling van hierdie

hoofstuk het die klem verskuif soos wat gesinne wat reeds gedoop is, kinders gekry het wat as deel van hul gesinne ook deel geword het van die kerk en sodoende deelgekry het aan God se genadige saamreis met die mens. Volgens König (1986:141) is dit steeds die benadering by gemeentes wat die kinderdoop aanvaar, aangesien die doop hul reeds inlyf in die gemeente. Daar is soms beperkings op die voorregte waartoe die kind toegang het in die gemeente, maar nietemin is hul reeds deel.

König (1986:137-160) ontwikkel 'n teologie van die kind waarin hy aandag sken aan die pad wat die gemeentekind stap met die Christelike geloof teenoor iemand wat op 'n stadium 'n radikale bekering beleef. Hy verwys terug na die Ou Testament en die verbond as basis waarop hierdie teologie gebou word. Soos reeds genoem, is kinders van gelowige ouers baie duidelik ingesluit by die verbond. König (1986:140) maak egter die onderskeid om te sê dat 'n kind se deelname daaraan tog wel verskil van hul ouers s'n. 'n Kind deel aanvanklik in die gemeenskaplike heil, maar nog nie in persoonlike heil nie. Al is daar aanvanklik nog nie 'n persoonlike verhouding met God nie, staan die kind baie beslis in 'n verhouding met die volk, of later die kerk, van God. In die Gereformeerde tradisie is dit wel so dat 'n gedoopte kind van gelowige ouers nie gered is nie. 'n Gedoopte kind moet op 'n stadium antwoord op God se beloftes deur Christus se verlossing in hul lewe te aanvaar. Dit is egter die ouers en die gemeente se plig om kinders op hierdie pad te begelei.

Die kind "...behoort gaandeweg al meer daarvan bewus gemaak te word dat hy deel van hierdie verbondsgemeenskap is en hom hoe langer hoe meer bewustelik moet identifiseer met die gemeente en daarom ook met God en Christus en met die Christelike lewenswyse. Bekering sal vir hierdie kind dus eerder herhaalde geestelike ervarings wees van dieper insig in die evangelie, dieper oorgawe aan die Here en herhaalde wegkeer van bepaalde sondes na 'n lewe van gehoorsame toewyding aan die Here,..."

(König  
1986:150)

Vir kinders wat van kleins af deel is van hierdie verbondsgemeenskap, is dit meestel 'n natuurlike inloop in 'n verhouding met die Here. König (1986:160) lê klem daarop

dat daar eintlik nie veel sprake van kinders se heil as sodanig in die Bybel voorkom nie. Daar word wel genoeg gesê oor die heil van gelowige ouers se kinders. Hierdie kinders word duidelik by God se beloftes ingesluit en daarom ontvang hulle ook die doop as 'n bevestiging daarvan.

As daar na hierdie teologiese uiteensetting van die betekenis van die doop gekyk word en die verskeie hoeke waar vanuit mense daarna kyk, is dit te verstan dat verskeie kerklike tradisies by verskillende sienswyses kan uitkom. Dit wil egter voorkom of die Nederduits Gereformeerde Kerk, natuurlik nie soseer in geheel nie maar in onderskeie gemeentes, nie noodwendig 'n deeglike en helder verstaan gekweek het by lidmate rondom die doop nie. Dit word bevestig deur die volgende opmerking wat Burger maak: "Ek dink daar is minder gesonde sekerheid in die NG Kerk as wat ons dink, ten spyte van baie jare se gepraat oor geloofsekerheid...Daar is baie redes hiervoor, maar ons glo 'n onderwaardering van die sakramente het die probleem vererger" (Burger 2014:19).

Burger (2014:51-52) verwys na John Burgess wat in "After Baptism" reageer teen mense wat wil wegdoen met die kinder- of verbondsdoop. Volgens hom lê die fout nie by die kinderdoop nie, maar by dit wat na die doop of dan huis nie, gebeur nie. Doop kan nie los staan in mense se lewens van ander bedieninge en gebeure en betekenisse nie. 'n Kind kan nie gedoop word en dan gelos word om self te besluit oor wat hul identiteit gaan vorm, wat hul voorkeure is en wat reg en verkeerd is, nie. Kinders moet geleer word dat al hierdie dinge deur die doop beïnvloed en gevorm word. Burger (2014:52) beklemtoon dat die doop nie 'n bediening is wat in isolasie van die res van 'n persoon se lewe kan gebeur nie. Dit is 'n gebeurtenis wat opgevolg moet word en wat reaksie verwag van die een wat gedoop is. "Dit is waar dat ons by die doop met omtrent al die seëninge van Christus geseën word, maar ons moet dit wat vir ons gegee word in ons lewe ontvang en in werking stel – en dit is niks minder as 'n leeftyd se werk nie" (Burger 2014:52). Ouers moet hul kinders leer hoe die doop hul identiteit in Christus help vorm en hoe dit die res van hul lewe behoort te vorm.

### **3.4 Identiteitsvorming aan die hand van die Doop**

'n Persoon se identiteit dui aan wie die persoon is. Die HAT beskryf identiteit as: "Eenheid van wese; volkome ooreenstemming, persoonsgelykheid; persoonlikheid, sowel as Eenheid en voortbestaan van persoonlikheid, individualiteit" (Odendaal

1979:427). Daar is verskeie aspekte aan ‘n persoon se lewe wat sy of haar identiteit vorm. Wie hul ouers is, waar hul groot geword het, hoe die gesin se struktuur lyk en waar hul in die gesin inpas. Die omstandighede waarbinne hul groot geword het speel natuurlik ook ‘n rol om mense te vorm en te beïnvloed.

Op hierdie selfde basis ontwikkel ‘n persoon tog ook ‘n nuwe identiteit wanneer tot bekering gekom word. Hierdie nuwe identiteit verander ‘n persoon se lewe, indien die persoon kan verstaan waaroor hierdie nuwe lewe gaan en hoe om te kies om aan die hand van hierdie nuwe identiteit te leef. Voordat daar dus gepraat kan word oor die rol wat die doop speel in identiteitsvorming, moet daar gekyk word na wat met christelike identiteit bedoel word. Osmer (1996:172) verwys in hierdie sin daarna dat mense deur die sakramente binne in God se genadige werking geplaas word. Hulle word nou direk deel van Christus se verlossingswerk. Daar kan vereenselwig word met dit wat Christus gedoen het terwyl Hy op aarde was, veral waar dit met die sakramente te doen het.

Deur die doop verbind die Here Hom aan mense. Barnard (1984:90) sê deur in sy Naam gedoop te word, kom al sy werke in mense se lewens ter sprake. Hy stort sy genade en seëninge in oorvloed in mense se lewens en skenk sy Woord waardeur Hy geken kan word. “Die Here neem die kinders uit die magtelose arms van die ouers in sy magtige arms. Dit alles bring vastigheid en sekerheid van die geloof. Immers, dit rus nie in my wisselvallige voorneme of onbetroubare gevoel nie, maar in sy onwrikbare beloftes” (Barnard 1984:90). Dit is die basis van Christelike identiteit. Om ‘n absolute sekerheid te hê dat hierdie waarheid ook jou eie waarheid is. Om te kan leef vanuit ‘n waarheid waar God die anker is van jou totale bestaan.

Aan die een kant, soos hierbo genoem, word ‘n persoon se individuele lewe vernuwe deur Christus se vryspraak. ‘n Volgende aspek van hierdie nuwe identiteit is dat dit egter nie in isolasie gevorm word nie. ‘n Persoon word outomaties deel van die kerk van God en behoort daarom ook deel te wees van ‘n geloofsgemeenskap binne die algemene kerk. “In solidarity with Christ they form one body, one family of which they are all a part and to which they all owe obligation. They are not simply isolated individuals linked individualistically to Christ but together they now share one corporate life in him” (Campbell 2008:153). Die doop is dus ‘n sigbare publieke teken wat hierdie deel wees van die liggaam uitwys.

Groenewald (2003:375) verwys daarna dat die doop ‘n handeling is wat ‘n definitiewe verandering in mense se lewe meebring. Sy noem dat mense ‘n simboliese status verandering ondergaan met die doop wat hul insluit by God se wêreld. “Baptism is a *rite de passage*. In a symbolic way rites like these represent the legitimate crossing of a boundary, which bring along a new identity with new rights and responsibilities” (Groenewald 2003:375). Die doop speel dus ‘n baie belangrike rol in hierdie proses van identiteitsvorming. Dit maak nie saak of ‘n persoon as ‘n babatjie die verbondsdoop ontvang het en daarvan leer soos hul groot word, en of iemand vir die eerste keer as ‘n volwassene die bekeringsdoop ontvang, nie. Die beginsel van die doop bly dieselfde in die vorming van beide se geloofsidentiteit.

“Die evangelie gaan nie net oor wat ons glo nie (geloofsinhoude) en oor wat ons moet doen nie, maar ook oor wie ons is. Die Reformasie het dit teologies baie goed verstaan. Die rol van die sakramente en spesifieker die doop, is in dié verband baie belangrik. Die bedoeling van die doop is dat dit ons ‘n nuwe naam en identiteit in Christus wil gee. As die geloofsrealiteit reg opgevolg word na die doop kan dit ‘n groot verskil maak in die lewe van die kerk”

(Burger 2007:440)

Gelowiges moet in die nuwe identiteit wat Christus gee met die doop, ingroeи. Hul moet die Here toelaat om besit te neem van hul lewe sodat hulle kan word wat hul gemaak is om te wees deur die Here (vgl Van der Merwe 2009:135). Vir Osmer (1996:176) is die doop ‘n uitnodiging aan mense om te word wie hul alreeds is. Deurdat God babas reeds vir Homself toe-eien lank voor hul daarop kan reageer, wys dat Hy in verbondenheid met mense wil leef. Die doop is ‘n sigbare teken van hierdie groot genade.

Die doop moet mense ook help om nie net te word nie, maar ook te wees. Mense moet kan leef vanuit dit wat die doop beteken. Vir Barnard (1984:91) beteken dit onder ander dat gelowiges as oorwinnaars leef uit die krag van Christus se oorwinning. Die boodskap van die doopwater help ons om met hierdie fokus te kan leef in hierdie moeilike wêreld en uiteindelik te kan volhard.

Dit, sê Van der Merwe (2009:135), gebeur in gemeenskap met ander gelowiges. Nel (2015a:26) lê ook sterk klem op die gemeenskaplike identiteit wat gelowiges het. Elke gemeente vorm deel van die algemene kerk van God. Elke gemeente moet begelei word om geestelik te ontwikkel en sodoende te weet dit gaan oor hoe geloof uitgeleef word in die wêreld. Wanneer gelowiges hierin kan groei, word God duideliker gesien in die wêreld (Nel 2015a:19). Die gemeente moet dus begelei word in hierdie proses om te verstaan wat hul identiteit is as gelowiges wat deel is van die kerk van God. “The local church must be helped to understand, increasingly and continuously so, who they are *in Christ*...I believe another core issue in understanding ourselves (who we are in Christ) is that we are ‘a we’. Building up a local church is about building up a *corporative sense of identity*. It is this understanding that is so often missing even among people who may be enthusiastic about their personal and individual identity in Christ” (Nel 2015a:26).

Hierdie waarheid moet uitspeel in verskeie verhoudings. Die kerk moet met jong ouers ‘n pad stap van dissipelskap sodat die jong ouers kan groei in hul geloof, maar daarmee saam kan leer hoe om hul kinders te begelei in geloofsgroei. Vanuit hierdie dissipelskap pad kan ouers dan met hul kinders ‘n dissipelskap pad stap om hulle weer te leer, sodat hul kinders weer kan groei tot volwasse gelowiges. Wanneer dit in ‘n kind se lewe plaasvind word hul verhouding met die kerk ook weer sterk gevestig, sodat die siklus uiteindelik positief draai. Hierdie groei gebeur op verskeie terreine in die formele take van die kerk, maar ook in die huisgesin. Alles werk uiteindelik saam om hierdie uitkoms te bereik.

Anderson (2003:4) kyk veral na die rol wat liturgie speel in gelowiges se lewe. “This context also requires that we begin to develop not only a liturgical theology but also a theory of sacramental practice as liturgical catechesis, of liturgical practices as a central means by which the church shapes the faith, character, and conscience of its members”. Anderson (2003:39) verwys na Craig Erickson wat gesê het dat die doel van deelname aan die liturgie nie deelname as sulks is nie, maar om God te vereer en om gelowiges toe te rus met die mag om die kerk se doel in die wêreld te gaan uitleef. Hierdie twee aspekte is onafskeidbaar volgens Erickson.

“First, in baptism, confirmation, and the reaffirmation of baptismal vows we find practices, a liturgical catechesis, of Trinitarian relatedness that provide most clearly

for the nurture of confirmation and recognition, not of something done to us in our personal past, but of who we have become and are becoming. As a practice of Trinitarian faith, baptism provides what is perhaps the most explicit articulation of this faith" (Anderson 2003:167). Aangesien die doop 'n persoon ook insluit in die liggaam van Christus, soos ons hierbo gesien het, speel die deel wees van 'n geloofsgemeenskap 'n integrale rol in die identiteitsvorming van 'n persoon. Indien 'n kind nie groot word as deel van 'n geloofsgemeenskap nie, doen dit afbreek aan die vorming van 'n sterk geloofsidentiteit. Die rede hiervoor is omdat hul nie blootgestel word aan dit wat die doop in hul lewe beteken, nie. Die wye betekenis daarvan word nie 'n werklikheid in hul bestaan nie.

Anderson (2003:189) sê dit gaan hier veral oor die vorming van 'n geloofsidentiteit deur dit wat in die erediens gebeur, naamlik die sakramente, gebedsmomente en Woordverkondiging. Die taal wat gebruik word is 'n groot rolspeler in hierdie momente.

"In this and the previous two chapters I have attempted to explore the 'grammar' of the liturgy, and hence of the Christian self, by way of the criteria of Trinity, relationality, and eschatology. I have argued that as we practice this grammar in the unfolding of the Christian liturgy, we find not only the means by which we narrate our lives as Christian people but also a means by which we shape and re-shape, anticipate as well as remember, who and whose we are"

(Anderson 2003:189)

Taal is 'n besondere sterk middel tot identiteitsvorming. Dit vorm denke en beïnvloed gedrag. Indien ouers die regte taal aanleer en vir hul kinders kan oordra, kan dit hul lewens begin vorm wat lei tot die uitleef van nuwe waardes en norme in 'n samelewing wat verwronge geraak het. Sodoende begin hierdie nuwe identiteit neerslag vind in mense se lewens en begin hulle dit leef, sodat dit nie langer slegs mooi woorde of idees is wat nie praktyk word nie. Nel (2015a:49) bevestig dit aan die hand van die Drie-eenheid. Die manier waarop die Drie-eenheid verstaan word, bepaal hoe mense hulself verstaan. Dit is waar op 'n individuele vlak, maar ook korporatief in die gemeente. 'n Gesonde Godsbeeld is dus nodig vir mense om 'n gesonde self-beeld te kan hê.

Die doop bevestig vir 'n persoon dat God hulle gekies het. Dit beteken hulle waarde lê in wat Hy sê en nie wat die wêreld sê nie. Indien 'n kind God egter nie leer ken nie, kan hul nie weet wat Hy van hul sê nie. Hul weet nie wat hul waarde in Hom is nie. Dis hier waar ouers se belofte na afloop van die doopbediening inkom. Hulle belofte kom nie eerste nie, maar volg op God se handeling. Ouers belowe om hul kinders te leer wat God gedoen het, sowel as hoe dit die kind se lewe impakteer. "Parents promise to nurture their children in the Christian faith, to pray for them, and to teach them to pray, and to teach them, by word and example, what it means to follow Jesus. The congregation also promises to care for and nurture its newly baptized members. These promises are not what baptism is *about*, at its core. Baptism is centrally about *God's promise and call*" (Brownson 2007:210).

Wanneer die doop nie ernstig opgeneem word nie en dit nie gebruik word om 'n sterk identiteit te vorm nie, sê Wepener (2014:139), word mense uitgelewer aan die samelewing se strominge, sowel as eie keuses en voorkeure wat nie altyd betroubaar is nie. Daar kan nie bekostig word om so deur die lewe te gaan nie. Dis onseker en wispelturig. Die doop wil juis vir mense sekerheid gee van 'n liefdevolle God wat getrou is en deur die wispelturigheid van die lewe, altyd daar is. Strommen & Hardel (2000:84) het in hul studie gevind dat godsdienstige faktore 'n baie groter rol speel om mense se lewens te vorm, as wat sielkundige en sosiologiese faktore speel. Dit bevestig die belangrikheid dat ouers moeite behoort te doen om van vroeg af by kinders 'n begrip te kweek van hoe die doop en geloof hul lewens impakteer en hoe om vanuit daardie waarhede te leef in die wêreld.

Dit vra dat kinders, deur hul ouers se leiding, in verhouding met die Here gebring word. Dat dit nie bloot kennis is wat oorgedra word nie, maar dat hul regtig die Here sal leer ken deur dit wat die ouers hul leer. "Faith creates a dynamic interaction between heart, mind, and action; in turn, this dynamic interaction promotes greater faith. This interaction is seen in the way an affectional relationship with God increases people's interest in learning more about the God they have come to love and trust. Children who have a personal relationship with God learn far more readily in Sunday school than those lacking this relationship" (Strommen & Hardel 2000:80). Hoe beter iemand die Here leer ken, hoe meer wil hul in sy teenwoordigheid wees. Indien kinders van kleins af hierdie regte verhouding beleef, sal dit sterker groei soos hul ouer word. Waar

dit blote kennis is wat oorgedra word, is dit waarskynlik dat kinders later nie meer erns sal maak met geloof nie.

Kinders is afhanklik van ouers se getrouheid en gehoorsaamheid aan hul doopbeloftes. Waar ouers hierdie taak versuim ly die kinders die gevolge. “The baptism of the infant, anticipating this sort of faith, also relies upon the steadfastness of the adult’s promise to bring up the child in the knowledge of the gospel. Anticipation must have a basis or it is simply an idle hope, without any substance” (Williams 1995:77). Geloof en identiteit word gekweek deur gehoorsame ouers as gesante van God wat hul roeping uitleef. Hierdie roeping vra toewyding, erns en ‘n eie sterk geloofsidentiteit. Waar ouers self nie ontwikkel het in geloof nie, gaan hul moeilik die waarde van geloof en die doop in hul kinders se lewens kan vestig. Hierdie roeping strek oor alle aspekte van hul kinders se menswees en lewe.

Sell (1995:262) lê klem daarop dat goeie ouerskap tot gevolg sal hê dat ‘n kind ‘n gevoel van selfwaarde het. ‘n Kind se siening van hom- of haarself is sterk verbind aan die ouers. Dit gaan nie oor om die kind te vorm tot iets wat die ouers wil hê nie, maar om ‘n kind te help groei in hul eie potensiaal. “As believers in the Bible, we should have no quarrel with this statement. Basic to all people’s conduct with others is the fact that all are made in the image of God and that all are of great worth...Paul speaks even more directly to this point in his instructions to parents. He warns parents to consider the inner life of their children when nurturing them...Parenting should impart self-respect to the child” (Sell 1995:262).

Verhale is nog ‘n manier, buiten taal, waarop identiteit gevorm kan word. Garland (1999:213) sê verhale oor kinders se geboorte, oulike dinge wat hulle gedoen het toe hul klein was en hoe hul ouers oor hulle gevoel het is voorbeeld van stories wat kinders graag wil hoor. Hierdie stories bevestig vir die kinders dat hulle behoort en dat hulle belangrik is binne hul gesin. Alhoewel Garland hier na gewone verhale verwys, tel die beginsel ook vir ‘n kind se doopverhaal. Dat ‘n kind gedoop is, hoekom dit gebeur het en wat die betekenis daarvan vir die kind is, is belangrike aspekte van hierdie verhaal. Indien ‘n kind nie hierdie verhaal hoor nie, kan ‘n kind nie met ‘n sterk besef van hul Christelike identiteit aan die hand van die doop grootword nie.

Barnard (1984:91) maak ‘n belangrike opmerking. Hy sê die doop help gelowiges om ook in tye van versoeking te kan vashou aan ‘n nuwe identiteit. Alhoewel gelowiges

vrygespreek is en nuwe mense is, is die stryd teen die sonde vir elkeen 'n realiteit in hul daaglikse bestaan. Wanneer die versoeking kom om in ou patronen terug te val of vir nuwe versoekings te val, kan daar terug gegryp word na die herinnering van die doop en die Een aan Wie behoort word. "Wanneer die bekoring van die sonde vir ons te sterk is – dan kan ons gryp na ons doop: ek is gedoop, ek behoort nie meer aan myself nie, maar aan my liewe Saligmaker, Jesus Christus. Ek mag met my stryd en versoekings na Hom vlug, ek mag pleit by Hom om my staande te hou" (Barnard 1984:91). Deur die doop hoef daar nie meer in skaamte weggekruipt te word wanneer daar gestruikel word nie, want die Here se hand bly uitgestrek na sy kinders deur alle omstandighede.

Vanuit hierdie hoofstuk is dit duidelik dat die doop 'n integrale rol in gelowiges se lewe behoort te speel. Die verantwoordelikheid van ouers, maar ook die kerk, is groot in hierdie opsig. Dopelinge kan net leef volgens dit wat hul geleer word. As hul nie die betekenis en waarde van hul doop leer nie, mag hulle bly uitmis op 'n groter belewing van God se getroue genade en liefde. Dit blyk dus dat daar bepaalde kern waarhede is wat ouers behoort te weet rondom die doop na afloop van doopkategese om hulle te help om hul beloftes te kan nakom en hulle kinders sinvol te kan onderrig rondom die doop. Dit sal bepalend wees vir die fokus van die vrae tydens die empiriese navorsing.

- Die doop is 'n sakrament, wat beteken God het dit ingestel (teenoor die doop as instelling waar mense primêr handel).
- God is die primêre Een wat handel in die doop. Aangesien God handel in die doop, is 'n eenmalige ontvangs daarvan voldoende. God se beloftes verander nie. Mense kan dus nie na willekeur met die doop omgaan nie.
- Die doop is 'n verbond wat God met die dopeling sluit.
- Ouers reageer op grond van dit wat tussen God en hul kind gebeur.
- Deur die doop word 'n persoon nie verlos nie. Bekering, of dan 'n keuse vir God en die verlossing wat Christus bewerk, behoort 'n logiese daaglikse ritme in die lewe van die dopeling te word en wees.
- Die doop bevestig 'n nuwe identiteit in mense se lewe. Dit behoort mense te help om, bewus van hierdie identiteit, anders te kan leef as die wêreld.
- Deel van hierdie identiteit is dat die dopeling by die gemeente ingelyf word. Dit is dus nie slegs 'n individuele saak nie.

- Ouers is self dissipels wat steeds moet bly groei.
- Ouers is dissipelmakers wat hierdie verantwoordelikheid ernstig opneem.
- Kinders kan dus nie gelos word om hierdie dinge self te moet uitwerk nie.

### 3.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar gefokus op die ryk betekenis van die doop en hoe dit in mense se lewens inwerk. Dit skep 'n nuwe identiteit wat gelowiges help om sin te maak van die lewe. In hoofstuk 4 gaan daar meer prakties gekyk word na hoe ouers hul eie geloofslewe kan opbou. Daar gaan ook klem gelê word op maniere waarop ouers hul kinders elke dag kan begelei op hul geloofsreis.

## HOOFTUK 4

### GELOOFSVORMING

#### 4.1 Inleiding

In hoofstuk 3 is aandag geskenk aan 'n omvattende doopteologie. Daar is bevind dat dit belangrik is dat ouers 'n deeglike verstaan van hierdie teologie behoort te hê sodat hul dit aan hulle kinders kan oordra. Dit is belangrik vir hul eie identiteitsvorming sowel as hul kinders s'n. In die laaste hoofstuk as deel van die normatiewe taak (Osmer 2008:129) word meer prakties gekyk na hoe ouers hul kinders kan begelei op hul geloofsreis.

#### 4.2 Die rol en verantwoordelikheid van ouers

##### 4.2.1 Owers se eie geloofsgroei

In hoofstuk 3 is daar gesê dat die doop plaasvind tussen God en die een wat gedoop word. In die konteks van hierdie studie is dit die baba. Die verbondsdoop word bedien op grond van die ouers se geloof. Dit is egter nie in die eerste plek die ouers wat handel by die doop van hul kinders nie. Hulle is getuies van dit wat tussen God en hul kind plaasvind. As getuies hiervan, lê hul die belofte af om hul kinders te leer wat hierdie gebeure in hul lewe beteken.

Thus, parents are ordained by God within the responsible, committed relationship to the family and to God to become the catalyst for the spiritual formation of their children. Deuteronomy 6:7-9 encourages parents to continually teach their children essential truths and guide them to grow up in faith. This commission implies that through the process of the Christian family/parental relationship and guidance children in this environment would receive their distinctive shape and orientation that is fully initiated into the realm of God through a dynamic relationship with Him.

(Harold 2012:148)

Die belangrike vertrekpunt vir hierdie hoofstuk is dat die gesin as 'n hermeneutiese ruimte gesien moet word, soos by Nel (2001:19) gevind word. Elke persoon moet

begelei word om God beter te leer ken. Die gesin is die besondere plek wat die Here gegee het vir hierdie kennismaking om te gebeur. Ouers is daar om hul kinders te begelei op hierdie pad. Die betroubaarheid van hierdie waarheid is groter wanneer dit gehoor word by diegene wat jy reeds vertrou (Nel 2001:20). “Binne die gesin word God en sy handelinge op die mees natuurlike maniere aan huisgenote geïnterpreteer. Binne hierdie hermeneutiese ruimte kom jy op die mees spontane en ‘natuurlike’ wyse tot verstaan” (Nel 2001:21). Hierdie benadering bevestig dat God binne verhoudings werk, soos in die verbondsteologie in hoofstuk 2 gesien. Nel (2001:21) lig uit dat die gesin die mees natuurlike voorkoms is van hierdie klem wat God op verhoudings plaas. Hierdie beginsel is onderliggend in die res van hierdie hoofstuk. Deurgaans is dit duidelik dat verhoudings die spil is waarom gesonde, maar spesifieker ook Christelike gesinne, draai.

Garland (1999:568) dui daarop dat ouerskap ‘n hele reeks verantwoordelikhede insluit. Ouers moet kinders versorg deur vir hul klere, kos en ‘n veilige plek te voorsien. Daarmee saam moet ouers kinders onderrig, toesig hou oor hulle en hulle leer hoe om ‘n vreugdevolle lewe te lei. Vir hom is die onderliggende verantwoordelikheid hiervan discipline, met ander woorde dat ouers kinders moet begelei om te groei as mense met gesonde lewenspatrone. Dit is dan uiteindelik niks anders as dissipelskap nie en die kerk behoort ouers hiermee te help.

Volgens Harold (2012:147) is modellering een van die effektiefste maniere waarop ouers, sowel as grootouers, hierdie belangrike lesse vir kinders leer. Ouers is die mense na wie kinders kyk vir ‘n voorbeeld van hoe om op te tree en te reageer op die regte manier. Om hierdie rede is dit so belangrik dat ouers ‘n egte en opregte verhouding met die Here het en dat dit sigbaar is vir die kinders in die manier waarop hul leef. Sodoende leer kinders hoe om te leef vanuit ‘n identiteit wat in Christus gevestig is.

“Children and youth tend to adopt the values and beliefs of their parents. If the parents embrace the beliefs and values of a Gospel-oriented faith, the children will adopt them. This conclusion is clear to adolescents themselves. When those involved in the *Effective Christian Education* study were given a list of people and asked to identify the ones most influential in shaping their faith-life, the majority of youth singled out their parents” (Strommen & Hardel 2000:84).

In gesprek met ouers is dit dikwels duidelik dat hul nie voel hulle kan die verantwoordelikheid van hul kinders se geloofsopvoeding regtig behartig nie. Daar blyk 'n onsekerheid en gevoel van onvermoë te wees. Die oorsaak hiervan spruit moontlik vanuit 'n beperkte ontwikkeling in terme van hul geloof. Die gevolge wat waargeneem word is kinders wat gegroei het tot waar hul ouers is in hulle geloof, maar saam met hul ouers daar vasgehaak het.

Daarteenoor is dit interessant dat Astley (Garland 1999:563) sê dat kinders hul ouers eintlik ook help groei in hul verhouding aangesien ouers eers regtig God se onvoorwaardelike liefde begin verstaan wanneer hulle hierdie onvoorwaardelike liefde vir 'n kind beleef. Dit kan dus 'n nuwe inspuiting in mense se geloofslewe wees wanneer hulle ouers word.

Gelowige ouers, as die primêre bron van hul kinders se geloofstorie, kan nie bekostig om te stagneer in hul verhouding met die Here nie. As die eerste getuies tot die Here se belofte aan hul kind, moet hul erns maak met die beloftes wat hul aflê op grond daarvan. Dit is daarom belangrik dat hul verstaan wat die basis van hierdie belofte is wat die Here maak aan hul kind, sodat hulle die grootsheid van hul beloftes in antwoord daarop sal verstaan. Ouers verstaan ook dan dat hierdie beloftes wyer strek as slegs hul kind se geloofslewe, maar dat dit elke aspek van hul lewe behoort te deurtrek. "Parental commitment and competency in family and peer relationships contribute toward the positive social, psychological, moral, and spiritual climate in which a child's life unfolds. Effective parenting emerges from a basic decision and thousands of day-to-day choices to be healthy and strong for the sake of the child" (Martinson 1998:65).

Martinson (1998:65) verwys verder daarna dat ouers se verantwoordelik teenoor God is, maar ook teenoor die gemeenskap om seker te maak dat die kind positief en sinvol bydra tot die samelewing. Die ouers het 'n verantwoordelikheid teenoor die kind om die kind te help om te word wie God hul bestem het om te wees en hul volle potensiaal te bereik. Dit is interessant dat Martinson (1998:65) sê dat die ouers ook teenoor die toekoms 'n verantwoordelikheid het. Dit wat 'n ouer vandag in 'n kind se lewe insit of nalaat beïnvloed hoe die toekoms gaan uitspeel en daarom kan ouers eintlik nooit hierdie verantwoordelikheid laat vaar nie. Dit is 'n oorweldigende gedagte. Maar Martinson bevestig God se genade vir ouers. "Parents are to be guided in their high

calling by the faithfulness with which God relates to God's people. God is steadfast. God makes and keep promises. God cares. God persists. God is there with and for humankind, Israel, Jesus Christ, and the new community that bears Christ's name" (Martinson 1998:65). God se genade is genoeg vir ouers wat hierdie pad met die nodige erns stap.

#### **4.2.2 Ouers se verbondsverantwoordelikheid**

De Wet (2003:1461-1462) dui aan dat die verbondsgesin die belangrikste geloofsbemiddelingsisteem in die kerk en die gemeenskap is. Die ouers spandeer die meeste tyd met hul kinders en het ook die belofte gemaak om hul kinders te leer van die doop en die betekenis daarvan in hul lewe. Om hierdie rede is die gesin die hoof plek waar 'n kind se geloofsvorming behoort plaas te vind. "In ons eie kerklike tradisie was ouers by uitnemendheid die katekte wat die onderrig moes waarneem. Kragtens die verbondsgedagte is die kategese nou verbind aan die gesin as basiese instelling van die lewe. Die kinderdoop bind die ouers aan die kerk en dwing laasgenoemde om die nodige toesig te hou. Die Kerk het ook steeds die plig om in haar dooppredikasies die ouers op te roep tot hul werklike verantwoordelikheid en heerlike plig" (De Villiers 1957:40, vgl ook Osmer 1996:196).

Reeds by Calvyn is die belangrikheid hiervan beklemtoon. "In Geneva under the leadership of Calvin the whole catechism was covered in fifty-five Sundays, the children regularly coming forward to be questioned by their pastor. Calvin said that the children must be carefully trained at home by their parents and had to attend Sunday catechism classes" (Van Dyken 2000:44-45). Hierdie geloofsopvoeding van kinders behoort van kleins af te geskied. Kinders behoort van 'n baie jong ouerdom af deur die ouers onderrig te word. Olivier (1982:44) verwys na Spreuke 22:6 as 'n beskrywing vir die rede hoekom kinders van vroeg af geleer moet word. "Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan awyk nie" (NAV 1992). Hiervolgens sal kinders wat van kleins af geleer is hoe 'n lewe in navolging van die Here lyk, steeds hierdie pad in navolging bly stap wanneer hulle groter is.

Hierdie verantwoordelikheid wat ouers op hul neem wanneer hul in gehoorsaamheid tot die Here hul kinders ten doop bring, is dus nie eenvoudig of maklik nie. Dit vra dat ouers intensioneel en doelgerig werk maak van hul kinders se geloofsopvoeding. "Te

midde van die groot verantwoordelikheid tot geloofsonderrig, het ons as ouers die wonderlike versekering en bemoediging van God se genadeverbond (Gen 17:7). Hy is die Een wat sy beloftes waar maak” (Olivier 1982:44). Die wonder van die verbond is dus ook vir die ouers bedoel. Hulle moet nie slegs vir hul kinders leer oor die verbond nie, hulle moet self ook vanuit die beloftes leef en sodoende ook hierdie pad van vertroue modelleer. “The point is that parents must share their heart for the Gospel as well as their knowledge. Faith goes from heart to lips, to ears, to action” (Strommen & Hardel 2000:84).

Die navorsingsprojek *Kerklike Jeug en Geloof in Suid-Afrika* (‘n multikulturele navorsingsprojek) wat onlangs afgehandel is, gee baie goeie insigte rondom situasies in huise regoor Suid-Afrika veral aangaande geloofsvorming en jong mense se geloofsreis ervarings. In die boek “Skokkend Positief” wat uitgegee is met die resultate, skryf Avenant en Hoffman (2015:63-80) oor die leemtes wat die navorsing in jong mense se geloofsvorming optel in terme van hul ouers se invloed.

“Hierdie statistiese bevindings toon aan dat slegs 43% (129) van die ouers met hulle kinders oor geloof gesels het. Dit skep die indruk dat daar moontlik heelwat huise is waarin daar nie oor geloof en geloofskwessies gepraat word nie. Hierdie syfers is van die min negatiewe statistieke uit die navorsing ten opsigte van geloofsvorming. As in ag geneem word dat die verbondsdoop en –opvoeding veronderstel dat ouers met hulle kinders oor hulle doop en ander geloofsake sal praat, is hier beslis ‘n leemte.”

(Avenant en Hoffman 1995:66-67)

Hierdie resultate dien as bevestiging dat adolessente se geloofsvorming en identiteitsvorming, met ‘n spesifieke klem op die doop se rol hierin, in die gedrang is. Die gevolg is dat adolessente se identiteit al meer deur sekulêre invloede gevorm word en hul waardes en gedrag word daardeur bepaal. Dit beteken dat skynbaar gelowige adolessente, wat uit gelowige huise kom, eintlik min of geen geloofsbasis het wat hul lewe rig nie.

Dit het natuurlik ‘n invloed op die groter samelewing waarvan hierdie adolessente deel is. Dis belangrik vir gelowiges om met verantwoordelikheid in hul omgewing te leef, in

gehoorsaamheid tot die boodskap van die Koninkryk. Dit is deel daarvan hoekom ouers so 'n groot verantwoordelikheid het. Hul kinders moet leer hoe om huis dit te doen. Vir Strommen en Hardel (2000:88-93) is die oordra van waardes 'n belangrike manier vir ouers om hul kinders te leer hoe om as gelowiges verantwoordelik te leef. Daar is verskeie maniere wat hul aandui as effektiewe metodes om waardes so aan kinders oor te dra dat hul dit met oortuiging kan gaan leef.

Een van die metodes is reeds genoem, naamlik dat ouers waardes moet modelleer. In ouers se gesprekke, tydsbesteding, gedragspatrone en die manier waarop hul verbintenisse nakom of nie, leer kinders hoe die wêreld werk. Dikwels verskil dit wat ouers sê en dit wat hul doen of hul het verskillende stelle reëls vir hulself en vir hul kinders. Dit is die vinnigste manier om goeie waardes in kinders af te breek. Kinders tree op, op grond van dit wat hulle sien en dikwels is dit ouers se ondergang.

'n Volgende metode wat Strommen en Hardel (2000:90) na verwys is om met kinders te praat oor spesifieke waardes. Dit beteken nie ouers dwing hul sienings op hul kinders af nie, maar deel hul eie ervarings. "..., if parents explain why they feel deeply about a certain issue, their children will be nothing but appreciative...In a special way when lay people – neighbors and friends – tell of how this gracious and almighty God has rescued, redeemed, healed and changed their lives, people often respond with deep emotion" (Strommen & Hardel 2000:90).

Ouers het as gelowiges dus 'n plig om hul waardes mondelings met hul kinders te deel. Kinders hoef nie gedwing te word om die waardes te deel nie, maar in hierdie tipe gesprekke leer kinders hoe hul ouers na die lewe kyk en hoe hul kies om te leef in die samelewning. Verder leer hulle hoekom hul ouers hierdie waardes kies en wat die gevolge is wat daaruit voortspruit. Op grond van hierdie gesprek kan kinders dan kies of hul dieselfde waardes wil volg. Waar ouers glad nie hierdie tipe gesprekke inisieer met hul kinders nie, is die verwagte gevolg 'n samelewing wat in chaos gedompel is omdat daar geen leiding gegee is tydens kinders se vormingsjare nie en wanneer hul as volwassenes die wêreld moet ingaan, weet hulle nie hoe om dit sinvol te doen nie.

Browning (1997:275-276) deel hierdie siening. Die waarde van agting van mekaar is vir hul baie belangrik. Dis die manier waarop liefde in gesinne aan mekaar gewys word. Hierdie beginsel is baie belangrik vir 'n gesin se omgang met mekaar. "...;

[C]ouples must speak the truth about facts, make moral claims that all agree are just, and speak honestly about what they are thinking. But communicative competence in families also entails empathic identification with the deep needs, emotions, and narrative histories of the family members" (Browning 1997:276). Ouers behou geloofwaardigheid wanneer hul met integriteit optree. Die waardes, sowel as die motivering vir hierdie waardes, wat hul oordra moet sigbaar wees in hul eie lewens alvorens hul kinders dit sal aanneem.

Die positiewe in Browning se benadering is dat dit ruimte laat vir groei in hierdie waardes. Dis nie 'n streng leerskool waar daar nie ruimte is vir kinders om besluite te neem en te leer daaruit nie. Indien hierdie beginsels toegepas word, skep ouers 'n situasie waar kinders die teorie van ouers se lewensbeginsels leer ken, maar dan self moet kies wat hul neem daaruit. Op grond van hul keuses beleef hul dan goeie en negatiewe gevolge. Ouers behoort dan ook met kinders in gesprek te tree om kinders te help verwerk aan wat gebeur het, wat hulle geleer het, wat hul vir die toekoms kan saam neem en hoe ander keuses dalk sou uitspeel. Wanneer ouers hierdie tipe gesprekke met kinders voer help dit om kinders se verstaan van waardes, maar ook hul rol en impak op die omgewing, te verstaan sodat hul kan leer om met verantwoordelikheid op te tree.

Hiermee saam val nog 'n manier wat Strommen en Hardel (2000:92-93) aanbeveel vir die oordra van waardes. Waar ouers met hul kinders in debat tree oor waardes, help dit die kinders om die waardes self te internaliseer. Waar hul vir hulself moet uitwerk hoekom 'n sekere waarde in hul lewe sinvol sal wees, sal hul meer geneig wees om daardie waarde toe te pas en te leef. Dis wel baie belangrik dat genade altyd deurlopend aanwesig is in hierdie tipe gesprekke. "A consistent finding is that a parental focus on the love, the promise, and the presence of Jesus Christ inspires youth to internalize the values and lifestyles of a Christian. In contrast, overwhelming evidence shows that attempts to control youth by rules and regulations – a law orientation – incline youth to reject values being forced on them" (Strommen & Hardel 2000:93).

Ouers se taak is groot as dit by die grootmaak van hul kinders kom. Dit is daarom belangrik dat gesinne moeite doen om deel te wees van 'n geloofsgemeenskap waar hul ondersteuning kan vind by 'n groep wat die waardes deel wat hul aan hul kinders

probeer oordra. “Practically, the church cannot succeed unless families support its beliefs and values; by the same token, families need the support of the fellowship of believers lest they become insular and exclusionary. Finally, the Christian family should not be a haven of private separation from outsiders” (Post 1998:23).

Gesinne behoort ‘n veilige ruimte te vind in die kerk waar hul saam kan leer en groei. In hierdie ruimte word hul opgebou en bou hul weer ander op. Sodoende word die kerk ‘n gemeenskap waar elkeen ‘n plek vind waar hul aanvaar word maar ook gevorm word soos hul groei. Wanneer ‘n gesin hulself afsluit van die buite wêreld, is hierdie leerruimte beperk. Die verantwoordelikheid van die ouers kan wel nie afgeskuif word na die gemeente nie, maar dit word ‘n gedeelde verantwoordelikheid. “And as with the processes of family life, families learn the significance of rituals and stories by participating in the congregation’s rituals and stories. The community of faith, too, has powerful rituals and stories that tell us who we are because of who we have been and who we are becoming” (Garland 1999:228).

Die verhouding tussen die gemeente en ouers is soos die twee kante van ‘n muntstuk. Die ouers word aan die een kant deur die gemeente onderrig in hoe om hul kinders te begelei en te leer. Die ander kant van die muntstuk is dat die gemeente tog ook deelneem aan die kinders se geloofsopvoeding en hul op die pad van geloofsontwikkeling begelei.

#### **4.2.3 Kinders wat begelei word in geloofsontwikkeling**

Bunge (2008:352-354) se uitgangspunt is dat ‘n goeie basiese teologie van kinders nodig is as vertrekpunt tot geloofsvorming. Sy waarsku teen ‘n eng teologie en kombineer vier perspektiewe om ‘n meer omvattende teologie te ontwikkel. Die eerste deel hiervan is dat ouers tog die verantwoordelikheid het om na kinders se basiese behoeftes om te sien. Kinders is kwesbaar en het dus ‘n veilige ruimte nodig waarbinne hul kan groot word. Die tweede perspektief wat ouers en die kerk se denke moet vorm is dat daar vanuit die Bybel gesien word dat kinders ‘n geskenk van God is en ‘n bron van vreugde vir ouers. Dieselfde waarde wat aan volwassenes gegee word as gelowiges, moet ook aan kinders gegee word. “Children are also made in the image of God and are worthy of human dignity and respect from the start...It follows that children, like adults, possess the fullness of humanity...The sense of the integrity of each person, including children, is also grounded in a view of God who intimately

knows the number of ‘even the hairs of your head’ (Mt 10:30), forms your ‘inward parts,’ and ‘knit’ you together in the womb (Ps 139:13)” (Bunge 2008:353).

Verder, sê Bunge (2008:353), is kinders wesens wat besig is om te groei en ontwikkel. Hulle het dus ouers se leiding nodig, veral wat geloofsvorming aanbetrif. Dit plaas ‘n groot verantwoordelikheid op ouers. Die ander kant is egter ook waar en dit is dat ouers ook by kinders kan leer. Waar kinders gewoonlik nie geag word as mense wat ‘n bydrae kan maak nie, kom gee die Nuwe Testament ‘n nuwe perspektief. “In contrast, the New Testament depicts children in striking and even radical ways as moral witnesses, models of faith for adults, sources or vehicles of revelation, representatives of Jesus and even paradigms for entering the reign of God” (Bunge 2008:353). Vir Bunge (2008:354) lê die geheim daarin dat hierdie vier perspektiewe in ‘n opbouende en samewerkende spanning moet funksioneer om die gemeente en ouers te help op die pad van hul kinders se geloofsreis.

Vanuit hierdie siening van Bunge is die nodigheid vir ‘n groter gemeenskap wat saamwerk en deelneem aan kinders se geloofsvorming duidelik sigbaar. Ouers moet daarom die wysheid hê om die waarde van ‘n geloofsgemeenskap te ag, maar ook daardie waarde vir hul kinders te leer. Die gemeenskap van gelowiges is ‘n wonderlike gawe van God in mense se lewens indien hul deelneem daaraan. Nie net help dit ouers deur die ondersteuning wat hul kry nie, maar kinders word blootgestel aan ‘n verskeidenheid ander volwasse gelowiges wat hul begelei op hul geloofsreis. Dit alles speel in op kinders se geloofsvorming. Ouers wat hul kinders hierdie ervaring ontnem, ontnem hul van ‘n stukkie van God se genade. “Die lewegewende Gees van die Vader en die Seun verbind ons met die naelstringgawe van die liefde aan mekaar. Juis dit beteken dat gelowiges nie los van mekaar en sonder mekaar kan en wil bestaan nie” (Nel 1994:228). Nel (1994:228-229) beklemtoon verder dat hierdie gemeenskap mense nie in ‘n kokon toemaak en verskans teen die wêreld buite die gemeenskap nie, maar dat hierdie saamwees en deel wees van mekaar se lewens gelowiges juis toerus om die wêreld te kan trotseer. Dit beteken gelowiges se deelwees van die wêreld lyk dan anders. Hulle begin om koninkryksgerig te leef waar hul makliker God se liefde en genade met ander deel op ‘n daaglikske basis.

Volgens Harold is geloofsvorming ‘n integrale deel van ‘n kind se opvoeding sodat hy of sy sinvol in die samelewning kan inskakel. “The *telos* (purpose) of the Christian life

for Evangelicals is to know God personally and to become more like Jesus Christ i.e. to love God and others. In developing a methodology for faith formation in a child, I posit that parents and grandparents must learn to work with God through the Holy Spirit to discover how they can help children develop spiritually as part of their holistic personality structure" (Harold 2012:143). Die vraag bly dan wel wat die kwaliteit van daardie geloofsonderrig is. Ouers moet so vroeg as moontlik in 'n kind se lewe die doelbewuste keuse maak hiervoor en kinders hiervolgens voorberei vir die lewe (Harold 2012:143).

Vir Sell (1995:273) is die hoofdoel van ouerskap om by kinders 'n liefde vir God te ontwikkel. "Parenting includes building the child's awareness of God. This proposition introduces us to the greatest difference between secular and Christian systems of child education...The moral and ethical system of the Christian faith is based on man's relationship to God. Christian nurture should call attention to the fact" (Sell 1995:270). Psalm 78:1-8 is 'n teksgedeelte wat hierdie beginsel baie sterk uitbring. Elke geslag moet die volgende geslagte leer, soos die vorige geslagte hulle geleer het, sodat hul kan weet wat God gedoen het. Die doel van hierdie kennis, is sodat hul God kan leer ken en kan leer vertrou in hul eie lewens. Die oordra van kennis moet dus nie slegs die doel hê dat 'n kind met kennis sit nie. Die oordra van hierdie kennis, is sodat die kind God regtig leer ken en sodoende in verhouding met God kan leef.

"Families are one of God's communities where the story of God's truth and love creates the knowledge, the experience, and the life of faith. Parents can tell God's story and be instruments of God's Spirit. They can help children integrate God's story with the child's life through regular sharing of the parents' own faith journey" (Martinson 1998:69). Wanneer dit gebeur leer ken 'n kind ook die beloftes en waarhede van God wat in die Woord opgesluit is. Dit help hul dan om 'n geloofsidentiteit te ontwikkel sodat hulle anders kan leef in die wêreld as mense wat nie God en sy beloftes ken nie. As 'n sterk geloofsidentiteit by gelowige adolessente die einddoel is van hierdie studie, sou dit beteken dat identiteitsvorming ook wyer behoort uit te kring as slegs geloof. Ouers behoort 'n sterk identiteitsbesef aan die hand van hul gesin ook te skep, sodat kinders vrymoedig is in hul gesinne. Die geloof bly natuurlik die basis hiervan, maar dit help om 'n veilige ruimte te skep waar hul kan grootword en kan groei in hul menswees, sonder om onseker te wees oor waar hul inpas.

Die resultaat is ook dat adolessente nie op onveilige plekke gaan soek na hul identiteit nie. Vir baie gesinne sou hierdie 'n vreemde idee wees, ver verwyder van hoe hul tans leef. "When we alter the ways families live together by helping them develop more constructive patterns for communicating and managing conflict, distributing and managing power, or forming strong attachments with vulnerable family members, we have in essence changed a family's culture and thus, at least to some degree, it's identity" (Garland 1999:208-209). Vir Garland (1999:208-209) gaan dit nie net oor hoe gesinne saam leef nie, maar ook wat die betekenis van daardie saam wees is.

Volgens Garland (1999:576) het ouers 'n unieke posisie om hul kinders te help ontwikkel in die mense wie hul gemaak is om te wees. Ouers ken hul kinders die beste. Hul sien raak watter gawes, talente en sterkpunte hul kinders het en kan hul help om daarin te groei en uiteindelik so hul Godgegewe menswees uit te leef. Geloofsvorming hoef nie altyd formeel te wees nie. Sell (1995:289-291) stel verskeie maniere voor hoe ouers op 'n informele manier, maar doelgerig hul kinders kan help leer en groei sonder om 'n saak ryp te druk. 'n Eenvoudige begin punt is om te hoor hoe 'n kind sekere geloofsdinge verstaan, byvoorbeeld hoe hulle Godsbeeld lyk, wat verwarr hulle of is moeilik om te verstaan, ens. Deur te hoor hoe die kind dink oor bepaalde sake, kan die ouers help om dit reg te stel indien nodig. Ouers kan ook daaglikse gebeure neem en met hulle kinders daaroor gesels om te hoor of hul dit kan deurtrek na hul geloof toe, of om te hoor hoe hulle dit verstaan in terme van hul geloof.

Daar is wel ook 'n definitiewe nodigheid vir formele geloofsonderrig in 'n gelowige gesin, volgens Sell (1995:291-292). Sekere aspekte van die geloof gaan nie noodwendig in alledaagse gesprekke na vore kom nie. Kinders leer ook nie geloofstaal aan indien daar nie spesifiek gefokus word om geloofstaal te gebruik nie. Ouers moet daarom moeite doen om sekere gesprekke met hul kinders te voer rondom geloof.

Verder is die manier waarop ouers met hul kinders praat 'n baie belangrike deel van hul identiteitsvorming. As ouers die primêre bron van identiteitsvorming by kinders is, moet hul die erns hiervan besef en ook op grond hiervan doelbewus werk maak van die vormingsproses. "The way we name ourselves and others is in the end not innocent. The names we give to ourselves and to others impact on the way we deal with each other as humans in all walks of life. They influence the relationship of humans with the rest of creation. Identities determine the type of societies we

eventually build" (Koopman 2005:449). 'n Kind se identiteit is dus nie iets waar ouers maar kan oë toeknyp en vingers kruis en hoop vir die beste, nie. Ouers moet doelbewus werk maak daarvan om in kinders se lewens hul waarde te vestig, op grond van die waarheid van God. Sodoende word kinders groot met 'n sterk idee van wie hul is as kinders van God en het die wêreld nie so 'n groot impak op hulle as volwassenes nie. Die gevolg daarvan is dat hul sinnvol kan leef in die samelewing.

"Because parenting and guidance of children takes place amid the everyday events of our lives, parents often find themselves responding to their children's actions moment by moment, without thinking about the overall aim of their discipline" (Garland 1999:569). Dit is duidelik dat dit nie 'n sinnvolle manier is om ouerskap aan te pak nie. Die uitdagings is reeds so groot, dat ouers doelbewuste planne sal moet hê in die groot maak van hul kinders.

#### **4.3 Uitdagings en struikelblokke**

Die tydgeses waarin ons leef het 'n groot impak op die geloofsvorming van kinders. Daar is soveel dinge wat inspeel op mense se lewens wat hul keuses en lewenstyl beïnvloed. Besige skedules, werksdruk, skooldruk, ekonomiese, verhoudings en tussendeur dit alles is daar nog ook die kerk wat mense aanspreek oor prioriteite en wat lidmate aanmoedig om betrokke te wees. Dit alles plaas geweldige druk op mense. Daar is egter ook faktore soos die sekularisasie van 'n samelewing wat mense begin beïnvloed in terme van hoe hulle dink oor geloof, geloofskwessies, morele kwessies en die plek wat die kerk in hul lewe inneem. Vir baie gesinne kom die ouers uit verskillende godsdienslike of selfs kerklike agtergronde, wat ook weer 'n las op die gesin se geloofontwikkeling plaas. Ten spyte van al hierdie dinge, sê Bunge (2008:349-350) is dit juis belangrik dat kerk en ouers en ander versorgers moet besef dat geloofsvorming 'n gesamentlike poging tussen gemeente en gesinne moet wees.

Die uitdaging met hierdie siening in die samelewingsituasie vandag, is dat mense verwyderd leef van mekaar. Met individualisme en postmodernisme leef elkeen vir homself en vorm ook vir homself 'n waarde sisteem. Kinders word in 'n korporatiewe sin dus aan baie dinge blootgestel, waarteen ouers hul huis wil beskerm. Die waarde van gemeenskap word dus ook 'n struikelblok in baie opsigte. Dit bevestig die belangrikheid om 'n kind dan aan die regte gemeenskap, naamlik die kerk, bloot te stel.

Browning (1997:50-51) fokus op die Amerikaanse familie, maar die beginsels wat hul noem is ook in die Suid-Afrikaanse konteks van toepassing. Vir hulle is die diagnose van die probleem net so belangrik as om 'n oplossing te vind. Soms kan daar te maklik oplossings vir probleme of uitdagings in gemeentes gevind word sonder om regtig na die onderliggende sake en oorsake te gaan kyk. In hierdie boek word vier oorsake genoem wat die onderliggende probleme is tot die krisis in gesinne vandag. Alhoewel verskillende oorsake vir verskillende mense die groot oorsaak is, is Browning en sy mede skrywers oortuig dat hierdie vier saam die probleem vorm. Die oplossing moet dus ook oor hierdie vier velde gevind word.

"Four competing social explanations of the family crisis are being advanced in today's debate: (1) our changing cultural values, especially the increase of individualism; (2) changing economic patterns ...; (3) psychological causes ... and (4) patriarchy – declining yet still visible" (Browning 1997:50). Browning e.a. voeg sonde by die lys as die onderliggende faktor by al vier hierdie punte. Daar kan dus nie 'n oorfokus op slegs een van hierdie sake wees nie. As die totale probleem nie aangespreek word nie, gaan daar nooit totale herstel kan plaasvind nie, dan gaan gesinne maar altyd skeefgetrek bly na een van die punte toe.

In die lig van die studie kan die opmerking oor sonde se rol in families se uitdagings nie oorgesien word nie. Vir Browning (1997:70) is die gevolg van sonde in mense se lewens die spanning wat dit meebring. Wanneer mense spanning beleef in die sin dat hul menswees bedreig voel, beweeg dit hul tot gedrag wat hul beskerm. "Furthermore, sin enters into all aspects of human relations, including – perhaps especially – the intimate aspects of marriage and family life. Anxiety suffuses our relationships, and we then use any number of strategies – pride, protectiveness, manipulation, submissiveness, self-loss, and deception – to alleviate the anxiety" (Browning 1997:70).

Die gebrokenheid van die samelewing veroorsaak dat gesinne wat mekaar se veiligste plek behoort te wees, opeindig om mekaar baie seer te maak in hul daaglikske omgang met mekaar. Gesinne behoort ingestel te wees daarop dat dit 'n bedreiging inhou. Sodoende kan gesinne sekere waardes en ooreenkomste in plek stel om ten spyte van die versoeking om mekaar seer te maak, kan kies om anders op te tree. Dit vra 'n

doelbewuste keuse om anders op te tree as wat mense se natuurlike reaksie sou wees.

As 'n gevolg van die onderliggende probleem van sonde in mense se lewens, is individualisme een van die uitdagings wat veral in die gesin 'n al groter probleem word, veral by ouers.

Our survey on love and marriage suggest that people are struggling to locate their self-regard and individual needs within an ethic of mutuality. But the sociological data in this chapter suggest that they are having trouble accomplishing this. If people are to balance individualism and mutuality more satisfactorily, they must have a clearer and more powerful ethic. This is what the love ethic of equal regard, surrounded by the Christian story, tries to accomplish.

(Browning 1997:50)

Indien ouers sukkel met hierdie magstryd binne hul huwelik, leer hul kinders ook die waarde van individualisme aan as 'n hoogste waarde. In 'n gesin waar almal dan leef vanuit individualisme, kan dit net chaos veroorsaak.

Individualisme kan moontlik ook die onderliggende faktor wees by ouers se onbetrokkenheid by hul kinders. Die onbetrokkenheid strek ook oor verskeie aspekte van kinders se lewens. Ouers doen dikwels nie moeite om te weet wie hul kinders is, wat in hul lewens aangaan en wie die mense en dinge is wat hul lewens beïnvloed nie. Verder is ouers onbetrokke by items waaraan hul kinders deelneem by die skool en buitemuurs. Dikwels gebruik ouers geld om kinders tevrede te hou sodat hul nie tyd saam hoef te spandeer nie. Dit alles kan lei tot jongmense wat sukkel met verwerping, swak selfbeeld en depressie of aan die ander kant rebellie en risiko gedrag.

Dit is dan nie 'n verrassing dat ouers ook nie by hul kinders se geestelike opvoeding betrokke is nie. Olivier (1982:49) dui op die kommerwekkende waarneming dat ouers al minder betrokke is by kategese, ook vir hul eie kinders. "Hierdie onbetrokkenheid is gewis nie net beperk tot die kategese nie, maar word op alle terreine van die kerklike lewe gevoel. In die meeste gevalle is die kinders die produk van hul ouerhuis. Daarom kweek onbetrokke ouers, onbetrokke kinders en 'n onbetrokke jeug, wat weer

geweldige implikasies vir die kerk van die toekoms kan inhoud” (Olivier 1982:49-50). Alhoewel fokus hier op ouers se betrokkenheid by kategese spesifiek is, is die onderliggende beginsel op baie ouers se geloofsonderrig ook van toepassing.

Van Staden (2015:31-32) opper ‘n kommerwekkende punt na aanleiding van die landswye studie onder kerklik-betrokke jeug wat onlangs in Suid-Afrika gedoen is. Volgens hierdie studie is daar ‘n hoë persentasie (70%) van die adolesente wat deelgeneem het wat wel gereeld saam met hul ouers aan tafel ‘n maaltyd geniet. Die kommerwekkende deel is dat ‘n klein groep van hierdie adolesente se ouers wel hierdie geleenthede gebruik om met hulle oor geloof te gesels en huisgodsdienst te hou. Die afleiding wat gemaak word is dat ouers die moeite doen om kinders kerk toe te vat, maar self geen inset het in hul kinders se geloofsvorming nie.

Die gevaar van ouers wat nie hul kinders begelei op ‘n geloofsreis nie, word mooi deur Bons-Storm beskryf. “The faith of an individual shows the impact of theologies, as received in Christian education at home, in Sunday school, in sermon, etc. Sometimes people hear these theologies as if they are articulated in foreign language, apart from their daily lives. This gives many of them a feeling of alienation and despair. Theologies shape our faith, but faith thought through shapes our theology” (Bons-Storm 2002:29). Wanneer ouers dus nie met hul kinders in gesprek tree oor geloofsake nie, vind dit waarskynlik minder neerslag in hul lewens. Deelname aan eredienste en kategese skep nie genoeg geleentheid vir hierdie tipe gesprek nie.

Prins (2000:24) verwys na ‘n ondersoek wat in die NG Kerk in Suid-Afrika sowel as in Amerika gedoen is. In hierdie ondersoek is gevind dat tieners wat die kerk verlaat huis doelbewuste vorming en ondersteuning nodig het om as gelowiges te kan leef in ‘n samelewing wat maklik verwarr. De Wet (3002:1462) sluit hierby aan met sy opmerking dat geloofsvorming alleen ‘n plek vind binne verhoudings. Slegs daar waar jong mense in verhouding met volwasse gelowiges staan, word hul identiteit en dus hul gedrag gevorm op grond van hul geloof.

Daar is in 4.1 verwys na Sell (1995:291-292) se argument dat daar plek is vir formele geloofsvorming en onderrig in ‘n gesin. Tog is daar baie adolesente wat in Belydenisklas opeindig wie se ouers nog nooit vir hulle gevra het of hulle al tot bekering gekom het, nie. Hierdie ouers is nie noodwendig eers die onbetrokke of

apatiiese ouers nie. Dit skep die indruk dat ouers óf nie besef hoe belangrik hierdie tipe gesprekke is nie, óf hulle nie bevoeg voel om hierdie tipe gesprekke te voer nie.

Dit laat 'n volgende vraag ontstaan. Indien bogenoemde twee moontlikhede wel die waarheid is, hoekom sou dit so wees dat ouers nie die belang besef nie of te bang is om sulke gesprekke in die gesin te voer? Voor wie se deur moet hierdie verantwoordelikheid geplaas word?

Bunge sit die verantwoordelikheid voor die ouers en die kerk se deur neer. "Many parents do not know what their children are learning in Sunday school or confirmation, let alone participate in intergenerational or family religious education programs; and parents are also not given the sense that they are primarily responsible for the faith formation for children" (Bunge 2008:349). Die kerk nooi ouers nie sommer om deel te wees van jeugbediening nie en die enigste kontak is dikwels slegs wanneer inligting oorgedra word (2008:349).

Hieruit blyk dit dat die ouers aan die een kant skuldig staan omdat daar nie belangstelling is in die geloofsonderrig wat die kerk vir hul kinders bied nie. Solank as wat die kerk die werk doen, is hulle tevrede. Die kerk daarteenoor wil graag hê dat ouers moet betrokke raak, maar betrek ouers dikwels op maniere wat nie die einddoel dien nie.

#### 4.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die rol wat ouers en die kerk gesamentlik behoort te vervul in kinders se lewens om hul te begelei op 'n pad van geloofsontwikkeling. In die volgende hoofstuk gaan daar gekyk word na die resultate van die empiriese ondersoek en hoe dit korreleer met die inligting wat in die afgelope drie hoofstukke versamel is.

## HOOFSTUK 5

### EMPIRIESE NAVORSING

#### 5.1 Inleiding

In die vorige drie hoofstukke is daar, aan die hand van die normatiewe taak (Osmer 2008:129), gekyk na wat in dooponderrig en geloofsvorming behoort te gebeur. In hierdie hoofstuk kom die deskriptief-empiriese taak (Osmer 2008:31) weer aan die beurt aan die hand van die kwalitatiewe navorsing wat gedoen is. In die laaste afdeling word daar aan die hand van die interpretatiewe taak (Osmer 2008:79) gekyk na die inligting wat uit die navorsing na vore gekom het.

#### 5.2 Deskriptief-empiriese taak

##### 5.2.1 Inleidend

In hoofstuk 1 is die navorsingsprobleem gestel dat adolessente wat as babas gedoop is in die NG kerk dikwels groot word sonder om ooit regtig te verstaan wat die doop waarlik beteken, spesifiek ook in hul lewe elke dag. Die gevolg hiervan is dikwels dat daar 'n behoefté ontstaan om weer gedoop te word. Daar wil dus gepoog word om te probeer agter kom waar die probleem inkom. Nortjé (2011:66) vra die vraag na wat die inhoud van predikante se doopgesprekke is en bevind dat doopgesprekke (spesifiek in die Ring van Barberton van die NG Kerk) se inhoud goed gebalanseer is en dat daar moeite gedoen word dat dit sinvolle gesprekke is.

Hierdie studie wil dus kyk na gesinne se belewenis in terme van doopkategese met die oog op identiteitsvorming by hul kinders. Dit sluit in of die doopkategese wat ontvang is sinvol was en of ouers hulself bekwaam gevoel het om die taak wat deur hul doopbeloftes hul opgelê is, te kan nakom. Die studie wil egter ook na die adolessente se belewenis van hul grootword kyk. Die grootste vraag is egter of die doop enigsins 'n aktiewe rol speel in gesinne se lewens.

Die kwalitatiewe navorsing is gedoen by NG Nelspruit-Westergloed met die Belydenisgroep van 2015 en hul ouers. Die groep het bestaan uit tien adolessente. Die hele groep, saam met hul ouers, is genooi om deel te neem aan die studie. Sewe gesinne het ingestem om deel te neem. Owers en adolessente se gesprekke is apart

gevoer, sodat elke groep se data beter onderskei kan word, maar ook dat die ander se teenwoordigheid nie die antwoorde beïnvloed nie. Die gesprekke was vol gestruktureerd. Ouers en adolesente se gesprekke het verskillende vrae gehad (sien addendum 4 en 5). In sommige gevalle is vrae op ander maniere geformuleer om meer volledige antwoorde te kry. Daar is egter gewaak om niemand te lei in sekere rigtings en so uitkomste te beïnvloed nie.

Goedkeuring vir die studie in NG Westergloed is deur die Kerkraad aan die navorsers verleen op 30 Augustus 2015 (sien addendum 1). Toestemming is ook van ouers en adolesente verkry om hul inligting in hierdie studie weer te gee (sien addendum 2 en 3).

Vier van die ouerpare het as epare aan die gesprek deel geneem. Een ouerpaar het die gesprek afsonderlik gedoen. By twee gesinne het slegs die ma's deelgeneem aan die gesprek. Tensy anders aangedui, word daar met 7 gesinne gewerk. Die gesin waar die ma en pa hul onderhoude apart gevoer het, se data word as een gesin s'n verwerk. Daar is op 'n lukrake wyse aan elke gesin 'n syferwaarde toegeken. Verder aan word na gesinne verwys as G1 en so meer. Waar ouers onderskei word, word daar na hul verwys met O1 en so meer, om aan te dui dat die bepaalde inligting op een van die ouers in die gesin van toepassing is. Ouers het 18 jaar terug doopkategese deurgegaan en dus is dit nie regtig moontlik gewees om besonderhede oor die inhoud van die gesprekke te kry nie. Daar word dus meestal met indrukke wat oorgebly het, gewerk.

Daar word na die groep wat in die belydenisklas was, verwys as BK1 en so meer. Ses van die adolesente is as babas gedoop en een is tydens die belydenisaflegging gedoop. By een gesin het 'n ouer suster in die plek van die dogter in die belydenisgroep, die gesprek gedoen. Die gesin het, weens omstandighede, versoek dat dit so gebeur. Die ouer suster het in dieselfde gemeente geloofsbelijdenis afgelê.

In die volgende deel van hierdie hoofstuk word slegs die inligting weergegee soos dit uit die gesprekke na vore gekom het. Daarna word die inligting in lyn gebring met die teorie soos in hoofstukke 2-4 weergegee.

## 5.2.2 Empiriese navorsing

Aangesien die fokus van die studie ouers se rol is in hul kinders se geloofsvorming, word daar eers aandag gegee aan die uitslag van die ouers se gesprekke en dan word daar na die uitslag van die adolesente se gesprekke gekyk. Die data word aan die hand van die onderskeie vrae verwerk. Waar gedeeltes in kursief is, is dit die navorser se byvoeging op grond van die onderhoud, maar dien slegs vir beter duidelikheid.

### 5.2.2.1 Gesprekke met ouers van adolesente in die belydenisklas

#### 1. A. Het jul doopkategese deurgegaan met die doop van jul kind?

- Hier het G2, G4, G5, G6 en G7 aangedui dat hul doopkategese deurgegaan het met die doop van die betrokke kind se doop.
- G1 was voorheen in die AGS kerk en hul kind is dus nie as baba gedoop nie. Daar was ook geen gesprekke voor die inseëning nie.
- G2 is die gesin waar ouers aparte onderhoude gehad het. Hier het die ma en pa verskil oor of hul doopkategese deurgegaan het. Die pa het gesê ja, maar die ma het gesê die predikant het huisbesoek gedoen, maar geen formele gesprek is gevoer nie.
- G3 het ook net 'n vinnige gesprek gehad, maar geen formele kategese.

#### B. Indien jul kind nie gedoop is nie, wat was die beweegrede?

- Hierdie vraag was slegs op G1 van toepassing, en soos reeds gesien was dit weens hul kerkverband van die tyd.

#### 2. In watter mate het die doopkategese julle gehelp?

- G2, G3, G4 en G5 het aangedui dat doopkategese hul gehelp het.
- Vir G2, G3 en G4 was die belangrikste aspek wat hul kan onthou van die doopkategese, dat dit 'n sterk klem gelê het op hul as ouers se verantwoordelikheid.
- G2 was baie betrokke by die gemeente op daardie stadium en die betrokke kind is die tweede kind. Die predikant het slegs huisbesoek gedoen, maar geen formele gesprek is gevoer nie.
- G4 het wel genoem dat die een gesprek wat hul gehad het dalk min was.

- G5 het gesê dat al kan hul nie onthou wat bespreek is nie, het dit definitief gehelp om erns by hulle in te palm en dit is beslis nodig om doopkategese deur te gaan.
- G5 het aangedui dat kinders nie anders groot gemaak sou word indien doopkategese nie deurgegaan is nie.
- Hierdie vraag is nie op G1 van toepassing nie.

### **3. Hoe verstaan jy die betekenis van die doop?**

- Vir G1, G3, G5, G7 en O2 lê die betekenis van die doop in ouers se belofte om hul kind in God se wil groot te maak.
- G4, G6 en O2 sien dit as God wat handel en sy beloftes skenk aan die dopeling.
- Twee interessante opmerkings kom uit by G1:  

Die pa sien die doop as belangriker vir die ouer as vir die kind aangesien die kind nie weet wat gebeur nie en dit oor die ouer se belofte gaan.  
Die ma het in die AGS kerk groot geword en alhoewel sy verstaan hoe die NG Kerk dink oor die doop, verkies sy steeds die bekeringsdoop.

### **4. A. Watter rol speel die doop en die betekenis daarvan in jou lewe?**

- Aangesien hierdie 'n meer persoonlike vraag is, het ouers apart geantwoord en word hier nie spesifiek na gesinne verwys nie. Party ouers het ook meer as een aspek genoem wat vir hul uitstaan.
- O1 en O2 onthou spesifiek die verbintenis wat God met hul gemaak het deur die verbond.
- Vir O1 en O7 skep dit 'n gevoel van behoort.
- O2, O3 en O4 dink spesifiek aan God se beloftes wat vir hul bedoel is, wat insluit dat Hy hul gekies het.
- O3 het besef hoe groot die belofte is wat haar ouers gemaak het.
- Vir O5 is dit die basis van sy geloof en motivering vir hoe hy sy lewe leef.
- Vir O6 speel die doop nie eintlik 'n rol in hul eie lewe nie.
- O7 het gesê dit is belangrik, maar nie spesifiseer hoekom nie.

**B. Watter rol speel die doop en die betekenis daarvan in jul gesin se lewe?**

- G1 en G6 het aangedui dat die doop nie in hul gesinne 'n spesifieke rol speel nie, terwyl G2 en G5 gesê het hul het nie spesifiek op die doop gefokus in hul gesin nie.
- G2 het ook genoem dat die doopgeleenthede in die wyer familie ernstig opgeneem is en moeite gedoen word om hierdie geleenthede by te woon.
- G3 het nadat kinders ouer geword het van tyd tot tyd gesprek gevoer oor die doop. Hierdie gesprekke se fokus was spesifiek wat die betekenis van die doop is en hoekom gedoop word. Hierdie is egter een van die gesinne wat die betekenis van die doop sien as 'n ouer se belofte.
- G4 het vir die eerste twee of drie jaar hul kinders se doopkerse aangestEEK op hul doopdatum. Die ouers het ook moeite gedoen om, wanneer 'n doopdiens saam bygewoon is, met hul kinders te gesels oor die doop.
- G7 het aangedui dat hul kinders anders na godsdiens kyk as hul vriende wat nie gedoop is nie.

**5. A. In watter mate het die doopkategese jou gehelp in die ontwikkeling van (OF deelname aan) jou kind se geloofsidentiteit?**

- G4, G6 en G7 het aangedui dat die doopkategese hulle nie regtig gehelp het nie.
- Vir G4 en G7 was die inhoud baie skraal. G6 het reeds vaste idees gehad oor hoe hul kinders wil grootmaak. Hul het ook voor hul kinders gehad het, 'n doopkursus bygewoon by 'n vorige gemeente.
- G2, G3 en G5 het gesê dit het hul gehelp om te weet hoe om hul kinders binne God se wil groot te maak.
- O2 het bygevoeg dat sy eie grootword jare ook bygedra het tot hoe hy sy kinders groot gemaak het.

**B. Wat is jou indruk – watter rol speel die doop en die betekenis daarvan in sy of haar lewe?**

- G1, G6 en G7 dui aan dat die doop na hul mening nie 'n spesifieke rol speel nie, of voel hul weet nie.

- G1 wie se seun tydens belydenisaflegging gedoop is, maak deel uit van hierdie vier gesinne. Hulle voel dat dit dalk wel net 'n gevoel van behoort by hom sou teweegbring.
- G2, G3, G4 en G5 sien dat hul kinders 'n sterk geloofsidentiteit het wat spruit uit 'n verhouding met die Here.
- Dit is wel nodig om te noem dat hierdie vier nie almal noodwendig die sterk geloofsidentiteit direk aan die doop koppel nie.

**6. A. Op watter ander maniere het jy ook meegewerk aan jou kind se identiteitsvorming?**

- G2, G3, G4 en G7 het vir hul kinders uit die Bybel voorgelees toe hul klein was.
- G1, G2, G4 en G7 het spesifiek genoem dat hul saam gebid het of vir hul kinders gebid het.
- G2, G4 en G7 het hul kinders gereeld kerk toe geneem.
- G2, G4 en G7 het spesifiek daarna verwys dat hul hul kinders "sondagsskool" toe geneem het.
- G2, G4, G5, G6 en G7 het genoem dat hul geloofs- en lewenskwessies met hul kinders bespreek het.
- G1, G5 en G6 het spesifiek daarop gefokus dat hul waardes gevestig het, soos byvoorbeeld om liefde vir ander uit te leef.
- G7 het genoem dat hul Christelike DVD's gewys en CD's geluister het. G6 het spesifiek verwys na Christelike musiek.
- Vir G5 was dit belangrik om hul kinders op te voed met 'n sterk geloofsidentiteit as mikpunt.
- By G1 het die ouma 'n sterk rol gespeel om vir die kinders voor te lees uit die Bybel en oor gebed geleer.

**B. Indien jy voel jy het nie genoegsaam deelgeneem aan jou kind se identiteitsvorming nie, wat sal jy dink is die rede daarvoor?**

- G1 sou hul kinders beter wou kon help om die Bybel te kan verstaan.
- G2 sou meer betrokke gewees het as gesin.
- G2 en G7 sou huisgodsdiens wou doen.
- G3 en G6 voel hul het alles gedoen wat hul kon.

- G4 het bevestig dat 'n ouer se verantwoordelikheid nooit ophou nie, maar het nie meer spesifiek gepraat nie.
  - G7 het gesê hul sou meer bid oor hul kinders se groot maak.
  - G7 sou meer saam kerk toe gegaan het.
- 7. In watter opsig sou die gemeente jou kon gehelp het om (na doopkategese) toegerus te word in jou deelname aan jou kind se geloofsontwikkeling?**
- G2, G4, G5 en G7 het die behoefté uitgespreek dat daar tussen doop en belydenisaflegging meer formele geleenthede behoort te wees waar ouers toegerus en begelei word rondom die beloftes wat hul afgelê het. G4 het spesifiek genoem dat dit te lank is van doop tot belydenisaflegging. Wanneer hul by belydenisaflegging kom is hul onseker of hul als gedoen het wat nodig en reg is.
  - G1, G2 en G7 het gesê onbetrokkenheid (*het sy hul eie of in die algemeen*) nie die kerk se skuld is nie en dat hul gekies het om nie deel te neem aan dit wat die kerk dalk gebied het nie.
  - G1 en G2 het spesifiek genoem dat hul voel die verantwoordelikheid lê by hulle en nie soseer die kerk nie.
  - G1 voel dat dit baie kan help indien die gemeente DVD's of CD's maak wat 10-15 minute stukkies op het wat spesifieke situasies in terme van ouerskap aanspreek en ouers riglyne gee oor hoe om hul kinders deur dit te begelei, maar ook watter teksgedeeltes daarvoor gebruik kan word. Dit kan help indien dit ook ouderdomsgerig is.
  - G2 het 'n verkorte program voorgestel wat die belydenisjaar inhoud dek vir die ouers aan die begin van die jaar waarin hul kind deel is van die belydenisjaar.
  - G2 het gevoel dat formele doopkategese definitief nodig is.
  - G3 sou dit goed gevind het indien die gemeente meer betrokke was by die gesin en veral kon seker maak hoe dit gaan met Bybelonderrig in die gesin.
  - G3 het ook gevoel dat ouers ingelig moet word rondom die belang van "sondagsskool" en wat daar gebeur, sodat hulle meer erns kan maak daarmee.

- G4 het gesê groepe waar die doopouers bymekaar kom 'n tydjie na afloop van die doop, sodat hulle hul ervarings met mekaar kan deel, sou hul baie gehelp het.
- G5 voel dat waar gesinne deel is van 'n selgroep, kinders deelgemaak moet word daarvan.
- G5 hou nie van kinderkerk wat apart is nie en verkieks dat gesinne saam in die erediens sit. Hier moet dan baie sterk op gesinne gefokus word. Daar moet dan ook iets vir die gesinne saam gegee word huistoe om te gaan doen, hetsy 'n aktiwiteit of teksgedeelte wat aanpas by die preek, wat by die huis behandel of gedoen kan word om die diens by die gesin in te skerp.
- G5 het verder voorgestel dat "wyksbyeenkomste" gereël kan word waar van tyd tot tyd toerusting aangebied word deur die betrokke kerkraadslid oor onderwerpe soos onder ander die doop.
- G6 voel huwelikstoerusting is nodig, veral voor paartjies kinders het ter voorbereiding op ouerskap.
- G7 het spesifiek melding gemaak van oorgangsfases in kinders se lewens en dat die kerk kan moeite doen om geleentheid te skep om dit te vier.

### Ander sake:

Vanuit die gesprekke het daar verskeie ander interessante punte na vore gekom wat nodig is om te noem om die prentjie meer volledig te maak.

- G1 was op 'n stadium nie deel van enige gemeente nie en het toe besef dat hul kinders heel moontlik nie self by geloof gaan uitkom nie en dat hul ten minste dit vir hul kinders moet aanbied.
- G2 het gevoel hul het hulp nodig om hul kinders te help met die uitdagings wat adolessente vandag mee te doen kry.
- Dis interessant dat O2 en O5 spesifiek melding gemaak het daarvan dat hul nie hul eie doop kan onthou nie.
- In G4 is dit duidelik dat die ma verstaan dat die doop God se handeling is. Verder in haar antwoord verwys sy egter daarna dat omdat God 'n persoon kies, hul klaar verlos is en hoef hul self niks te doen nie.

- G5 se ouer kinders is tydens hul universiteitsjare oor na charismatiese gemeentes toe en die eerste kleinkind is onlangs daar ingeseen. Dit is 'n groot worsteling vir die ouers.
- G5 voel ook dat die betekenis van die doop in 'n persoon se lewe weer onder ouers se aandag gebring moet word, op 'n vroeër stadium van hul lewe.
- By die vraag oor in watter mate doopkategese gehelp het, het O5 verwys na die belangrike rol wat hul kinders se Gr. 1 onderwyser gespeel het om sterk waardes te vestig. Die kerk het volgens hulle nie hierdie selfde rol vervul nie.
- G5 het ook die opmerking gemaak dat stiltetyd 'n privaat aangeleentheid is in 'n persoon se lewe, dus kan 'n ouer nie vir 'n kind sê hy of sy moet stiltetyd hou nie.
- G5 het ook verwys na 'n vriendin wat deur 'n verskriklike egskeiding gegaan het wat in Westergloed gemeente was. Niemand het egter besoek by haar gedoen in die tyd nie en sy is na 'n ander gemeente toe. Daar het iemand haar in die eerste week besoek.
- G5 voel dit is goed dat kinders blootstelling kry aan volwasse gelowiges. Geleenthede moet saam met kerke gereël word waarheen adolesemente eerder wil gaan, alhoewel die boodskap steeds goed moet wees. Hierdie tipe geleenthede inspireer kinders meer as 'n preek.
- O6 het die opmerking gemaak dat sy aanvaar het indien iemand gedoop is en "aangeneem" is, hul 'n Christelike lewensstyl sou handhaaf. Dit was egter nie haar belewenis in haar eie huis nie.
- G7 het, op grond daarvan dat hul nie die inhoud van hul doopkategese kon onthou nie, voorgestel dat 'n opknappingskursus vir ouers goed kan wees voor kinders met belydenisklas begin of selfs wanneer hul Gr. 8 toe gaan. *In die Ring van Barberton word 'n skoolverwisselingskamp aangebied vir Gr. 7 leerlinge voordat hul oorgaan Hoërskool toe. Die gesin se eie kinders het baie gebaat by hiedie kamp.*

### 5.2.2.2 Gesprekke met adolesemente in die belydenisklas

#### 1. A. Hoekom is jy in die belydenisklas?

- BK1 het gesê om 'n beter konneksie met die Here te vind.
- Vir BK2 is dit 'n belofte aan God om getrou te bly in hul geloofslewe.

- Vir BK2, BK3 en BK4 was dit ook om deel te wees van die geloofsgemeenskap.
- Vir BK3 en BK4 was die fokus om belydenis van geloof af te lê. BK4 het dit inlyn gebring met die voltooiing van die pad wat die ouers begin het by die doop.
- Dit is 'n bevestiging van geloof vir BK5.
- Vir BK5 en BK7 is dit 'n bevestiging dat hul reg is om die verantwoordelikheid van hul geloof oor te neem.
- Vir BK6 was sy aanvanklik deel van die kinderkerk en kategese omdat haar ouers dit verwag het, maar later wou sy self deel wees van die Here.

### **B. Wat is jou verwagting vir hierdie jaar?**

- BK1 en BK6 het geen verwagting gehad nie.
- Vir BK2 was dit om meer te groei, met 'n spesifieke klem daarop dat dit nodig is om 'n sterk fondament as volwassene te hê.
- Dit is vir BK2 ook belangrik gewees om genoeg te leer sodat ander geleer kan word.
- Verskeie van die adolessente het op verskillende aspekte van leer gefokus, wat insluit om van God te leer, maar ook hulself beter te leer ken. BK3, BK4, BK5 en BK7 het die verwagting om te leer gehad.
- Vir BK4 was daar ook 'n verwagting om te verander.
- BK5 het verwag dat geloofsvrae deur die loop van die jaar beantwoord sou word.

### **2. A. Wat beteken jou verhouding met God Drie-enig?**

- BK1, BK4, BK5 en BK7 het gesê die Here help hulle in baie situasies. BK4 het spesifiek die woord Rigtingwyser bygevoeg.
- BK2 het die Vader, Seun en Gees se werking in haar lewe afsonderlik gedeel.
- BK3 beleef die Here maak haar innerlik sterk.
- BK4 voel die Here maak haar 'n beter mens.
- Vir BK4, BK6 en BK7 is die Here die belangrikste deel van hul lewe.

### **B. Tot watter mate het jy sekerheid oor jou verhouding met God?**

- Al 7 adolessente het geloofsekerheid.

### **3. Hoe verstaan jy die doop?**

- BK1, BK3, BK6 en BK7 verstaan die doop as 'n belofte wat ouers maak om hul kinders volgens God se wil groot te maak.
- BK2 sien die doop as 'n sakrament waar God die Een is wat handel.
- BK2 verstaan ook dat die doop bevestig dat Christus se verlossing vir haar ook beskikbaar is.
- Vir BK4 en BK5 word 'n persoon deel van die liggaam van Christus / die kerk deur die doop.
- BK4 het wel verwys na ouers se verantwoordelikheid, maar as reaksie op dit wat gebeur.
- Vir BK5 is dit Jesus wat jou seën as sy kind.
- Alhoewel BK6 gesê het dat dit 'n belofte van die ouers is, voel sy wel ook dat die doop 'n uitwerking op 'n persoon het.

### **4. In watter mate het jou ouers jou gehelp om te verstaan van jou/die doop?**

- BK1, BK3, BK4, BK5 en BK6 se ouers het hul vertel van die doop. BK4 het spesifiek genoem dat haar ouers dit deurgetrek het na lewensituasies.
- BK2 kan nie spesifieke gesprekke oor die doop onthou nie, maar het definitief kennis oor die doop gehad.
- Vir BK7 was die belydenisjaar die plek waar sy eintlik maar eers rêrig oor die doop geleer het.

### **5. Watter rol het jou ouers se hulp gespeel in die ontwikkeling van jou geloofsidentiteit?**

- BK1 het verduidelik dat wanneer hy foute gemaak het, sy ouers verduidelik het hoekom dit wat gedoen is nie reg is nie en wat die regte optrede sou gewees het.
- BK2, BK3, BK4 en BK5 se ouers het in moeilike situasies dit deurgetrek na hul geloof toe. BK2 het spesifiek genoem dat haar ouers in hierdie tye ook saam met haar Bybel gelees en gebid het.
- BK2 en BK5 noem dat hul ouers hul kerk toe geneem het.
- Vir BK2 en BK4 was hul ouers voorbeeld van hoe Christene behoort te leef.
- BK2 het genoem dat haar ouers toegesien het dat sy stiltetyd hou.

- BK3 se ouers het haar van Jesus se verlossing vertel.
- BK3, BK4 en BK5 se ouers het vir hulle die Bybel/Kinderbybel voorgelees toe hul klein was.
- BK5 se ouers het klem daarop gelê dat ander gehelp moet word.
- BK6 en BK7 het gesê hulle het alles by hul ouers geleer.
- BK7 het spesifiek genoem dat haar ouers haar leer bid het en geloofsvrae beantwoord het.

## **6. Watter rol het jou ouers gespeel in jou geloofsreis?**

- BK1 is tydens belydenisaflegging gedoop. Na afloop hiervan het sy ouers met huisgodsdien begin, maar dit het intussen weer opgehou. Hy kan nie regtig voor belydenisaflegging onthou of/hoe sy ouers hom begelei het op die geloofsreis nie.
- BK2 se ouers reik saam met haar uit.
- BK2, BK4, BK6 en BK7 se ouers gee hul geestelike begeleiding en bystand.
- Vir BK3 en BK7 het hul ouers hul gehelp om op die regte pad te bly.
- BK4 se ouers het Bybels en ander geestelike boeke gekoop.
- BK5 se ouers het huisgodsdien gehou.
- BK6 se ouers het as 'n voorbeeld geleef.

## **7. As jy terugkyk, wat sou jou ouers nog kon doen om jou te help?**

- BK1 het die behoefté om vroeër kerk toe te begin gaan het. Hulle gesin het in sy Gr. 7 jaar weer begin kerk toe gaan.
- BK2, BK6 en BK7 het die behoefté uitgespreek om meer van die Bybel te geleer het. BK2 en BK6 het spesifiek na hulp met stiltetyd verwys.
- BK7 het genoem dat daar 'n behoefté is om meer geestelike gesprekke met haar ouers te gehad het.
- BK3, BK4 en BK5 het aangedui dat hul voel hul ouers het nie iets nagelaat nie.
- BK4 het na die tyd wel bygevoeg dat sy wel meer oor die verskillende aspekte van God se wese sou wou geleer het.

## Ander sake:

In die gesprekke met die adolessente het daar ook ander inligting uitgekom wat nodig is om te noem ter wille van die studie:

- BK1 beskou die waarde van die doop as dat sy ouers nie regtig vroeër geweet het hy is nie gedoop nie, maar nou weet hy dat hul hom gaan help as hy van die regte pad afdwaal.
- BK2 was die enigste een wat tydens die vraag oor God Drie-enig, haar verhouding in terme van die Drie-eenheid verwoord het.
- BK4 het genoem dat sy besef het God is nie net liefde nie, 'n persoon moet hard werk om vergewe te word en goeie dade doen.
- Vir BK7 is dit sleg dat haar ouers nie altyd vrae kan beantwoord nie, maar sê dan hulle is tog ook net gelowiges.
- BK3 het van "aanneming" gepraat toe daar na die belydenisaflegging verwys is.
- BK1 en BK4 het spesifiek daarna verwys dat wanneer hulle stout was of verkeerd opgetree het, ouers vir hul verduidelik het hoe mens eerder moet leef.
- Die adolessente se Godsbeeld verskil redelik van mekaar. BK5 het byvoorbeeld gesê dat God mense sal bly soek al beweeg hulle weg van Hom af. BK7 het weer na altwee kante verwys – dat sy soms beleef dat God ver is of wegbeweeg, maar ook dat sy soms wegbeweeg van God af.

## 5.3 Interpretatiewe taak

Die navorsers aanvaar dat almal nie noodwendig alles sê wat hul dink of glo nie, maar dit wat mense kies om te deel gee tog 'n goeie aanduiding van wat hul hoof verwysing rondom die onderskeie sake is.

### 5.3.1 Gevolgtrekkings vanuit ouers se gesprekke

By twee gesinne was daar slegs 'n informele gesprek deur die predikant in plaas van formele doopkategese. Die redes hiervoor was dat gesinne baie betrokke was en die predikante hul goed geken het. Dit blyk dat die predikante gevoel het dat dit daarom nie nodig was om 'n gesprek te voer nie. By G2 was dit die tweede kind wat gedoop is. O2 het later genoem dat sy in retrospeksie tog voel daar moes 'n formele gesprek gewees het. Die aanname dat betrokke lidmate noodwendig weet waaroor die doop

handel en dat hul toegerus is om die pad met hul kinders te kan stap, ontnem ouers van 'n groei geleentheid. Selfs al word 'n tweede of derde kind gedoop, verander mense en hul situasies.

Alhoewel ouers nie die inhoud van die doopkategese kan onthou nie, kan hul redelik goed onthou of die indruk wat hul gehad het goed was of nie. Vir die ouers vir wie dit nie sinvol was nie, was die inhoud van die gesprekke baie skraal.

As die verwagting is dat doopkategese ouers moet toerus om vir 18 jaar hul kinders te begelei op hul geloofsreis, behoort dit sinvol genoeg te wees dat dit by ouers kan bly tot dan. Die waarskynlikheid dat dit in werklikheid so sal gebeur is egter skraal. Ouers beleef onsekerheid oor of hulle hul kinders reg en voldoende begelei het op hul geloofsreis. Die groot behoefté aan meer formele kontakgeleenthede wat deur die kerk gereël word, is 'n bevestiging hiervan. Die kerk kan nie bloot aanvaar dat gesinne hierdie taak kan doen nie.

Dit is ontstellend om te sien dat 62,5% van die ouers die doop hoofsaaklik sien as ouers se belofte aan die Here. Slegs 37,5% verstaan die doop as God se handeling. Die probleem wat hier ontstaan is dat indien ouers self nie die betekenis van doop vertsaan nie, hulle nie hul kinders sinvol daaroor kan leer nie. Die feit dat O1 gesê het sy kind se doop is vir hom as ouer belangriker as vir sy kind, bevestig dat daar ouers is wat regtig nie veel weet en verstaan rondom die doop nie. BK1 het die siening gedeel dat sy doop meer waarde vir sy ouers het. Dit is dus sigbaar hoe die verkeerde kennis oorgedra word.

Dit blyk dat doopkategese die helfte van die gesinne nie gehelp het om te verstaan hoe die betekenis van die doop inwerk in mense se lewens nie, dus het dit hul nie kon help om 'n geloofsidentiteit by hul kinders te vestig nie. Die indruk was sterk dat ouers nie oor die doop dink as 'n identiteitsmerker nie. Dit is die kern van goeie doopkategese. Indien die gesprek ouers nie hierin begelei nie, is daar volgens die navorser nie geslaag in die doel nie.

Dit korreleer sterk daarmee dat slegs die helfte van die ouers gesê het dat hul beleef die doop speel 'n rol in hul kinders se lewe. Die ander is onseker of weet nie. O6 se woorde was: "Hoe sal ek weet?" Dit skep die indruk dat dit vir ouers nie belangrik is nie, wat verder beteken dat hul waarskynlik by hul kinders nie die erns daarvan

ingeskerp het nie. Dis ook kommerwekkend dat 'n ouer sê sy kan tog nie weet of die doop 'n rol in haar kind se lewe speel nie. Dit wys op swak kommunikasie tussen ouer en kind, veral wat noodsaaklike geloofsake aanbetreft.

Meeste gesinne het een of meer geloofsdisziplines gebruik om hul kinders te begelei op hul geloofsreis. Dat ouers sterk waardes by hul kinders vestig, is baie goed. Vanuit die verloop van die gesprek en die taal wat ouers in hierdie verband gebruik, word die indruk verkry dat van die ouers 'n sterk klem lê op wat reg en verkeerd is en dat dit die hooffokus is vir 'n verhouding met die Here. Die gevare hiervan is 'n bepaalde Godsbeeld wat by kinders gevestig word. Waardes kan nie gelyk gestel word aan 'n verhouding met God nie.

Verder is dit kommerwekkend dat 57% gesê het dat die doop óf geen rol speel óf dat hulle nie pertinent op die doop gefokus het, nie. Die ander 43% het tot een of ander mate gesprekke gevoer met hul kinders oor die doop of hul blootgestel aan die doopbediening. Een van hierdie gesinne het ook moeite gedoen vir twee of drie jaar na hul kinders gedoop is om die doopkerse aan te steek op hul doopdae. Meerderheid gesinne leef, vanuit hierdie inligting, nie met 'n deurlopende bewusheid van die doop en die rol wat die doop in hul lewe kan vervul nie.

Meerderheid van die ouers het gevoel hul kon meer gedoen het om hul kinders te leer. Dit is sleg om te sien dat verskeie ouers kies om nie betrokke te raak nie, ten spyte van hul behoeftes vir begeleiding. Die gemeente kan mense nie help indien hul nie of self 'n situasie raaksien, of die inligting word onder hul aandag gebring nie. As ouers dan nie vra vir hulp nie en nooit deelneem aan wat by die gemeente gebeur nie, gaan die gemeente moeilik aan hul behoeftes kan probeer voorsien.

Ten spyte van bogenoemde opmerking, is daar tog baie maniere wat die gesinne gevoel het die kerk hulle mee sou kon help. Dit wys tog dat daar 'n behoefte is, alhoewel hulle nie die kwessies opgebring het toe hul dit beleef het nie. Die grootste behoefte is dat daar meer formele geleenthede is waar die kerk met ouers ontmoet en toerusting gegee word, sodat ouers nie net met doop en belydenisaflegging formele kontak het nie. Die kerk behoort ernstig aandag te gee aan hierdie behoefte van gesinne, anders is die gevær dat mense se geloof al meer kan begin verval. Dit is die navorsers se indruk dat in die breër kerk en samelewings dit reeds besig is om te

gebeur. Dit maak hierdie tipe aandag aan gesinne baie belangrik. Hiermee saam is huwelikstoerusting ook 'n baie belangrike behoefté wat gehoor moet word.

Daar was nie 'n spesifieke vraag rondom bekering in die gesprekke nie. Dit was egter interessant dat die ma en dogter by G4 ten spyte van goeie insig en sterk geloofsoortuigings idees uitgespreek het wat nie heeltemal pas nie. Die ma het gesê dat sy deur die doop klaar verlos is en niks hoef te doen nie. Terwyl die dogter gesê het sy het besef God is nie net liefde nie en dat 'n persoon hard moet werk om vergifnis van sonde te kan kry by die Here en dat goeie dade gedoen moet word. Dit korreleer nie daarmee dat hul eintlik 'n sterk gesin is in terme van hul geloof en waarvan die verwagting is dat hul hierdie spesifieke dinge beter behoort te verstaan, nie.

By G6 het die ma die idee dat wanneer iemand gedoop en "aangeneem" is, hul lewenswyse vanselfsprekend Christelik sal wees. Sy het in haar huwelik beleef dit is nie so nie. Sy het egter ook van 'n keer vertel wat sy met haar klein kinders op die mat gesit en gebid het en vir die Here gesê het hulle gaan almal hemel toe. Dit blyk uit hierdie vertellings dat daar nie by haar 'n besef is dat daar tog 'n keuse nodig is om die belofte wat die Here gegee het te aanvaar nie.

Die navorser beleef vanuit die gesprekk dat ouers se geloofstaal in vele opsigte skraal is. Die belangrikheid van taal is in hoofstuk 4 genoem. Die indruk wat verkry is tydens die gesprekke wat gevoer is, is dat ouers sukkel om oor geloofsake te gesels. Hulle weet nie altyd hoe om hulself uit te druk nie en vanuit baie van die antwoorde wil dit blyk of hul kennis en verstaan oor die algemeen baie skraal is. Taal help om denke en kultuur te vestig. Waar dit ontbreek, vind hierdie vorming nie plaas nie. Die resultaat is dat hul kinders ook nie geloofstaal het nie.

Dit is interessant dat van die ouers wel voel huisgodsdiens, Bybel lees en bid is belangrik, maar hulle het nie hulle kinders geleer hoe om dit te doen nie. Daar word voorgelees uit die Kinderbybel tot kinders oud genoeg is om self te lees en dan word hul skynbaar gelos om op hul eie aan te gaan. Alhoewel ouers kinders nie behoort te dwing om dit te doen nie, is dit tog deel van hul verantwoordelikheid om 'n liefde vir en verstaan van die Bybel by hul kinders te kweek. Een ouer het tereg gesê hy weet nie genoeg nie. Die ideaal is dat dit vir ouers belangrik is om te bly leer en moeite doen om te leer indien hul voel hul weet nie genoeg nie. Dan behoort hulle in staat te wees om hul kinders te kan leer.

### 5.3.2 Gevolgtrekkings vanuit adolessente se gesprekke

In die gesprekke met die adolessente het 57% aangedui dat hul die doop verstaan as beloftes wat hul ouers voor die Here aflê. Die 43% wat oorbyl verstaan die doop in terme van een of meer van die betekenissoos in hoofstuk 3 bespreek. Alhoewel hierdie groep in 'n meerdere of mindere mate iets van die doop verstaan, is die indruk wat gekry is dat slegs een uit die hele groep 'n meer volledige verstaan het van die doop se rol en betekenis in 'n persoon se lewe. Tydens die belydenisjaar is die doop en die betekenis daarvan in mense se lewens in diepte bespreek met hierdie groep. Dit is dus ontstellend om te sien dat hulle steeds nie 'n beter verstaan het nie. Dit laat die vraag ontstaan of die kerk dit regkry om mense se taal en denke rondom bepaalde sake te vorm en soms hervorm? Of bly mense by dit wat hul eerste geleer het oor 'n saak, maak nie saak of daar anders oor dit gepreek of geleer word nie.

Taal kom hier ook weer na vore. Meeste van die adolessente het hul verhouding met God Drie-enig beskryf in terme van hoe God hul help wanneer hulle hulp nodig het. Slegs een kon haar verhouding in terme van die Drie-eenheid beskryf. Die bekommernis wat in hierdie gegewens na vore kom, is hoe adolessente God sien en wat hul persepsie is van hoekom mens in verhouding met God is. Die indruk is gekry dat ook die kinders van die ouers nie oor hul geloof en verhouding met die Here kan praat nie. BK4 se opmerking dat 'n persoon moet werk vir vergifnis en goeie dade moet doen, aangesien God nie net liefde is nie, skep die indruk dat sekere adolessente onbekwaam is om die verskeie aspekte van God se wese bymekaar te bring en te verstaan hoe dit mekaar aanvul om ons beeld van God duideliker te maak. Dit beteken dat hulle nie goed geleer word oor God se grootheid nie en dus nie vanuit 'n omvattende Godsbeeld hul identiteit verstaan nie.

Dit is goed om te hoor dat al die adolessente geloofsekerheid het. Die kerk moet waak om nie by mense die indruk te skep dat die aanvanklike bekering voldoende en genoeg is nie, soos in hoofstuk 2 en 3 gesien. Die indruk is dat daar by 'n paar van die adolessente 'n tevredenheid is dat dit wel voldoende is. Daar hoef dus nie veel meer gedoen te word om die verhouding te versorg sodat groei in 'n persoon se lewe kan plaasvind nie.

Daar was drie vrae wat gehandel het oor ouers se begeleiding in die adolessente se lewensreis. Die fokus van die studie is in die eerste plek of ouers toegerus is om hul

kinders te kan begelei in geloofsontwikkeling. As daar na die uitkoms van hierdie vrae gekyk word, is dit duidelik dat ouers tot 'n bepaalde mate probeer lei en leer het. Dit is die navorser se waarneming dat sekere van die ouers beter geslaag het hierin as ander. Daar is definitief gesinne wat 'n baie skraal geloofsopvoeding vir hul kinders gegee het.

Alhoewel 'n paar van die adolesente genoem het dat hul ouers tot een of ander mate gesprekke met hulle gehad het oor die doop het slegs een pertinent genoem dat haar ouers hierdie gesprekke deurgetrek het na lewensituasies en dit met mekaar in verband gebring is. Die feit dat soveel van die adolesente egter nie verstaan waaroor die doop regtig gaan nie, korreleer met die feit dat soveel ouers nie die doop verstaan nie.

Die adolesente het 'n paar behoeftes uitgespreek in terme van wat hul ouers nog kon doen. Dit korreleer sterk met dit wat die ouers ook genoem het hulle meer sou wou doen. By sommige van die adolesente is opgetel dat alhoewel hul behoeftes aan sekere sake, hulle nie die moeite doen om hul ouers te nader daaroor nie. Dit laat die vraag ontstaan na wat die rede agter dit is. Is kinders nie vrymoedig om met hul ouers oor geloofsake te gesels nie? Is hulle ongemaklik om oor geloofsake te gesels, hetsy met hul ouers of enige iemand anders? Daar kan verskeie redes wees en dit kan goed wees om dieper in hierdie vraag in te grawe.

Twee adolesente het genoem dat hul geen verwagting van die belydenisjaar gehad het nie. Dit is kommerwekkend dat adolesente daar kan kom en nie verwagtings koester in terme van hul verhouding met die Here en die gemeente, sowel as die groeigeleentheid wat voorlê, nie. Waar kinders begelei is om 'n verhouding met die Here te koester behoort dit, volgens die navorser se insiens, tog 'n opgewondenheid by adolesente te kweek om nader aan God te kan bly beweeg.

Alhoewel daar nie 'n spesifieke vraag was tydens die gesprekke oor identiteit nie, is dit tog nodig om 'n opmerking te maak oor indrukke wat gekry is tydens gesprekke. Vanuit die manier waarop daar oor 'n verhouding met die Here gepraat word, is die waarneming dat nie al die adolesente regtig oor hulself dink in terme van hierdie verhouding nie. Hul siening van die doop is ook in meeste gevalle nie in terme van identiteit gewees nie. Dit bevestig die opmerking by die ouers se afdeling dat ouers ook nie hierdie siening het nie. Waar adolesente nie hul identiteit vind in God se

waarheid nie, gebeur dit in terme van die wêreld en dit is gevaarlik vir gelowige adolessente. Daar behoort definitief baie meer aandag deur die kerk aan hierdie kwessie gegee te word.

Vanuit hierdie studie is 'n algemene indruk gekry dat ouers en hul kinders die pad saam kan stap en totaal verskillende belewenisse hê van hoe dit was. Dit bring die vraag na vore of kommunikasie regtig voldoende is in gesinne. Mense se onvermoë en ongemak om selfs met die primêre persone in hul lewe hul geloof te deel, is 'n ernstige saak waaraan die kerk aandag behoort te skenk. Dit behoort nie moontlik te wees dat ouers wat al verskeie jare Christene en deel van die kerk is, nie hul geloof kan deel nie.

#### **5.4 Samevatting**

In hoofstuk 5 is die navorsing weergegee en geïnterpreteer. Dit korreleer baie sterk met die teorie wat ingewin is en die navorsingsprobleem en -hipotese. Hoofstuk 6 is die pragmatiese taak (Osmer 2008:175) waar voorstelle gemaak word vir hoe die inligting wat tot hier verwerk is, 'n impak kan hê op mense se geloofsreise.

## HOOFTUK 6

### PRAGMATIESE TAAK

#### 6.1 Inleiding

In hoofstuk 5 is die uitkomste van die kwalitatiewe navorsing hanteer en is daar heelwat inligting ingewin wat ligwerp op die navorsingsprobleem. In hierdie hoofstuk word gepoog om strategiese voorstelle te maak wat die leemtes wat identifiseer is, behoort aan te spreek.

#### 6.2 Evaluierende opmerkings

In 1.1.4 is daar genoem dat die studie wil ondersoek of ouers hul doopbeloftes nakom deur hul kinders te onderrig in die betekenis van die doop en geloof. Daar is gekyk of daar 'n direkte korrelasie is tussen die insette van die ouers en die kinders se geloofsidentiteit. Daar is gevind dat van die ouers in hierdie steekproef nie hul kinders begelei het in geloofsontwikkeling nie. Dit blyk dat die mees waarskynlike rede hiervoor ouers se eie gebrek aan, of swak, geloofsontwikkeling is.

Die rede vir hierdie ondersoek is, soos gesien in 1.1.2, die waarneming van die navorser dat adolessente in belydenisklas dikwels 'n beperkte of geen begrip van geloofsidentiteit het nie. Die resultate van die navorsing het hierdie waarneming bevestig.

Geloofsvorming en ouers se primêre rol in hierdie verband word al meer dringend en belangrik (vgl. 1.1.8) aangesien die leefwêreld van adolessente al moeiliker word. Dit is daarom belangrik en noodsaaiklik dat die kerk ernstig aandag gee aan hierdie saak. Hierdie aandag behoort, volgens die navorser se indrukke vanuit die studie, baie vroeër te gebeur. Indien gesinne vroeg reeds beter toegerus word, behoort minder kwessies as krisisse tydens adolessensie beleef te word.

'n Tekort van kennis oor die betekenis van die doop, blyk vanuit die studie wel 'n faktor te wees in adolessente se tekort aan 'n gevestigde geloofsidentiteit (vgl 1.2).

#### 6.3 Strategiese suggesties

Ouers se toerusting in opvolging van doopkategese is dringend nodig. Praktiese voorstelle in terme van logistieke reëlings sluit in dat paartjies wat verwag reeds

genoeg word vir doopkategese, sodat daar genoeg tyd is om sinvol te werk in terme van hul eie geloofsreis.

Vanuit die studie is gevind dat sekere sake baie ernstig aandag behoort te kry tydens doopkategese. Ouers se eie geloofslewe is een van hierdie sake. Dit sluit in dat gekyk behoort te word of ouers self 'n gevestigde geloofsidentiteit het. Indien nie, behoort ouers begelei te word om eers te verstaan wat die basis vorm vir hierdie identiteit en dit dan prakties te kan toe-eien.

Dit behoort gegrond te word op 'n deeglike doopteologie wat op 'n verbruikers vriendelike manier aan ouers oorgedra word sonder om die betekenis af te water. Ouers moet dan ook begelei word om later hierdie inligting met hul kinders te kan deel.

'n In-diepte doopkursus met praktiese geleenthede kan predikante help om die verskeie sake wat tydens doopkategese oorgedra wil word, goed by ouers in te skerp. Die belangrikheid van ouers se eie groei moet baie strategies ernstig beklemtoon word. Dit kan byvoorbeeld gedoen word deur verskillende scenarios te skets en vir ouers te vra hoe hul dink dit sou uitspeel indien ouers en kinders 'n gevestigde geloofsidentiteit het en hoe dit sou uitspeel indien dit nie die geval is nie. Hierdie tipe oefening behoort ouers te help om te begin insien dat hul eie geloofsgroei deurentyd genoeg aandag behoort te kry.

Aandag behoort geskenk te word aan geloofsdisziplines. Daar kan gekyk word watter geloofsdisziplines deur ouers beoefen word en watter nie. Hier kan dan ook baie prakties gewerk word saam met ouers om hul te help om geloofsdisziplines gevestig te kry. Dit sluit baie spesifiek stiltetyd in. Ouers behoort ook begelei te word om hierdie selfde disziplines aan hul kinders te kan oordra. Ouers behoort kinders te begelei in die uitleef van hierdie disziplines, dus is deurlopende begeleiding nodig van die ouers se kant af.

Vanuit die studie is dit duidelik dat slegs doopkategese nie voldoende is om ouers toe te rus vir die 18 jaar wat daarna voorlê tot hul kinders belydenis van geloof aflê nie. Daar behoort dus ernstig gekyk te word na maniere waarop ouers andersins begelei kan word. 'n Sinvolle voorstel vanuit die navorsing is om doop pare wat byvoorbeeld in dieselfde jaar gedoop het, in groepe bymekaar te kry om mekaar te kan ondersteun. Hierdie groepe kan as dissipelskapgroepe dien, waar groepe mekaar begelei en toerus.

Toerustingsgeleenthede blyk onontbeerlik te wees in 'n gemeente se begeleiding van ouers. Alhoewel gemeentes self die frekwensie en styl kan bepaal, is daar sekere sake wat belangrik blyk te wees. Dit is nodig om dieselfde inligting te herhaal, maar dan toegepas op 'n volgende lewensfase. Die fokus behoort definitief ouers se eie geloofslewe te bly insluit saam met geloofskwessies wat van toepassing is op die verskillende lewensfases waarin kinders mag wees. Dit beteken dat ouers gehelp word om hul kinders te begelei in terme van spesifieke stadiums wat hul deurgaan. Rituele vir oorgangsfases kan hieraan gekoppel word.

Ouers behoort gehelp te word met praktiese maniere waarop hul geloofsidentiteit by hul kinders kan vestig. Familie rituele is een manier wat aan ouers voorgehou kan word. Dit kan daagliks wees om byvoorbeeld na 'n spesifieke ete doelbewuste geloofsgesprekke te voer of huisgodsdiens te hou. Dit kan wees om die tyd in die kar op pad skool toe of op pad met vakansie te gebruik om verhoudings in die gesin te versterk en bevestig. Dit kom egter daarop neer dat ouers moeite doen om doelbewuste momente te skep waar geloofsbegeleiding plaasvind. Ouers mag nooit dink dit is voldoende om hul kinders kerk en kategese toe te neem maar nooit 'n gesprek met hul kinders hoef te voer oor geloof, nie. Te veel kere het die navorser al met adolessente gesels en dan kan hulle nie oor hul verhouding met die Here praat nie, want hul word nie andersins daaroor gevra nie. Hul word ook nie geleer hoe om oor hul geloof te gesels nie. Ouers behoort daarom ook begelei te word om die belang van natuurlike geloofsdeling te verstaan. Dit gebeur waar hulle aan die hand van daaglikse gebeure hul belewenis van God se teenwoordigheid in hul lewens beleef. Deur dit te deel soos hulle dit beleef, skep dit 'n gemaklikheid by hulle kinders om oor God en geloof te praat. Net soos wat ouers herhalend die geloofsdisziplines met hulle kinders behandel, behoort die kerk herhalend met ouers in gesprek te wees om seker te maak hul kan aangaan met hierdie belangrike werk.

In die tyd waarin daar geleef word, vind kinders en adolessente dit baie moeilik om nie te struikel nie. Daar is soveel uitdagings en dinge waaraan hul voortydig blootgestel word weens verskeie redes. Ouers kan nie bekostig om maar te hoop dat hul kinders staande sal bly nie. 'n Sterk geloofsidentiteit is nodig vir adolessente om 'n sinvolle pad te kan stap in 'n wêreld wat deurmekaar is.

Verandering vind plaas in mense se lewens wanneer taal en kultuur verander. Gemeentes behoort aandag te gee aan hul eie taal en doelbewuste pogings om lidmate te help om hul taal te verander. Wanneer taal verander, sal mense se denke en dus ook hul optrede verander. Een van die groot take in hierdie verband is om vir mense te leer dat hul identiteit in die eerste plek gevestig is in hul verhouding met die Drie-enige God.

Die navorsing is op grond van die resultate van die navorsing sterk onder die indruk dat die kerk baie ernstig behoort te kyk na doopprediking en -onderrig. Lidmate wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het en wat lankal reeds gelowig is en deel is van die kerk, se kennis en verstaan van die ryke betekenis van die doop is baie skraker as wat verwag sou word. Die kerk het ook 'n ernstige verantwoordelikheid om mense te leer, net soos wat ouers die verantwoordelikheid het om hul kinders te leer.

#### 6.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is gesien dat die leemtes wat raak gesien word in die Belydenisklasse reeds by doopkategese aangespreek kan word. Indien ouers hierdie insig kan kry, en sinvol begelei word op die pad deur hul gemeente, is dit moontlik dat gemeentes 'n verandering kan sien in die adolesente wat uiteindelik in die belydenisklas sit. Die resultaat hiervan kan heel moontlik wees dat adolesente meer betrokke raak en bly by die gemeente.

'n Ander resultaat kan moontlik ook wees dat al meer ouers meer sal betrokke raak by die gemeente omdat hul die waarde van die geloofsgemeenskap duideliker ervaar. Dit behoort daartoe te lei dat hul meer vrymoedig sal wees om die kerk om leiding te vra wanneer nodig.

Dit is vanuit hierdie studie dus duidelik vir die navorsing dat doopkategese 'n belangrike rol bly vervul in gemeentes solank dit sinvol aangebied word en ouers inkoop in wat hul verantwoordelikheid behels en moeite doen om voluit daarmee aan te hou.

## ADDENDUM 1

### GOEDKEURING VAN NAVORSING: NG NELSPRUIT-WESTERGLOED



*"Christus, alles en in almal"*

04 Februarie 2016

#### SERTIFIKAAT VAN GOEDKEURING DEUR DIE NAVORSINGSKOMITEE


Wie dit mag aangaan

Tydens 'n Kerkraadsvergadering van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Nelspruit-Westergloed gehou op 30 Augustus 2015, is dit goedgekeur dat ds Eliska Muller, 'n leraar van die Gemeente, navorsing mag doen aan die hand van persoonlike onderhoude met die Belydenisklas van 2015 asook hulle ouers.



(LOUIS KOTZE)

GEMEENTEBESTUURDER



 013-741-1355  admin@westergloed.co.za  Koraalboomstraat 36, Nelspruit  Posbus 16212, Nelspruit, 1200

## ADDENDUM 2

### TOESTEMMINGSBRIEF: OUERS



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Department of Practical Theology  
Faculty of Theology

Geagte \_\_\_\_\_

Ek, die ondergetekende, is met 'n MTh verhandeling binne die Departement Praktiese Teologie besig. My Studieleier is Prof Malan Nel. Die doel van die navorsing word hieronder uiteengesit. In die empiriese deel van my navorsing voer ek gesprekke met ouers en hulle kind in die Belysdenisklas rakende die navorsingstema. Ek vra hiermee vriendelik u samewerking om self aan die navorsing deel te neem. U ouer(s) se toestemming sal ook afsonderlik gevra word. U ouers moet ook u toestemming tot deelname onderteken asb.

**Projek titel:** "Doopkategese, Dooponderrig en Identiteitsvorming"

**Doel van die projek:** Die doel van die navorsing is om te ondersoek of ouers voldoende toegerus word tydens doopkategese om hul kinders te kan grootmaak met 'n sterk geloofsidentiteit. Hierdie inligting sal daar toe bydra dat doopkategese en ander toerusting meer sinvol aangebied kan word met die oogpunt dat ouers uiteindelik hul kinders kan begelei op 'n pad na geestelike volwassenheid. Deur die navorsing word gehoop om te leer hoe ouers hierdie rol verstaan en hoe hul dit uitgeleef het. Daarmee saam wil gekyk word na kinders se belewenis van hierdie pad.

**Prosedure:** Die navorsing sal aan die hand van onderhoude gebeur eers met die ouer(s) en dan 'n onderhoud met die kind wat tans in die belydenisklas is. Hierdie onderhoude sal 'n uur neem elk. Die navorsing sal dan gekompileer word in 'n skripsi en geeevalueer word aan die hand van die teoretiese navorsing.

**Regte en risiko:** Deelname aan die navorsing is vrywillig en deelnemers kan enige tyd onttrek uit die projek. Deelname hou geen risiko in vir deelnemers nie. Minderjarige deelnemers moet self toestemming gee, maar ook toestemming van ouer(s) hê om te kan deelneem aan die projek.

**Vertroulikheid:** Alle inligting wat versamel word tydens die onderhoude word as vertroulik beskou. Dit beteken ook dat ouer(s) en kinders se onderhoude nie aan mekaar bekendgemaak sal word nie, tensy spesifiek gevra word met altwee se toestemming. Deelnemers sal anoniem bly in die weergee van inligting in die skripsi en op geen manier identifiseer kan word nie.

**Toegang tot navorser:** Eliska Muller kan enige tyd gekontak word vir enige verdere inligting wat verlang word, by [eliska@westergloed.co.za](mailto:eliska@westergloed.co.za) of 082 335 4435.

Baie dankie vir u bereidheid om deel te neem aan hierdie studie. Onderteken asb die onderstaande verklaring om u toestemming te gee tot deelname aan die studie soos hierbo uiteen gesit.

---

Eliska Muller  
Navorser

---

Prof. Malan Nel  
Begeleier

Ek, \_\_\_\_\_, gee hiermee toestemming dat die inligting wat versamel word gedurende die navorsing gebruik mag word in die ondersoek soos hierbo verduidelik. Ek verstaan ook dat ek sonder benadering enige tyd van die projek mag onttrek.

Handtekening: \_\_\_\_\_

Department  
University of Pretoria  
Pretoria 0002 South Africa

Tel Number  
Fax Number

Email address  
[www.up.ac.za](http://www.up.ac.za)

## ADDENDUM 3

### TOESTEMMINGSBRIEF: ADOLESCENTE



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Department of Practical Theology**  
**Faculty of Theology**

Geagte \_\_\_\_\_

Ek, die ondergetekende, is met 'n MTh verhandeling binne die Departement Praktiese Teologie besig. My Studieleier is Prof Malan Nel. Die doel van die navorsing word hieronder uiteengesit. In die empiriese deel van my navorsing voer ek gesprekke met ouers en hulle kind in die Belysdenisklas rakende die navorsingstema. Ek vra hiermee vriendelik u samewerking om self aan die navorsing deel te neem. U ouer(s) se toestemming sal ook afsonderlik gevra word. U ouers moet ook u toestemming tot deelname onderteken asb.

**Projek titel:** "Doopkategese, Dooponderrig en Identiteitsvorming"

**Doele van die projek:** Die doel van die navorsing is om te ondersoek of ouers voldoende toegerus word tydens doopkategese om hul kinders te kan grootmaak met 'n sterk geloofsidentiteit. Hierdie inligting sal daar toe bydra dat doopkategese en ander toerusting meer sinvol aangebied kan word met die oogpunt dat ouers uiteindelik hul kinders kan begelei op 'n pad na geestelike volwassenheid. Deur die navorsing word gehoop om te leer hoe ouers hierdie rol verstaan en hoe hul dit uitgeleef het. Daarmee saam wil gekyk word na kinders se belewenis van hierdie pad.

**Prosedure:** Die navorsing sal aan die hand van onderhoude gebeur eers met die ouer(s) en dan 'n onderhou met die kind wat tans in die belydenisklas is. Hierdie onderhoude sal 'n uur neem elk. Die navorsing sal dan gekompileer word in 'n skripsie en geëvalueer word aan die hand van die teoretiese navorsing.

**Regte en risiko:** Deelname aan die navorsing is vrywillig en deelnemers kan enige tyd onttrek uit die projek. Deelname hou geen risiko in vir deelnemers nie. Minderjarige deelnemers moet self toestemming gee, maar ook toestemming van ouer(s) hê om te kan deelneem aan die projek.

**Vertroulikheid:** Alle inligting wat versamel word tydens die onderhoude word as vertroulik beskou. Dit beteken ook dat ouer(s) en kinders se onderhoude nie aan mekaar bekendgemaak sal word nie, tensy spesifieke gevra word met altwee se toestemming. Deelnemers sal anoniem bly in die weergawe van inligting in die skripsie en op geen manier identifiseer kan word nie.

**Toegang tot navorsing:** Eliska Muller kan enige tyd gekontak word vir enige verdere inligting wat verlang word, by [eliska@westergloed.co.za](mailto:eliska@westergloed.co.za) of 082 335 4435.

Baie dankie vir u bereidheid om deel te neem aan hierdie studie. Onderteken asb die onderstaande verklaring om u toestemming te gee tot deelname aan die studie soos hierbo uiteen gesit.

---

Eliska Muller  
Navorsier

---

Prof. Malan Nel  
Begeleier

Ek, \_\_\_\_\_, gee hiermee toestemming dat die inligting wat versamel word gedurende die navorsing gebruik mag word in die ondersoek soos hierbo verduidelik. Ek verstaan ook dat ek sonder benadeling enige tyd van die projek mag onttrek.

Ek, \_\_\_\_\_, ouer van \_\_\_\_\_, gee hiermee toestemming dat my kind as 'n minderjarige mag deelneem aan hierdie navorsingsprojek.

Handtekening Tiener: \_\_\_\_\_

Handtekening Ouer: \_\_\_\_\_

Department  
University of Pretoria  
Pretoria 0002 South Africa

Tel Number  
Fax Number

Email address  
[www.up.ac.za](http://www.up.ac.za)

**ADDENDUM 4**  
**KWALITATIEWE NAVORSING**  
**ONDERHOUDE: OUERS**

Basiese inligting:

Naam en van

Ouderdom

Hoeveelheid kinders en hul ouerdomme?

Waar pas die kind wat deelneem, in die gesin in?

Is hierdie kind gedoop as baba?

1. A. Het jul doopkategese deurgegaan met die doop van jul kind?
  - B. Indien jul kind nie gedoop is nie, wat was die beweegrede?
2. In watter mate het die doopkategese julle gehelp?
3. Hoe verstaan jy die betekenis van die doop?
4. A. Watter rol speel die doop en die betekenis daarvan in jou lewe?
  - B. Watter rol speel die doop en die betekenis daarvan in jul gesin se lewe?
5. A. In watter mate het die doopkategese jou gehelp in die ontwikkeling van (OF jou Deelname aan) jou kind se geloofsidentiteit?
  - B. Wat is jou indruk – watter rol speel die doop en die betekenis daarvan in sy of haar lewe?
6. A. Op watter ander maniere het jy ook meegewerk aan jou kind se identiteitsvorming?
  - B. Indien jy voel jy het nie genoegsaam deelgeneem aan jou kind se identiteitsvorming nie, wat sal jy dink is die rede daarvoor?
7. In watter opsig sou die gemeente jou kon gehelp het om (na doopkategese) toegerus te word in jou deelname aan jou kind se geloofsontwikkeling?

**ADDENDUM 5**  
**KWALITATIEWE NAVORSING**  
**ONDERHOUDE: ADOLESCENTE**

Basiese inligting:

Naam en van

Ouderdom

Ouers: Getroud / Geskei / Hersaamgestelde gesin / Ander?

Waar pas jy in tussen broers / susters?

Is jy gedoop?

1. A. Hoekom is jy in die belydenisklas?
  - B. Wat is jou verwagting vir hierdie jaar?
2. A. Wat beteken jou verhouding met God Drie-enig?
  - B. Tot watter mate het jy sekerheid oor jou verhouding met God?
3. Hoe verstaan jy die doop?
4. In watter mate het jou ouers jou gehelp om te verstaan van jou/die doop?
5. Watter rol het jou ouers se hulp gespeel in die ontwikkeling van jou geloofsidentiteit?
6. Watter rol het jou ouers gespeel in jou geloofsreis?
7. As jy terugkyk, wat sou jou ouers nog kon doen om jou te help?

## BIBLIOGRAFIE

- Anderson, E B 2003. *Worship and Christian Identity. Practicing Ourselves.* Collegeville, Minnesota: The Liturgical Press.
- Avenant, J C 2011. *Die verhouding Ouermentoraat, Geloofsidentiteit en Betrokkenheid van Jongmense na Belydenisaflegging.* Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Avenant, J & Hoffman, L 2015. *Geloofsvorming*, in Nel, M en Van der Westhuizen, Z (reds), *Skokkend Positief*, 25-36. Wellington: Bybelkor.
- Barnard, A C 1984. *Ek is gedoop.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.
- Berkouwer, G C 1969. *The Sacraments.* Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company.
- Bons-Storm, R 2002. *The importance of life and faith histories in the methodology of Practical Theology.* HTS Teologiese studies/Theological studies 58 (no. 1): 26-42.
- Browning, D S 1997. *From culture wars to common ground. Religion and the American family debate.* Louisville, KY: Westminster John Knox Press.
- Browning, R L & Reed, R A 1985. *The Sacraments in Religious Education and Liturgy.* Birmingham: Religious Education Press, Inc.
- Brownson, J V 2007. *The Promise of Baptism: An Introduction to Baptism in Scripture and the Reformed tradition.* Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.
- Bunge, M J 2008. *Biblical and Theological Perspectives on Children, Parents, and 'Best Practices' for Faith Formation.* Dialog: A Journal of Theology vol 47, number 4: 348-360.
- Burger, C W 2007. *Die lang pad van bekering. Deel 5. Wat kan Gereformeerde kerke leer uit die kategumenaatproses?*, in Ned. Geref. Teologiese Tydskrif Deel 48 Nommers 3 & 4. September & Desember 2007 p436-445. Stellenbosch: Fakulteit Teologie.

Burger, C 2014. *Deel 1: Op soek na 'n beter pad...*, in Burger, C & Cilliers, A. *Ontvang wat vir jou gegee is*. Wellington: Bybelkor.

Burger, C W en Wepener, C J 2007. *Die lang pad van bekering. Deel 3. Die Reformasie se reaksie op die verval van die kategumenaat en doop- en leringspraktyke in die Middeleeuse kerk*, in Ned. Geref. Teologiese Tydskrif Deel 48 Nommers 1 & 2. Maart en Junie 2007 50-59. Stellenbosch: Fakulteit Teologie.

Campbell, W S 2008. *Paul and the Creation of Christian identity*. Londen: T & T Clark.

Cilliers, A 2014a. *Deel 2: Die vyf gawes wat ons by die doop ontvangs*, in Burger, C. & Cilliers, A. 2014. *Ontvang wat vir jou gegee is*. Wellington: Bybelkor.

Cilliers, A 2014b. *Bylae*, in Burger, C. & Cilliers, A. 2014. *Ontvang wat vir jou gegee is*. Wellington: Bybelkor.

De Villiers, D W 1957. *Die Kategese in die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika: 'n Prinsipiële, historiese en praktiese ondersoek van die kategese in die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika*. Pro Rege Pers Beperk: Universiteit van Stellenbosch

De Wet, D C 2003. *'n Gemeenskapsgerigte model vir die geloofsvorming van tieners in die verbondsgesin deur middel van simbole en rituele*, in HTS Teologiese studies/Theological studies 59(4) 2003 1461-1485.

Dean, K C 2004. *Practicing Passion: Youth and the Quest for a Passionate Church*. Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company.

Freudenberg, B 1998. *The Family Friendly Church*. Loveland: Group

Garland, D R 1999. *Family Ministry. A Comprehensive Guide*. Downers Grove: InterVarsity Press.

Groenewald, J 2003. *The Foundation, value and meaning of baptism in the New Testament*. HTS Teologiese Studies; Vol 59, No 2 (2003), 367-383.

Harold, G 2012. *Will Our Children Have Faith? A Call for Generational Faith-Transference*, in The South Africa Baptist Journal of Theology: 142-150.

Heyns, J A 1987. *Dogmatiek*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Kategese-taakspan van die Sinode 2016. *Geloofsvorming herontwerp*. Wellington: Bybel-Media.

Kim, J 2007. *Cognition and Faith Formation: A reflection on the Interrelationship of Schema, Thema and Faith*, in The Christian Education Journal, Series 3, 4/2:308-321.

König, A 1986. *Die doop as Kinderdoop én Grootdoop*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Koopman, N N 2005. *Who am I or Whose am I? Christian baptism and identity*, in Ned. Geref, Teologiese Tydskrif Deel 46 nommers 1&2 Maart & Junie, 448-457.

Lam, H n.d. *Godsdienstige opvoeding in het gezin*, in Heitink, G & Hogenhuis, H (reds.), *Kerk en jongeren. Werkboek ten dienste van het jeugd- en jongerenpastoraat*. 2e uitg., 57-65. Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.

Martinson, R & S A 1998. *Work of Families: Roles of Families. The Nature of Parenting*, in Anderson, H et al (reds). *The Family Handbook*, 63-70. Louisville, KY: Westminster John Knox Press.

McKim, D K 1988. *Theological Turning Points. Major Issues in Christian Thought*. Atlanta: John Knox Press.

Nel, M 1994. *Gemeentegebou*. Halfway House: Orion.

Nel, M 2001. *Jeugbediening. 'n Inklusiewe benadering*. Bloemfontein: Barnabas.

Nel, M 2009. *Inviting and initiating youth into a life of discipleship*. In Verbum et Ecclesia 30(2), Art. #344, 11 pages. DOI: 10.4102/ve.v30i2.344.

Nel, M 2015a. *Identity-driven Churches. Who are we, and where are we going?* Wellington: Biblecor.

Nel, M 2015b. *Imagine – making disciples in youth ministry...that will make disciples*, HTS Teologiese studies/Theological studies 71(3), Art #2940, 11 bladsye. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v71i3.2940>

Nortje, E 2011. *Doopkategese in Praktyk: 'n Studie in die Ring van Barberton*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Odendaal, H H 1979. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 2de uitg.* Johannesburg: Perskor-Boekdrukkery.

Olivier, J 1982. *Die ouerlike betrokkenheid by die kategese*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Osmer, R R 1996. *Confirmation. Presbyterian Practices in Ecumenical Perspective*. Louisville: Geneva Press.

Osmer, R R 2008. *Practical Theology: An Introduction*. Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company.

Post S G 1998. *Family*, in Anderson, H et al (eds). *The Family Handbook*, 21-23. Louisville, KY:Westminster John Knox Press.

Prins, J M G 2000. *Geloofsoortuigins, -ervarings en -gedrag van kerklik betrokke tieners – verslag van ‘n empiriese ondersoek*, in Ned. Geref. Teologiese Tydskrif Deel 41 nommers 1 & 2 Maart & Junie 2000, p15-27.

Sell, C M 1995. *Family Ministry*. 2<sup>nd</sup> ed. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

Strommen, M P & Hardel, R.A. 2000. *Passing on the Faith. A Radical New Model for Youth and Family Ministry*. Winona: Saint Mary’s Press.

Van der Merwe, J 2009. *Ontdek die Doop en Geloofsbevestiging*. in Wepener, C & Van der Merwe, J (reds). *Ontdekkings in die erediens*, 129-145. Wellington: Lux Verbi.

Van Dyken, D 2000. *Rediscovering Catechism. The Art of Equipping Covenant Children*. 4<sup>th</sup> ed. New Jersey: P&R Publishing Company.

Van Staden, T 2015. *Gesinne en Vriendskap*, in Nel, M en Van der Westhuizen, Z (reds). *Skokkend Positief*, p25-36. Wellington: Bybelkor.

Wepener, C J 2007a. *Die lang pad van bekeriging. Deel 1. Die opkoms van die kategumenaat in die Patristieke tyd*. Ned. Geref. Teologiese Tydskrif Deel 48 Nommers 1 & 2 Maart en Junie 2007 p307-317. Stellenbosch: Fakulteit Teologie.

Wepener, C J 2007b. *Die lang pad van bekering. Deel 2. Die verval van die kategumenaat in 'n Staatskerk.* Ned. Geref. Teologiese Tydskrif Deel 48 Nommers 1 & 2 Maart en Junie 2007 p307-317. Stellenbosch: Fakulteit Teologie.

Wepener, C J 2014. *Van voor die Wieg tot na die Graf. Rituele roetemerkers vir die drumpels van die lewe.* Wellington: Bybelkor.

Williams, D T 1995. *The baptism of anticipation: once more the infant baptism debate.* Religion & Theology vol 2/1 1995 p72-86.